# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

LIG IN DUISTERNIS

# HANDELINGE

## VAN DIE

# DERTIENDE SINODE

## GEHOU TE PRETORIA

## 29 AUGUSTUS TOT 2 SEPTEMBER 2010

Besluite van die Sinode soos opgeneem in hierdie dokument
is onmiddellik van krag by die publisering hiervan tensy anders vermeld

**Tipografiese uitleg:** **Adéle Geel**
**Gedruk & gebind deur:** **Copies for Africa**
Posbus 59432
Karenpark
www.copiesforafrica.co.za

**Verskyningsdatum:** XXXXXXXXXXXXXXXXXX

# INHOUDSOPGAWE

Die numering van die Handelinge sluit aan by die
laaste bladsy van die Sakelys vir die Dertiende Sinode


**SONDAG 29 AUGUSTUS 2010** 225

Verwelkoming 225
Openingsrede 225
Groeteboodskappe 225
Sangfees

**MAANDAG 30 AUGUSTUS 2010** 226

Eerste verslag: Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe (TKG 1) 226
Verslag: Sentrale Kerkekommissie (SKK) 227
Verslag: Sentrale Kerkekommissie (SKK) [vervolg] 231
Verslag: Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) 231
Tweede verslag: Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe (TKG 2) 234
Verslag: Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) [vervolg] 234
Verslag: Ad-hoc Kommissie vir Advies en Leiding 235
Verslag: Kommissie vir Formuliere en Liturgie (KFL) 235
Verslag: Gesamentlike Kerkkantoorkommissie (GKK) 235
Eerste verslag: Tydelike Kommissie vir Verlofaansoeke (TKV 1) 236
Broederlike gesprek 238

**DINSDAG 31 AUGUSTUS 2010**

Personeelwisselings 239
Verslag: Gesamentlike Kerkkantoorkommissie (GKK) [vervolg] 239
Personeelwisselings
Eerste verslag: Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling (TKM 1) 242
Verslag: Gesamentlike Kerkkantoorkommissie (GKK) [vervolg] 243
Verslag: Gesamentlike Kerkkantoorkommissie (GKK) [vervolg] 244
Verslag: Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) 245
Verslag: Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) [vervolg] 248
Tweede verslag: Tydelike Kommissie vir Verlofaansoeke (TKV 2) 251
Eerste verslag: Tydelike Kommissie vir Notule (TKN 1) 251
Verslag: Publikasiekommissie (Pk.) 251
Oorhandiging van Lig in Duisternis-prys 251
Verslag: Publikasiekommissie (Pk.) [vervolg] 251
Verslag aan die Sinode van 2010 oor DIE BOODSKAPPER en die jeugblaaie 253
Verslag: Kommissie vir Onderwys en Opleiding (KOO) 254

**WOENSDAG 1 SEPTEMBER 2010**

Verslag: Kommissie vir Onderwys en Opleiding (KOO) [vervolg] 255
Personeelwisseling 255
Verslag: Kuratorium (KUR) 256
Verslag: Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) [vervolg] 257
Tweede verslag: Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling (TKM 2) 259
Personeelwisseling
Verslag: Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) [vervolg] 260
Personeelwisseling
Verslag: Kommissie vir die Kerkargief (KKa) 267
Verslag: Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig (KJV) 269
Verslag: Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig (KJV) [vervolg] 270
Verslag: Derde Raad van die Afrikaanse Protestantse Akademie 271

Derde verslag: Tydelike Kommissie vir Verlofaansoeke (TKV 3) 272
Tweede verslag: Tydelike Kommissie vir Notule (TKN 2) 273
Verslag: Ad hoc-kommissie vir die Herskryf van Verbondsonderrigboeke en -Handleidings 274

**DONDERDAG 2 SEPTEMBER 2010**

Personeelwisseling 275
Verslag: Tydelike Kommissie vir die indeling van Ringe (TKR) 275
Derde verslag: Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling (TKM 3) 276
Tweede verslag: Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling (TKM 2) ?
Verkiesing: Verteenwoordigers op die Raad van die AP Akademie 276
Verslag: Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (TKKCE) 277
Vierde verslag: Tydelike Kommissie vir Verlofaansoeke (TKV 4) 278
Verslag: Tydelike Kommissie vir die samestelling van Permanente Kommissies (TKK) 278
Tweede Verslag: Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake (TKKS 2) 279
Derde Verslag: Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake (TKKS 3) 279
Behandeling van revisies 280
Verkiesing: GKK lede 280
Verslag: Sentrale Kerkekommissie (SKK) [vervolg] – Verslag van die Bybelgenootskap 282
Derde verslag: Tydelike Kommissie vir Notule (TKN 3) 282
Konstituering van Permanente Kommissies 282
Vyfde verslag: Tydelike Kommissie vir Verlofaansoeke (TKV 5) 283
Censura Morum 283
Mosies 283
Dankbetuigings 283
Afsluiting 283

**BYLAES**

Bylae 1: Openingsrede: Ds. MJ Hartzenberg 284
Bylae 2: Groeteboodskappe 285
Bylae 3: Sangfeesprogram 286
Bylae 4: Eerste verslag: Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe (TKG 1) 290
Bylae 5: Tydelike Kommissies 299
Bylae 6: Tweede verslag: Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe (TKG 2) 301
Bylae 7: Broederlike gesprek: Prof.JAE Adendorff 302
Bylae 8: Eerste verslag: Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling (TKM 1) 308
Bylae 9: Tweede verslag: Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling (TKM 2) 309
Bylae 10: Derde verslag: Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling (TKM 3) 310
Bylae 11: Verslag: Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (TKKCE) 311
Bylae 12: Eerste Verslag: Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake (TKKS 1) 312
Bylae 13: Tweede Verslag: Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake (TKKS 2) 312
Bylae 14: Derde Verslag: Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake (TKKS 3) 313
Bylae 15: Verslag: Tydelike Kommissie vir die indeling van Ringe (TKR) 314
Bylae 16: Verslag: Tydelike Kommissie vir die samestelling van Permanente Kommissies (TKK) 316
Bylae 17: Dankbetuigings: Prof. R Marè 318

# VOORWOORD

Die Dertiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het gekom en gegaan. Die Sakelys is afgehandel en *Die Handelinge* is die resultaat van die besinning gedurende die sitting.

*Die Handelinge* is die teken dat die sitting wel verby is maar nou moet die kerk volgens die besluite handel. Dit roep dus op tot daadwerklike optrede. Dit kan maklik gebeur dat ’n vergadering baie besluite neem en dan voortgaan met sy bedrywighede asof daar niks besluit is nie. Tydens die Broederlike Gesprek is die gevaar genoem dat dit wil voorkom of ons net besig is met eie interne sake en dat die ware taak van die kerk verlore kan gaan. Dit mag dalk belangriker word om finansieel te oorleef as wat dit is om die boodskap van Lewe uit te dra.

Die besluite wat in *Die Handelinge* opgeteken is, moet ons toerus en vaartbelyn maak om ons werklike roeping as kerk na te kom. Hier is besluite geneem wat die interne reëlings in die plaaslike gemeente orden. Wat ons verhoudinge met mekaar as deelgenote van dieselfde kerkverband reguleer. Wat ons standpunte oor aktuele sake uitspel en nog baie meer. Die belangrike is egter dat die dinge alles moet meewerk om die boodskap van Jesus Christus bekend te maak. ’n Taak vir elke lidmaat in ons kerkverband om elke dag mee besig te bly. Hieraan moet ons identiteit gemeet en ons waarde bepaal word. Aan hierdie boodskap moet ons geken word. Die woorde van Paulus aan Timòtheüs moet ook vir ons ’n mikpunt wees: *...verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;...* (2 Tim.4:2). Hiermee moet ons besig bly.

*Die Handelinge* is ook ’n bewys van die harde werk wat die skribaat tydens die Sinode gedoen het. In besonder word prof. JAE Adendorff en ds. HSW Strauss bedank vir die afronding van hierdie groot taak. Laat ons as kerkrade en lidmate die goeie werk voortsit deur uitvoering te gee aan die besluite wat geneem is en getrou ons roeping vervul.

**IA Brink**
**(Voorsitter SKK)**

# AMPTELIKE OPENING VAN DIE DERTIENDE SINODE VAN DIE AP KERKVERBAND IN DIE ZK MATTHEWS SAAL, UNISA – SONDAG 29 AUGUSTUS 2010

## 1 VERWELKOMING

Prof. IA Brink, waarnemende voorsitter kragtens Bepaling 41E van die Kerkorde, verwelkom die afgevaardigdes en teenwoordige lede by die opening van die Dertiende Sinode.

## 2 OPENINGSREDE

(Bylae 1 – Handelinge bl. 284)

Ds. MJ Hartzenberg (AP Kerk Oudtshoorn) neem die openingsrede waar. Hy lees Openb. 4:8 en 9; 5:8-14 en preek aan die hand van die tema *Die gesindheid en wyse waarop ons die Here loof.* Ná die openingsrede verloop die program soos op die skriftelike program aangedui.

## 3 GROETEBOODSKAPPE

(Bylae 2 – Handelinge bl.285 )

Die volgende persone se groeteboodskappe aan die Sinode word voorgelees:

Dr. Pieter van Jaarsveld, namens die NG Kerk Vrystaat.
Ds. Hendrik Hefer, namens die KGKSA.
Ds. Pieter Kurpershoek, namens die GKSA.

## 4 SANGFEES

(Bylae 3 – Handelinge bl. 286)

‘n Sangfees met woord en lied word aangebied met die tema: *... alles wat asem het!*

# EERSTE SITTINGSDAG – MAANDAG 30 AUGUSTUS 2010

## EERSTE SESSIE – 10:00 TOT MIDDAGETE

Ds. JH Bisschoff (Olifantshoek) lei die voorsang. Dr. RW Louw (Heidelberg-Kaap) behartig die orrelbegeleiding vir die duur van die Sinode, tensy anders aangedui.

### 1 OPENING OM 10:00

1.1 Prof. IA Brink, die voorsitter van die vorige Sinode (Bepaling 41E), tree as waarnemende voorsitter op.

1.2 Prof. FAH van Staden (Welbekend) neem die opening waar as die dienende predikant wat die oudste in jare is (Bepaling 41E). Hy lees Rom. 11:33-36. Hy beklemtoon veral vers 36 en sluit af met 'n gebed, waarna die afgevaardigdes Ps. 25:2 sing.

1.3 Volgens reëling deur die SKK, kragtens sy lasgewing, is ds. A Hough (Tzaneen) en ds. HSW Strauss (Hoëveld-Ermelo) aangewys as waarnemende skriba en hulpskriba om die skribaat te behartig, totdat die skribaat verkies is. Aangesien ds. Hough skielik siek geword het, neem prof. JAE Adendorff sy plek as waarnemende skriba in.

### 2 VERWELKOMING

**2.1 Waarnemende voorsitter**

Die waarnemende voorsitter bedank prof. FAH van Staden vir die opening en verwelkom alle afgevaardigdes by die Dertiende Sinode, asook die personeel van die Sentrale Kerkkantoor wat met die administrasie behulpsaam sal wees.

**2.2 AP Kerk Wonderboom**

Prof. GDS Smit, *pastor loci*, heet die afgevaardigdes namens die kerkraad en gemeente welkom.

### 3 EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG 1)
(Bylae 4 – Handelinge bl. 290)

Ds. PG Stans (Kathu) hou die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem.

2. **OPDRAG** – Kennis geneem.

3. **BEVINDING** – Kennis geneem.

   (Kyk Bylae 4 vir teenwoordigheidslys)

4. **AANBEVELING**

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.1 Die Sinode word gekonstitueer.**

Die waarnemende voorsitter verklaar die vergadering amptelik gekonstitueer as Dertiende Sinode van die AP kerkverband met 286 afgevaardigdes teenwoordig wat voor 09:00 vanuit 146 gemeentes geregistreer het.

5. **VERSKONINGS**

**5.1 Die volgende 62 gemeentes het verskoning gemaak** – Kennis geneem.

**5.2 Die volgende afgevaardigdes het verskoning gemaak** – Kennis geneem.

6. **STEMREG** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS MET WYSIGINGS GOEDGEKEUR:**

**6.1 Indien die gemeente met aanvang van registrasie van die Sinode op 30/08/2010 nog nie 'n reëling met die GKK getref het nie, het so 'n gemeente nie stemreg tydens die sinode nie. (vgl. Bylae GKK 1 - Sakelys, bl. 59)**

**6.1.1 Die Sinode besluit die volgende gemeentes het nie stemreg nie: Grens; Groter-Durban; Hanover; Hoëveld; Odendaalsrus; Richardsbaai; Sasolburg; Steynsrus; Utrecht; Weskus en Zoar.**

**6.2 Die Sinode keur goed dat afgevaardigdes van oorsese gemeentes in hoogs uitsonderlike gevalle via die internet kan registreer vir deelname aan die Sinode met keurstem. Die koste van sodanige skakeling is vir koste van die plaaslike gemeente. Die SKK moet voor die aanvang van die Sinode oor elke sodanige geval, die omstandighede ondersoek en 'n aanbeveling aan die Sinode voorlê.**

**6.3 Die Sinode besluit om die afgevaardigdes van AP Kerk Engeland en Wallis met keurstem tot die vergadering toe te laat.**

### 4 AANWYSING VAN STEMOPNEMERS EN -TELLERS

Die name van die volgende afgevaardigdes word voorgelees en goedgekeur as stemopnemers en stemtellers:

Oudle. LA Greeff (Bainslvlei), JJH van Staden (Ellisras), AP Graaff (Frankfort), MC Mouton (Heilbron), GJ van Niekerk (Hoëveld-Ermelo), FW Fuls (Lydenburg), JA Beukes (Ottosdal), RL van Tonder (Sannieshof), di. H Scherman (Pietersburg) sameroeper, LD Pienaar (adviserend).

### 5 GOEDKEURING VAN ORDEREËLINGS

Die vergadering keur die ordereëlings (Sakelys bl. ii) goed met die wysiging dat prof. JAE Adendorff vir ds. A Hough as tydelike skriba van die Sinode vervang.

### 6 NOMINASIES VIR VOORSITTER

Die waarnemende voorsitter versoek die vergadering om nominasies in te dien vir die verkiesing van die voorsitter.

### 7 TYDELIKE KOMMISSIES
(Bylae 5 – Handelinge bl. 299)

**BESLUIT GOEDGEKEUR:**

**7.1 Die name van persone wat op tydelike kommissies dien, verskyn op die bord net voor die verhoog en word goedgekeur.**

## 8 GOEDKEURING VAN SAKELYS EN DAGPROGRAM

Die Sakelys en Dagprogram (SAKELYS bl. iii-vi) word goedgekeur.

## 9 VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)

(SAKELYS bl. 1)

Ds. CA Swanepoel hou die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem.

2. **VERGADERINGS** – Kennis geneem.

3. **SINODALE OPDRAGTE 2007** – Kennis geneem.

3.1 **BEDIENING AAN LIDMATE IN DIE BUITELAND** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 304) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**3.1.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds weë te ondersoek om lidmate wat in die buiteland woon, te bedien.**

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**3.1.2 Die Sinode neem kennis van *The Independent Church of Francistown* se versoek aan die SKK tot engere korrespondensie. Die Sinode gee die SKK opdrag tot verdere samesprekings, soos versoek, ook met die oog op 'n moontlike ooreenkoms tot bedieningshulp.**

**Di. P Janse van Rensburg; AS Kruger**

3.2 **GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE (kerke in die buiteland)** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 304) – Kennis geneem.

3.3 **WEBBLAD VAN DIE AP KERK** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 304) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**3.3.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om ondersoek te doen hoe lidmate wat in die buiteland of in Suid-Afrika op afgesonderde plekke woon, deur middel van die webblad bedien kan word.**

3.4 **KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 304) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**3.4.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om met waarnemerstatus by die Konvent aan te bly.**

3.5 **PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK – Ingebruikneming** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 304) – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.5.1 Die Sinode keur die optrede van die kommissie goed.**

**3.5.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om te oorweeg of 'n sangfees in 2012 rondom die 25ste bestaansjaar van die AP kerkverband gehou kan word.**

3.6 **GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2007** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 305) – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.6.1 Die Sinode versoek kerkrade om die publikasie *JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK* as projek vir gemeentebou deur te werk. So word aandag gegee aan die praktiese doen van evangelisasie, sending en barmhartigheid.**

3.7 **STRANDDIENSKAMPE** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 306) – Kennis geneem.

3.8 **DIE OPENINGSREDE BY 'N SINODE** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 306) – Kennis geneem.

**VOORSTELLE GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode betuig sy dank teenoor die Reëlingskomitee en die SKK vir die besondere openingsgeleentheid van die Dertiende Sinode van die AP Kerk soos gehou op Sondag 29 Augustus 2010 en besluit:**

**1. Dat die program in sy geheel in die Handelinge van die Sinode opgeneem word.**

**2. Dat afgevaardigdes en waar moontlik gemeentes in die toekoms ernstig versoek sal word om, gegewe die besonderse aard en inkleding van die geleenthede, te beplan en regtig moeite te doen om dit by te woon.**

**Prof. SD Nel; ds. IP du Preez**

**Die Sinode dra dit aan die SKK op om in die beplanning van die volgende sinode die opening van die sinode nie op die Sondagaand te hou nie.**

**Ds. PG Stans; oudl. LW Germishuys**

3.9 **VOLKSHULP 2000** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 308) – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.9.1 Die Sinode versoek kerkrade om samewerking met Volkshulp 2000 te oorweeg. Diakonieë kan as skakel tussen skenkers en Volkshulp 2000 optree en self in eie gebiede – met die ondersteuning van Volkshulp 2000 – by armesorg betrokke raak.**

**3.9.2 Die Sinode versoek die Raad van die AP Akademie om ondersoek te doen na die lewensvatbaarheid van die opleiding van maatskaplike werkers.**

**3.9.3 Die Sinode versoek ringe om Diakonale Rade in rings-**

**gebiede tot stand te bring ten einde gesamentlik oor die opdrag om barmhartigheidswerk te doen, te besin.**

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode neem kennis van die aksie Oranje Selfhelp in Bloemfontein wat geruime tyd reeds vanuit AP Kerk Bainsvlei opereer en roep diakonieë op om ook met hulle saam te werk.**

**Dr. JP Bezuidenhout; ds. JA Jacobs**

3.10 **PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK OP LASERSKYF** (Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 338) – Kennis geneem.

3.11 **WOORDE VAN PSALMS EN GESANGE OP LASERSKYF** (Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 338) – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR**

**3.11.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om voort te gaan met die verkryging van die nodige regte om die woorde van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* op laserskyf te plaas vir gebruik met digitale borde asook vir die samestelling van 'n konkordansie.**

3.12 **OORTREDING VAN DIE GEBOOIE** (Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 341), Verslag KKCE (Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 345) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**3.12.1 Die Sinode versoek kerkrade en lidmate om by die media beswaar te maak oor enige misbruik van die Naam van die Here of enige ander sake wat die Woord verbied en die eer van God aantas.**

Die Mediakommissie word versoek om die aanbeveling in hulle eerste verslag op te neem.

3.13 **KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING** (Kyk Bylae SKK1) (Sakelys 2007, Verslae KKS en KKCE, bl. 44, pt. 4 en bl. 291-298, pt. 6; Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 349) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR**

**3.13.1 Die Sinode keur die verslag goed en besluit om die kerklike verbintenis van mense, sonder 'n huwelik soos deur wetgewing vereis, nie goed te keur nie.**

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode keur punt B8 op bl. 10 goed, nl. dat die SKK met ander denominasies onderhandel om die saak verder te hanteer.**

**Proff. R Marè; JAE Adendorff**

4. **STATISTIEK – 2007 tot 2009** – Kennis geneem.

5. **GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2007** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**5.1 Die Sinode dra dit aan ringe op om by ontbinding van gemeentes alle tersaaklike dokumente aan die Sentrale Kerkkantoor en Argief deur te stuur.**

**5.2 Die Sinode versoek ringe om sorg te dra dat lidmate van gemeentes wat ontbind het, geestelik versorg sal word.**

6. **LERAARS GEËMERITEER** – Kennis geneem.

7. **LERAARS UIT DIE BEDIENING** – Kennis geneem.

8. **LERAARS OORLEDE** – Kennis geneem.

9. **LERAARS TANS IN DIENS** – Kennis geneem.

Dr. JH Breytenbach van die AP Kerk Witbank word besonder verwelkom.

10. **LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET** (Kyk Bylae SKK 2 en 2.1) – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**10.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK 2 en 2.1.**

**10.2 Die Sinode betuig sy dank teenoor leraars wat reisende diens gelewer het en in besonder kerkrade wat dit vir hulle leraars moontlik gemaak het.**

**10.3 Die Sinode dra dit aan ringe op om toe te sien dat ouderlingerade van vakante gemeentes, die besluite soos vervat in Bylae 1 van die Kerkorde 2008, nakom.**

11. **PRAKTIESE HULP IN KLEINER GEMEENTES** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**11.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die AP Akademie wat sy program so reël sodat hierdie diens aan die kerkverband gelewer word.**

**11.2 Die Sinode versoek kerkrade om samewerking wanneer hulle gevra word om 'n student te gebruik as deel van die bedieningsprojek.**

12. **HULPBEHOEWENDE GEMEENTES EN EMERITUSHULPFONDS** (Kyk Bylae SKK 3 en 4) – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**12.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK 3.**

**12.2 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK 4.**

13. **GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE** – Kennis geneem.

13.1 **DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA** – Kennis geneem.

13.2 **REFORMED CHURCH OF THE NORTH SHORE, Auckland, New Zealand (RCNS)** – Kennis geneem.

**13.3 TUSSEN-KERKLIKE RAAD (TKR)** – Kennis geneem.

**13.4 KONFERENSIE VAN GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA (KGKSA)** – Kennis geneem.

**13.5 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK** – Kennis geneem.

**13.6 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**13.7 Kerkrade word daarop gewys dat lidmate wat na Australië of Nieu-Seeland verhuis, met veiligheid kan inskakel by die *Reformed Church of the North Shore* in Nieu-Seeland of die *Christian Reformed Church of Australia* in Australië.**

**13.8 Die Sinode dra dit aan die SKK op om tussen-kerklike gesprekke voort te sit en indien nodig, kundige persone te koöpteer.**

**13.9 Die Sinode keur goed dat die SKK wanneer daartoe uitgenooi, die vergaderinge van die TKR kan bywoon om gemeenskaplike sake te bespreek.**

**AANBEVELINGS MET WYSINGS (PROF. JAE ADENDORFF EN DS. HSW STRAUSS) GOEDGEKEUR:**

**13.10 KGKSA**

**13.10.1 Die Sinode erken die volgende lidkerke van die Konferensie van Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika as volwaardig Kerke van Christus met gereformeerde belydenis-grondslag: <u>Afrikaanse Reformatoriese Kerk (ARK), Vrye Gereformeerde Gemeente De Deur, Gereformeerde Protestantse Kerk (GPK) Brakpan, Die Gereformeerde Gemeente Die Môrester</u>.**

**13.10.2 Die Sinode erken die doop, sertifikate, attestate en ander tersaaklike dokumente van die <u>ARK, Vrye Gereformeerde Gemeente De Deur, GPK Brakpan, Die Gereformeerde Gemeente Die Môrester</u>.**

**AMENDEMENT NIE GOEDGEKEUR NIE:**

Die Sinode keur dit goed dat waar Kerkrade dit verlang, daar van leraars van die ARK, Vrye Gereformeerde Gemeente De Deur, GPK Brakpan, Die Gereformeerde Gemeente Die Môrester, gebruik gemaak kan word op dieselfde basis as leraars vermeld in Bylae 1, bl. 75, *Kerkorde 2008*. Dit behels dus 'n uitbreiding van Bylae 1 met verwysing na die KGKSA.

Prof. SD Nel; ds. IP du Preez

**AANBEVELINGS MET WYSINGS (DEUR PROF. JAE ADENDORFF EN DS. HSW STRAUSS) GOEDGEKEUR:**

**13.10.3 Die Sinode keur dit goed dat waar kerkrade dit verlang, kanselruiling tussen leraars van die AP Kerk en die <u>ARK, Vrye Gereformeerde Gemeente De Deur, GPK Brakpan, Die Gereformeerde Gemeente Die Môrester</u> kan plaasvind. Dit behels 'n uitbreiding van Sinodebesluit punt 1.3 en 1.4 soos opgeneem in Bylae 1, bl. 75 van die *Kerkorde 2008*.**

**13.11 GROETEBOODSKAPPE** (Bylae SKK 5) – Kennis geneem.

**14. SKAKELING MET DIE REGERING** – Kennis geneem.

**15. GESPREK MET TLU SA** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**15.1 Die Sinode verseker TLU SA van sy volgehoue ondersteuning en voorbidding.**

**15.2 Die Sinode neem met leedwese kennis van die toename in geweldsmisdade en in die besonder die talle plaasaanvalle en moorde op boere in ons land.**

**15.3 Die Sinode doen 'n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad en die vervolging van misdadigers.**

Die Sinode versoek dat aanbevelings 15.1-15.3 opgeneem word in die Mediaverslag.

**16. MEDIASKAKELING** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**16.1 Die Sinode versoek kerkrade om kerknuus vir moontlike uitsending oor die radio na die Sentrale Kerkkantoor te stuur.**

**17. RADIO PRETORIA** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**17.1 Die Sinode bedank Radio Pretoria vir die diens wat hulle lewer om leraars die geleentheid te gee om die evangelie te verkondig.**

**18. KORRESPONDENSIE** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**18.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die Sentrale Kerkkantoor vir die hantering van die korrespondensie en skakeling.**

**18.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor ds. W van Zyl vir sy hulp met die bedryf van die elektroniese diens om die hantering van korrespondensie te vergemaklik.**

**18.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en studente wat bereid is om met Woordverkondiging te help in gemeentes waar nood is.**

**19. SUSTERSWERKSAAMHEDE** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**19.1 Die Sinode bedank die gemeentes Wonderboom, Brits en Bainsvlei vir die organisering van die konferensies en moedig susters aan om by sulke konferensies in te skakel.**

**20. PREDIKANTE-KONFERENSIE** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**20.1 Die Sinode versoek kerkrade om dit vir hulle leraars moontlik te maak om die konferensies by te woon aangesien dit 'n skoling- en opknappingsgeleentheid is.**

**21. DIAKONALE KONFERENSIE** – Kennis geneem.

**22. SINODALE PUBLIKASIES** – Kennis geneem.

**22.1** ***ONTMOET DIE APK*** (Kyk Bylae SKK 6) – Kennis geneem.

**AANBEVELING – Kennis geneem.**

22.1.1 Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en Pk. om alle wysiginge te verwerk en finaal af te handel.

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om 22.1 terug te verwys na die SKK om weer te besin na aanleiding van die bespreking in die Sinode. Die Pk. kan hierby betrek word. Ander kundiges kan gekoöpteer word. By die volgende Sinode moet teruggerapporteer word. Persone wat insette wil lewer moet dit skriftelik indien voor 31 Jan. 2011.**

**Oudl. L Minnaar; ds. MJG Botes**

## 10 VERKIESING VAN VOORSITTER

Die waarnemende voorsitter vra dat die vergadering uit die volgende genomineerdes 'n voorsitter verkies:

Proff. JAE Adendorff; IA Brink; R Marè; GDS Smit; FAH van Staden; di. PA Bredenhann, MJ Hartzenberg, DJ Malan en WJD van Wyk (emeritus).

## 11 VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) [vervolg] (Sakelys bl. 6)

**22.2** ***ELKEEN ORAL GESTUURDE*** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**22.2.1 Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en Pk. om dit te wysig en finaal af te handel.**

Revisie is later oor hierdie besluit aangevra

## 12 AANKONDIGINGS

Groeteboodskappe van AP Kerk Philippolis en AP Kerk Vaalwater word voorgelees en enkele aankondigings word gedoen.

## 13 TAFELGEBED

Ds. CA Swanepoel doen 'n tafelgebed en die vergadering verdaag om 13:00 vir middagete.

# EERSTE SITTINGSDAG – MAANDAG 30 AUGUSTUS 2010

## TWEEDE SESSIE – NA MIDDAGETE TOT TEETYD

Die voorsang word gelei deur ds. A Boshoff (Viljoenskroon).

**14 AANKONDIGINGS**

Die waarnemende voorsitter doen enkele aankondigings en wens sekere broeders geluk met hul verjaarsdae.

**15 VERSLAG SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) [vervolg]** (SAKELYS bl. 6)

**22.3 SKRIFLIG OP KERK EN VOLK** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**22.3.1 Die Sinode besluit om die publikasie *SKRIFLIG OP KERK EN VOLK* te hersien met die oog op die uitbreiding van die geskiedkundige en filosofiese onderbou van die boekie asook die verrekening van soortgelyke situasies elders in die wêreld.**

**22.3.2 Die Sinode besluit om die volgende persone te benoem om *SKRIFLIG OP KERK EN VOLK* te hersien en af te handel: lede van die Publikasiekommissie en die SKK met die reg van koöptering van ander kundiges.**

Revisie is later oor lg. besluit (22.3.2) aangevra.

**23. BESKRYWINGSPUNTE**

**23.1 Ring van Roodepoort: Steun aan nie-politiese aksies** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**23.1.1 Die Sinode neem kennis van die werk van die VVK. Dit staan lidmate vry om die kommissie te ondersteun, maar dit is nie die taak van die kerk om dit te propageer nie. Die Sinode is 'n vergadering wat kerklike sake op kerklike wyse hanteer.**

**23.1.2 Die Sinode keur nie 'n spreekbeurt aan mnr. P Kruger goed nie.**

**23.2 Ring van Beaufort-Wes: Bediening in plattelandse gemeentes** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**23.2.1 Die Sinode wys kerkrade daarop dat die SKK genader kan word vir bedieningshulp, reisende leraars en beplanning van bediening vir kleiner gemeentes.**

**16 VERKIESING VAN VOORSITTER**

Die waarnemende voorsitter vra dat daar tussen proff. IA Brink en R Marè gestem word as voorsitter van die vergadering.

**17 VERSLAG SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) [vervolg]** (SAKELYS bl. 6)

**23.3 Ring van Clanwilliam: Bediening in Noord- en Wes-Kaap** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS MET NUMERIESE WYSIGINGS GOEDGEKEUR:

**23.3.1 Die Sinode neem kennis van die besonderse bedieningsnood in die Noord- en Wes-Kaap.**

**23.3.2 Die Sinode versoek dat leraars en gemeentes wat bereid is om vir 'n kalendermaand met bediening in dié gebied te help, met die Skriba van die Ring van Clanwilliam sal skakel.**

**23.3.3 Die Sinode keur die optrede van die SKK goed om die nood van AP Kerk Clanwilliam in *Die Boodskapper* sowel as op die webblad waar dit gouer opgemerk sal word, bekend te maak.**

**24. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA** (Kyk Bylae SKK 7) – Staan oor tot Donderdag 12:00 wanneer die verteenwoordiger van die Bybelgenootskap ter Sinode die verslag sal voorhou.

Die voorsitter bedank ds. C A Swanepoel vir die voordra van die verslag.

**18 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE)** (SAKELYS bl. 21)

Die verslag word voorgedra deur ds. WJA van Schalkwyk (Arnot/Hendrina).

**1. PERSONEEL** – Kennis geneem.

**2. VERGADERINGS** – Kennis geneem.

**3. SAKE DEUR VORIGE SINODE OPGEDRA** – Kennis geneem.

**4. NUWE SAKE: BESKRYWINGSPUNTE**

**4.1. Beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein: Bybelvertaling**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**4.1.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.**

ORDEVOORSTEL NIE GOEDGEKEUR NIE:

Die Sinode besluit dat punt 4.3 (Beswaarskrif vanaf AP Kerk Bloemfontein teen die ondermyning van Skrifgesag) verwys word na die TKKCE en dat dit later aan die orde kom.

Oudl. J Schlebusch

**4.2. Beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein: Skrifgesag** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS MET WYSIGING GOEDGEKEUR:**

**4.2.1 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt formeel ontvanklik is.**

**4.2.2 Die Sinode herbevestig die standpunt van die AP Kerk dat die ganse Heilige Skrif deur God geïnspireer is.**

**4.2.3 Die Sinode bevestig dat Gén. 1-11 beskou word as deel van God se heilshistoriese openbaring oor die skepping en die verdere ontstaansgeskiedenis van die mensdom.**

**4.2.4 Die AP kerkverband aanvaar dat groot dele van die boek Génesis deur Moses opgeteken is.**

**4.2.5 Die Sinode dra dit aan die AP Kerk-afvaardiging by die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek op om die AP kerkverband se oortuiging rakende Skrifgesag aan die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling in Afrikaans (KABA) te stel. Verder besluit die Sinode dat die AP Kerk se vertalers en afvaardiging na KABA konsekwent die standpunt sal handhaaf dat die ganse Heilige Skrif deur God geïnspireer is.**

**4.2.6 Die Sinode gee opdrag dat die AP Kerk-afvaardiging by die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek nie uit die projek moet onttrek nie, selfs al sou KABA nie bereid wees om die standpunt, soos in punt 4.2.5 hierbo gestel, te aanvaar nie. Sodoende kan ons voortdurend getuienis lewer rakende die feit dat die ganse Skrif deur God geïnspireer is.**

**AANBEVELING MET NUMERIESE WYSIGING – Kennis geneem.**

**4.2.7 Die eerste sinode ná die publisering van die brontaalgeoriënteerde vertaling sal DV handel oor die aanvaarding daarvan, al dan nie.**

## 19 UITSLAG VAN DIE VERKIESING VAN DIE VOORSITTER

Prof. IA Brink is as voorsitter verkies. Die vergadering sing hom Ps. 134:4 toe. Die voorsitter vra nominasies vir 'n ondervoorsitter.

## 20 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) [vervolg]

(Sakelys bl. 22)

**4.3 Beswaarskrif vanaf die AP Kerk Bloemfontein: Teen die ondermyning van Skrifgesag** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**4.3.1 Die beswaarskrif is formeel ontvanklik.**

**4.3.2 Die beswaarskrif word nie goedgekeur nie, aangesien die beswaarskrif geen nuwe getuienis lewer oor die grondteks wat nie reeds by verskeie sinodes oorweeg is nie.**

**AANBEVELING – Kennis geneem aangesien dit 'n bestaande sinodebesluit is.**

**4.3.3 Die Sinode volstaan met die besluit dat die *Nestlé-Aland/UBS*-uitgawes van die Nuwe Testament, met die relevante tekskritiese apparaat, tans as die beste bronteks beskou word en daarom as amptelike grondteks van die Nuwe Testament gebruik word.**

Revisie is later oor hierdie besluit aangevra

## 21 VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER

Die voorsitter vra dat die vergadering tussen proff. JAE Adendorff; R Marè, GDS Smit, FAH van Staden, di. WA Burger, MJ Hartzenberg en WJD van Wyk (emeritus) gestem moet word vir 'n ondervoorsitter vir die vergadering.

## 22 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) [vervolg]

(Sakelys bl. 31)

**4.4 Beskrywingspunt van die Ring van Germiston: Begrawe of verassing** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.4.1 Die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie.**

**4.5. Beskrywingspunt van die Ring van Middelburg: Doop van skoolgaande kinders** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.5.1 Die Sinode aanvaar dat dit die bedoeling van die Ring van Middelburg is dat die KKCE 'n voorgestelde advies aan die ring formuleer en dit aan hierdie Sinode vir keuring voorlê.**

**AANBEVELING VERWYS NA TKKCE VIR TERUGVOERING AAN DIE SINODE:**

**4.5.2 Die Sinode besluit dat**

**4.5.2.1 ongedoopte kinders van watter ouderdom ook al, wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, op versoek van die ouers wat lidmate is, ná 'n doopgesprek, gedoop mag word. Die formulier vir die kinderdoop moet gebruik word;**

**4.5.2.2 indien daar egter by die kind openlike verset teen enige punt van die belydenis van die kerk is, mag die kind nie gedoop word nie, maar moet hy of sy verder verbondsonderrig ontvang;**

**4.5.2.3 die kind ook nie gedoop mag word indien hy of sy 'n afstootlike lewenswandel het nie;**

**4.5.2.4 indien albei ouers onder sensuur is, mag die doop van hulle kind nie toegestaan word nie; sou een ouer nie onder sensuur wees nie, word die doop toegelaat en mag net daardie ouer by die doop die vrae van die formulier vir die doop van kinders beantwoord;**

**4.5.2.5 sodanige doop net aangevra kan word deur die wettige ouers (biologies of deur aanneming) van die kind, of deur een van daardie ouers; en**

**4.5.2.6 plaaslike kerke nie ongedoopte kinders mag doop wanneer die ouers skuldig staan aan die sake wat in punte 2.12 en 2.13 hieronder genoem is nie.**

**4.6 Beswaarskrif van die Ring van Lichtenburg: Teen huidige Afrikaanse vertaling van die ses Gereformeerde Belydenisskrifte** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.6.1 Die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.**

**4.7 Beswaarskrif van mnr. MF Kruger, lidmaat van die Afrikaanse Protestantse Kerk Waterberg: Ter helle neergedaal** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.7.1 Die beswaarskrif is ontvanklik.**

**AANBEVELINGS VERWYS NA DIE TKKCE:**

4.7.2 Daar word nie gevolg gegee aan die beswaar nie.

4.7.3 Die sinsnede *ter helle neergedaal* word verander na:

Huidige bewoording

*... gekruisig, gestorwe en begrawe is, en ter helle neergedaal het …*

Nuwe bewoording

*… gekruisig, gestorwe en begrawe is, en veral aan die kruis my deur sy onuitspreeklike helse lyding van helse benoudheid en pyn verlos het; …*

## 23 UITSLAG VAN DIE VERKIESING VAN DIE ONDERVOORSITTER

Prof. R Marè is as ondervoorsitter verkies. Hy word deur die voorsitter gelukgewens.

## 24 NOMINASIES VIR SKRIBA

Die voorsitter vra nominasies vir 'n skriba.

## 25 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) [vervolg]

(SAKELYS bl. 37)

**4.8. Beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein: Uitverkiesingsleer** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**4.8.1 Die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie.**

**4.8.2 Dit is nie in orde dat die Sinode versoek word om hom oor 'n advies uit te spreek nie. Indien iemand oor 'n advies nie tevrede is nie, kan hy beswaar aanteken teen spesifieke standpunte van die kommissie van die sinode en sy redes verstrek waarom dit nie aanvaarbaar is nie. Dan kan 'n Sinode gevra word om oor die standpunt van sodanige sinodale kommissie uitspraak te lewer.**

**AANBEVELING – Kennis geneem**

4.8.3 Die Sinode verwys die Ring van Bloemfontein na die sinodaal-goedgekeurde publikasie *ONTMOETINGSGESPREK*, waarin onder meer die leer van die uitverkiesing soos deur die Afrikaanse Protestantse Kerk in kerkverband verstaan, uiteengesit word. Die hoofstuk in die genoemde publikasie oor die uitverkiesing is deur ds. WJA van Schalkwyk geskryf.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.8.4 Die Sinode herbevestig die absolute noodsaaklikheid van hierdie publikasie.**

**4.9 Beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein: Kleuterkerk** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS MET NUMERIESE WYSIGING GOEDGEKEUR:**

**4.9.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**4.9.2 Die beskrywingspunt word terugverwys na die KKCE vir studie vir voorlegging tydens die volgende sinode.**

**4.10. VERSOEK OM ADVIES DEUR DIE SKK NA KKCE VERWYS: SONDAG VS. SABBAT** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.10.1 Die Sinode handhaaf die standpunt dat die rusdag op Sondag gevier word en nie op die Ou Testamentiese sabbatdag (Saterdag) nie.**

## 26 KOFFIETYD

Die vergadering verdaag vir koffie.

# EERSTE SITTINGSDAG – MAANDAG 30 AUGUSTUS 2010

## DERDE SESSIE – NA KOFFIETYD TOT AANDETE

Die samesang word gelei deur ds. PR Buitendag (Potgietersrus).

**27 VERKIESING VAN DIE SKRIBA**

Die voorsitter vra dat daar tussen die volgende persone gekies moet word: Proff. JAE Adendorff; FAH van Staden; SD Nel, di. AP Boshoff, MJ Hartzenberg, PS Krige, DJ Malan, HSW Strauss, PS Steyn, WJD van Wyk (emeritus) en oudl. Kasselman.

**28 TWEEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG 2)**
(BYLAE 6 – HANDELINGE bl. 301)

Ds. PG Stans (Kathu) hou die tweede verslag van die kommissie aan die vergadering voor.

1. Afgevaardigdes wat na 9:00 geregistreer het – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR**

**1.1 Die Sinode besluit om bogenoemde afgevaardigdes volle sittingsreg te verleen.**

1.2 Die getal stemgeregtigdes is 307 – Kennis geneem.

2. Gemeentes wat nie verskoning gemaak het nie – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**2.1 Die Sinode neem met misnoeë kennis van die gemeentes wat sonder verskoning afwesig is.**

**29 VERSOEK TOT REVISIE: PT 22.2.1 VAN DIE VERSLAG VAN DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE**
(SAKELYS bl 6; HANDELINGE bl. 230)

**VERSOEK TOT REVISIE TOEGESTAAN**

**Huidige bewoording: Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en Pk. om dit te wysig en finaal af te handel.**

**Nuwe bewoording: Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en Pk. om dit te hersien. Kerkrade het die geleentheid om voorstelle in te dien voor einde Januarie 2011. Die finale hersiene weergawe moet weer aan die sinode voorgelê word vir finale goedkeuring.**

Motivering:

**Die Sinode wil tog sekerlik eers enige wysigings aan sy amptelike sendingbeleid goedkeur voordat dit gepubliseer word.**

**Dr. JJ de Bruyn; ds. PS Krige**

**30 VERSOEK TOT REVISIE: PT 22.3.2 VAN DIE VERSLAG VAN DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE**
(SAKELYS bl 6; HANDELINGE bl. 231)

**VERSOEK TOT REVISIE TOEGESTAAN**

**Huidige bewoording: Die Sinode besluit om die volgende persone te benoem om *SKRIFLIG OP KERK EN VOLK* te hersien en af te handel: lede van die Publikasiekommissie en die SKK met die reg van koöptering van ander kundiges.**

**Nuwe bewoording: Die Sinode benoem die SKK en die Pk. om *SKRIFLIG OP KERK EN VOLK* te hersien. Ander kundiges mag gekoöpteer word. Die hersiene weergawe van die publikasie moet eers weer aan die sinode voorgelê word vir goedkeuring.**

Motivering:

**Die Sinode wil tog sekerlik eers 'n beleidmakende dokument goedkeur voordat dit amptelik word en gepubliseer word.**

**Dr. JJ de Bruyn; ds. PS. Krige**

**31 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) [vervolg]**
(SAKELYS bl. 43)

**AANBEVELING – Kennis geneem.**

4.10.2 Die Sinode versoek die Pk. om hierdie studiestuk in pamfletvorm aan lidmate beskikbaar te stel.

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode versoek die KKCE om 'n volledige studie te doen oor:**

**1. Die begronding vir die Sondagviering as viering van die kerklike rusdag.**

**2. Die onderskeid tussen Sondagviering en sabbatviering.**

**3. Die riglyne vir 'n geloofsgehoorsame Sondagviering.**

**4. Enige ander aspekte oor die Sondagviering wat uit die ondersoek na vore kom.**

**Dr. JH Breytenbach; oudl. HJ Botha**

**32 VERSOEK TOT REVISIE: PT 4.3.3 VAN DIE VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK** (HANDELINGE bl. 232)

**VERSOEK TOT REVISIE NIE TOEGESTAAN NIE:**

Die Sinode besluit dat die Nestlé-Aland/UBS-uitgawes van die Nuwe Testament met die relevante tekskritiese apparaat, tans as die beste bronteks beskou word en daarom as die amptelike grondteks van die Nuwe Testament gebruik word.

Oudl. J Schlebusch

**33 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTE-CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) [vervolg]**
(SAKELYS bl. 43)

**4.11 Voorstel van KKCE: Afsnydatum vir ontvangs van stukke vir sinode** – Kennis geneem.

**AANBEVELING MET WYSIGING GOEDGEKEUR:**

**4.11.1 Die Sinode besluit dat die afsnydatum vir die ontvangs van beskrywingspunte en beswaarskrifte vir die Sinode nie later nie as 30 Desember van die voorafgaande jaar by die SKK sal wees. Die saak word na die SKK verwys vir oorweging.**

**AANBEVELING – Kennis geneem.**

4.11.2 Die Sinode besluit dat enige stukke wat ná hierdie datum ontvang word, nie in die Sakelys opgeneem sal word nie.

**4.12 Voorstel van KKCE: Formaat vir ontvangs van beskrywingspunte en beswaarskrifte** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.12.1 Die Sinode besluit dat die enigste formaat waarin stukke vir 'n sinode in ontvangs geneem sal word, in *Microsoft Word* of 'n aanpasbare formaat opgestel sal wees. 'n Ondertekende kopie moet steeds aan die SKK gestuur word.**

**5. KORRESPONDENSIE** – Kennis geneem.

**5.1 Skrywe vanaf AP Kerk Gelofte-Pietermaritzburg** – Kennis geneem.

**6. Slot** – Kennis geneem.

Die voorsitter bedank ds. WJA van Schalkwyk vir die voordra van die verslag.

**34 VERKIESING VAN DIE SKRIBA**

Die voorsitter vra die vergadering om te stem tussen proff. SD Nel, JAE Adendorff en ds. HSW Strauss.

**35 VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING** (SAKELYS bl. 45)

Die verslag word voorgedra deur prof. SD Nel.

**1. PERSONEEL** – Kennis geneem.

**2. OPDRAG** – Kennis geneem.

**3. HANTERING** – Kennis geneem.

**3.1 AP KERK KRUGERSDORP** – Kennis geneem.

**3.2 AP KERK ALBERTON** – Kennis geneem.

**3.3 AP KERK BRONKHORSTSPRUIT** – Kennis geneem.

**3.4 AP KERK VORENTOE** – Kennis geneem.

**3.5 AP KERK RIVERSDAL** – Kennis geneem.

**ORDEMOSIE NIE GOEDGEKEUR NIE:**

1. Dat die hele saak rondom die verlies van status van dr. RW Louw na die TKKS of 'n kommissie soos wat die sinode mag aanwys verwys word vir ondersoek en dat dit tydens hierdie Sinodesitting afgehandel sal word.

2. Die verlies blyk onkerkordelik te wees volgens advies van Kerkregkenners.

Oudl. GJA Beetge

**3.6 AP KERK VREDE** – Kennis geneem.

**3.7 AP KERK THABAZIMBI** – Kennis geneem.

**3.8 AP KERK BUHRMANNSDRIF** – Kennis geneem.

**VOORSTEL NIE GOEDGEKEUR NIE:**

Die Sinode neem die leiding sodat die AP kerkverband hom oor die onverkwiklike verskille rondom die bediening tussen kerkrade, ouderlingerade en lidmate ernstig sal verootmoedig en dat ons smekend sal pleit dat Hy deur sy Heilige Gees werklik vaardig sal word, sodat liefde en 'n bereidheid tot vergewensgesindheid by ons almal sal posvat (ens.)

Di. DJ Malan; AP Boshoff

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om in die toekoms slegs te berig oor gemeentes waar die probleme van so 'n aard is dat dit voor die aanvang van die Sinode nie besleg is nie.**

**Prof. GDS Smit; ds. CR Vermaak**

Die voorsitter bedank prof. SD Nel vir die voordra van die verslag.

**36 VERSLAG: KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL)** (SAKELYS bl. 45)

Geen verslag is van die kommissie ontvang nie aangesien hulle nie vergader het nie - Kennis geneem.

**37 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)** (SAKELYS bl. 46)

Die verslag word voorgedra deur prof. JAE Adendorff.

**1. BESTUURSPERSONEEL** – Kennis geneem.

**1.1 LEDE DEUR DIE SINODE VERKIES** – Kennis geneem.

**1.2 LEDE BENOEM** – Kennis geneem.

**1.3 LEDE OORLEDE** – Kennis geneem.

**1.4 AMPSDRAERS** – Kennis geneem.

**1.5 DAGBESTUUR** – Kennis geneem.

**1.6 EIENDOMSKOMITEE** – Kennis geneem.

**1.7 RAAD VAN TRUSTEES VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS** – Kennis geneem.

**1.8 VERTEENWOORDIGER VIR DIE RAAD VAN DIE AP AKADEMIE** – Kennis geneem.

**1.9 *AD HOC*-KOMITEES** – Kennis geneem.

**2. VERGADERINGS** – Kennis geneem.

**3. PERMANENTE PERSONEEL** – Kennis geneem.

**3.1 SENTRALE KERKKANTOOR** – Kennis geneem.

**3.2 AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE (Teologiese skool)** – Kennis geneem.

**38 VERKIESING VAN DIE SKRIBA**

Die voorsitter vra dat daar tussen proff. JAE Adendorff en SD Nel gestem moet word.

**39 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR-KOMMISSIE (GKK) [vervolg]** (Sakelys bl. 47)

**4. SINODALE OPDRAGTE 2007** – Kennis geneem.

**4.1 TOEVOEGING TOT KO BEPALING 65A**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 311) – Kennis geneem.

**4.2 VERKOOP VAN GKK-EIENDOMME**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 317) – Kennis geneem.

**4.3 GEMEENTES WAT VOLHARD TEEN SINODE-BESLUITE**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 317) – Kennis geneem.

**4.4 VERGOEDINGSTRUKTURE VAN LERAARS EN DOSENTE**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 317) – Kennis geneem.

**4.5 AANBEVELINGS VAN DIE TFK AAN DIE SINODE**
(Handelinge 2004, bl. 447 en Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 317- 318) – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS KENNIS GENEEM:**

4.5.1 Die Sinode neem kennis van Bylae GKK 1, Sakelys bl. 59.

4.5.2 Die Sinode besluit dat die genoemde gemeentes nie stemreg vir die Sinode van 29/08/2010 tot 02/09/2010 sal hê nie.

Hierdie aanbevelings is afgehandel tydens die eerste verslag van die Kommissie vir Geloofsbriewe.
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 226, pt. 6.1.1)

**4.6 BESLUITEREGISTER RONDOM DIE 15%-HEFFING**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 320) – Kennis geneem.

**4.7 OORSKRYDING VAN BEGROTING**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 321) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.7.1 Die Sinode dra dit aan die KKS op om die volgende besluit onder *Sinodebesluite* in die Kerkorde aan te bring:**

**Die Sinode besluit dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae deur kommissies gedoen sal word sonder die vooraf goedkeuring van die GKK nie.**

**4.8 GKK 1 AFSKRYWING VAN AGTERSTALLIGE GELDE**
(GKK-verslag Handelinge, bl. 317, pt. 4.6 en Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 321) – Kennis geneem.

**4.9 TEOLOGIESE BEGELEIDING VAN STUDENTE**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 322) – Kennis geneem.

**4.10 VERANDERING VAN 'N VASTE VOORDEELFONDS NA 'N VASTE BYDRAEFONDS**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 326, pt. 2.4) – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**4.10.1 Die Sinode neem kennis dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds vanaf 1 November 2007 omgeskakel is van 'n Vaste Voordeelfonds na 'n Vaste Bydraefonds.**

**4.10.2 Die Sinode keur dit goed dat die GKK sal instaan vir die tekorte, indien enige, op die pensioen van die leraars wat op 1 Julie 2007 lid van die Fonds was en op daardie datum 50 jaar of ouer was.**

**4.10.3 Die Sinode keur dit goed dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds deel word van 'n sambreelfonds.**

**4.10.4 Motivering** – Kennis geneem.

**40 UITSLAG VAN DIE VERKIESING VAN DIE SKRIBA**

Prof. JAE Adendorff is as skriba verkies en die voorsitter wens hom geluk met die verkiesing. Die voorsitter vra nominasies vir 'n hulpskriba.

**41 AFKONDIGINGS**

Die voorsitter doen sekere afkondigings.

**42 EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV 1)**

Ds. MR Burger (Waterberg) hou die verslag voor.

**VERLOFAANSOEKE GOEDGEKEUR**

| **Naam** | **Gemeente** |
|---|---|
| Ds. AE van den Berg sr. | Moot-Sentraal |
| Ds. WJD van Wyk | Vaalwater |
| Oudl. HAM Engelbrecht | Boshof |
| Oudl. GJ Williams | Kempton Park |
| Oudl. AJ Louwrens | Vaalwater |
| Oudl. JC Weilbach | Vaalwater |

**43 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) [vervolg]** (Sakelys bl. 48)

**4.10.5 PENSIOENVOORDELE VIR WERKNEMERS IN GEMEENTELIKE DIENS ANDERS AS LERAARS** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.10.6 Die Sinode keur dit goed dat werknemers, anders as dié genoem in die Reëls van die Pensioenfonds, ook lede van die Pensioenfonds kan word en verwys dit na die Raad van Trustees om die Reëls dienooreenkomstig te wysig.**

## 44 VERKIESING VAN HULPSKRIBA

Die voorsitter vra dat die vergadering moet kies tussen prof. SD Nel, di. LD Greyling, HSW Strauss en oudl. SJ Breytenbach.

## 45 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) [vervolg] (SAKELYS bl. 49)

### 4.11 SKAKELING MET DIE AKADEMIE

(Bylae KUR 3, SAKELYS, bl. 179; kyk ook GKK-verslag, HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 317, pt. 4.8.5 en bl. 323) – Kennis geneem.

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**Amendering van punt 4.1 Bylae GKK 2 (SAKELYS DERTIENDE SINODE, bl. 63) van die ooreenkoms tussen die Raad van die APA en die GKK**

**Die Raad kontrakteer hiermee die GK as regspersoon om deur middel van sy uitvoerende kommissie, naamlik die GKK, bepaalde finansiële en administratiewe aangeleenthede te behartig i.v.m. die dosente en ander personeel in diens by die AP Akademie. Hierdie aangeleenthede behels:**

- **Die opskrifstelling en bewaring van dienskontrakte deur die Raad goedgekeur vir die voltydse akademiese en administratiewe personeel in diens van die Raad;**
- **Die uitbetaling en boekhouding van die traktemente/ salarisse en toelaes soos deur die Raad vasgestel vir die voltydse akademiese en administratiewe personeel in diens van die Raad;**
- **Die opskrifstelling en bewaring van die dienskontrakte en pligtestate in oorleg met die Raad opgestel vir die administratiewe personeel deur die GKK na die APA gesekondeer asook rekordhouding van hulle verlof en siekteverlof;**
- **Die uitbetaling en boekhouding van die volle salarispakket van bg. administratiewe personeel;**
- **Die uitbetaling en boekhouding van die vergoedingspakket soos deur die Raad vasgestel vir die deeltydse akademiese personeel.**

**Hierdie verantwoordelikheid word uitgevoer met inagneming van die Statuut van die AP Akademie en die Kerkorde van die AP Kerk en ander tersaaklike sinode-besluite. Hierdie kontraktuele ooreenkoms geld totdat die Raad van die APA en die GKK na kennisgewing van een party aan die ander anders ooreenkom. Hierdie kennisgewingtyd word op ses maande vasgestel.**

**Proff. SD Nel; JAE Adendorff**

**ORDEVOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die ooreenkoms tussen die sinode van die AP Kerk en die AP Akademie word terugverwys met die opdrag om dit so te herskryf dat die sinode steeds volle seggenskap behou.**

**Oudl. CF Bezuidenhout; ds. CJ Janse van Rensburg**

Revisie is later oor hierdie besluit aangevra.

**AANBEVELINGS KENNIS GENEEM:**

4.11.1 Die Sinode keur die Ooreenkoms (Bylae GKK 2) goed.

4.11.2 Die Sinode dra dit aan die KKS op om Art. 10.9 van die Kerkorde te verander sodat dit verwys na die ooreenkoms tussen die AP Akademie en die AP Kerk.

## 46 VERKIESING VAN DIE HULPSKRIBA

Die Voorsitter vra dat die vergadering stem tussen prof. SD Nel en ds. HSW Strauss.

## 47 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) [vervolg] (SAKELYS bl. 49)

**4.12 VISITASIEVERSLAE** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 332) – Kennis geneem.

**4.13 VERTEENWOORDIGING OP DIE RAAD VAN DIE AKADEMIE** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 328) – Kennis geneem.

**4.14 ARGIVARIS** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 332. Kyk ook Bylae KKA 1 – SAKELYS, bl. 193) – Kennis geneem.

**4.15 ANDER PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2004 VERSKYN HET** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 340) – Kennis geneem.

**4.16 DIE BEMARKINGSFUNKSIE IN DIE SENTRALE KERKKANTOOR** (HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 340) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.16.1 Die Sinode keur dit goed dat die saak van bemarking voortdurend aandag geniet, maar dat daar voorlopig afgestap word van die skep van 'n pos vir 'n bemarker.**

## 48 TAFELGEBED

Ds. P Janse van Rensburg (Dendron) doen die tafelgebed en die vergadering verdaag vir aandete om 17:55.

# EERSTE SITTINGSDAG – MAANDAG 30 AUGUSTUS 2010

## VIERDE SESSIE – NA AANDETE TOT AFSLUITING

Die samesang word gelei deur ds. MR Burger (Waterberg).

### 49 UITSLAG VAN DIE VERKIESING VAN DIE HULPSKRIBA-

Die voorsitter kondig aan dat ds. HSW Strauss as hulpskriba verkies is en wens hom geluk met die verkiesing.

### 50 NOMINASIES VIR AKTUARIUS EN AANKONDIGINGS

Die voorsitter versoek die vergadering om nominasies vir 'n aktuarius in te dien. Hy doen enkele aankondigings.

### 51 BROEDERLIKE GESPREK

(Bylae 7 – Handelinge bl. 302)

1. Prof. JAE Adendorff lei die broederlike gesprek rondom die tema *Die vurk in die pad – die AP Kerke in 2010*.

2. Daar word geleentheid gegee vir vrae en bespreking van die onderwerp. Prof. JAE Adendorff lewer repliek.

3. Prof. R Marè bedank prof. Adendorff vir sy voordrag.

### 52 VERSOEK TOT BESINNING

Die Voorsitter versoek, in die lig van die gees van die Broederlike Gesprek, die TKKS in samewerking met afgevaardigdes uit die Ring van Riversdal, asook afgevaardigdes wat in die afgelope Kuratorium gedien het, en ander afgevaardigdes wat betrokke is, om broederlik te besin oor die saak rakende die ring van Riversdal, en om 'n oplossing te probeer vind.

### 53 VERKIESING VAN DIE AKTUARIUS

Die Voorsitter versoek die vergadering om te stem tussen proff. FAH van Staden, SD Nel, GDS Smit, di. WA Burger, MJ Hartzenberg, HJ Kok, PS Krige, L Lubbe, DJ Malan, PS Steyn, AS van Staden jr.

### 54 AANKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele aankondigings en wens die Sinode-gangers 'n aangename nagrus toe.

### 55 AFSLUITING

Ds. JM Rheeder (Villiers) sluit die dag se sitting af met gebed waarna die vergadering om 21:00 verdaag.

# TWEEDE SITTINGSDAG – DINSDAG 31 AUGUSTUS 2010

## EERSTE SESSIE – OPENING TOT TEETYD

Die samesang word gelei deur ds. WA Burger jr (Pretoria-Oos).

### 56 BIDSTOND

Die bidstond word waargeneem deur oudl. JG. Engelbrecht, afgevaardigde van die AP Kerk Warmbad.

### 57 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

### 58 PERSONEELWISSELING EN LAAT REGISTRASIE

Ds. PG Stans (Kathu) hou die verslag voor:

1. **WISSELING KENNIS GENEEM**

Oudl. JH de la Rey (Magaliesburg) vervang oudl. J van Ekeren.

2. **LAAT REGISTRASIE GOEDGEKEUR**

Oudl. FJJ de Kock (Ventersdorp)

Oudl. JJB Rudolph (Reitz)

Ds. WP Botha (Reitz)

Oudl. DMC Ehlers (Koedoesrand)

Oudl. CH Penzhorn (Thabazimbi)

### 59 UITSLAG VAN DIE VERKIESING VAN DIE AKTUARIUS-

Die voorsitter maak bekend dat prof. FAH van Staden as Aktuarius verkies is en wens hom geluk met die verkiesing.

### 60 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) [vervolg] (SAKELYS bl. 49)

5. **TRAKTEMENTSKALE VAN LERAARS** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**5.1 Die Sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2008 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:**

**R98 862 x 6 390 – 105 252 x 7 608 – 150 900 x 10 470 – 161 370**

**5.2 Die Sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2009 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:**

**R105 780 x 6 840 – 112 620 x 8 142 – 161 472 x 11 202 – 172 674**

**5.3 Die Sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2010 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:**

**R116 358 x 7 524 – 123 882 x 8 958 – 177 630 x 12 322 – 189 952**

### 61 VERSOEK TOT REVISIE: PT 4.11.1 VAN DIE VERSLAG-VAN DIE GESAMENTLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE (SAKELYS bl 49; HANDELINGE BL. 238

**VERSOEK GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode staan revisie ten opsigte van die besluit by 4.11.1 van die GKK verslag toe (SAKELYS bl. 49). Die vergadering het nie die nodige inligting gehad voordat die ordemosie tot stemming gebring is nie. Vir die ontwikkeling van die AP Akademie is die finalisering van die ooreenkoms nou noodsaaklik.**

**Ds. MJ Hartzenberg; prof. GDS Smit**

### 62 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) [vervolg] (SAKELYS bl. 49)

6. **SALARISSKALE VAN PERSONEEL EN DOSENTE** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**6.1 Die sinode keur dit goed dat die salarisskale van personeel en dosente met die volgende persentasies aangepas is:**

**Vanaf 1 Maart 2008 met 7%**

**Vanaf 1 Maart 2009 met 7%**

**Vanaf 1 Maart 2010 met 10%**

7. **REISKOSTETARIEF** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS MET NUMERIESE WYSIGING GOEDGEKEUR:**

**7.1 Die Sinode keur dit goed dat die reiskostetarief, volgens die aanbeveling van die GKK, vanaf 1 April 2008 verhoog is vanaf R2.50 tot R3.00 per km.**

**7.2 Die Sinode keur dit goed dat die minimum bedrag ten opsigte van reiskoste vir gemeentelike werk vanaf 1 April 2008 verhoog is van R2,000.00 per maand tot R2,500.00 per maand.**

8. **MAGTIGING VIR AANKOPE** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**8.1 Die Sinode keur dit goed dat die Bestuur (Direkteur of sy gevolmagtigde) instandhouding en herstelwerk kan magtig en goedkeur tot 'n maksimum bedrag van R10,000.00 per transaksie.**

**8.2 Die Sinode keur dit goed dat die Eiendomskomitee instandhouding en herstelwerk kan magtig en goedkeur tot 'n maksimum bedrag van R50,000.00 per transaksie.**

**8.3 Die Sinode keur dit goed dat die Eiendomskomitee kapitaalaankope kan magtig en goedkeur tot 'n maksimum bedrag van R10,000.00 per transaksie.**

**9. HULP AAN EMERITI WAT LID VAN 'N ANDER MEDIESE FONDS IS**

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**9.1 Die Sinode keur dit goed dat emeriti wat aan ander mediese fondse as die goedgekeurde fonds van die GKK behoort, gehelp kan word met R500.00 per maand indien stawende bewyse voorgelê word. Hierdie toegewing word net gegee vir diegene wat daarom aansoek doen en word jaarliks hersien.**

**10. DIE APK TRUSTFONDSBYDRAES** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**10.7 Die Sinode bedank kerkrade wat getrou elke jaar hul bydraes aan die APK Trustfonds betaal.**

**10.8 Die Sinode herinner kerkrade daaraan om die bydraes aan die APK Trustfonds getrou te maak.**

**10.9 Die Sinode versoek kerkrade om hul bydraes met R5.00 per maand te verhoog:**

| **Getal lidmate** | **R per maand** |
|---|---|
| Tot 20 | 10.00 |
| 21 – 50 | 15.00 |
| 51 – 100 | 25.00 |
| 101 – 150 | 35.00 |
| 151 – 200 | 45.00 |
| 201 – 250 | 55.00 |
| 251 – 300 | 65.00 |
| 301 – 400 | 75.00 |
| 401 – 500 | 85.00 |
| 501 en meer | 95.00 |

**11. TRUSTFONDS-TOELAEVERHOGING**

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**11.1 Die Sinode keur dit goed dat die Trustfondstoelaes jaarliks met 5% verhoog is vanaf 1 Maart 2008, 1 Maart 2009 en 1 Maart 2010.**

**12. WYSIGING VAN VERLOFVOORDELE**

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode keur dit goed dat**

**12.1 langverlof vir leraars in die Sentrale Kerkkantoor vanaf 1 Januarie 2009 verval;**

**12.2 verlof vir senior uitvoerende personeel (Direkteur, administrateur, redakteur en rekenmeester) vanaf 1 Januarie 2009 na 30 werksdae per jaar verhoog;**

**12.3 verlof van die res van die personeel op 20 werksdae per jaar bly; en**

**12.4 die Direkteur en administrateur die verlofstelsel vir administratiewe personeel moet ondersoek en 'n aanbeveling aan die GKK moet maak.**

**13. MEDIESE EN PENSIOENVOORDELE VAN LERAARS WAT TOT DIE KERKVERBAND TOEGELAAT WORD** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**13.1 Die Sinode dra dit aan die Kuratorium op om, voordat nuwe leraars toegelaat word, die Sentrale Kerkkantoor i.v.m. die medies en pensioen van sodanige voornemende nuwe leraars te kontak.**

**13.2 Die Sinode dra dit aan die Kuratorium op dat saam met die ander vorms, ook 'n vorm i.v.m. finansiële sake, soos bv. medies, pensioen, ensovoorts deur die voornemende leraar onderteken moet word.**

**14. MEDIESE KOMITEE** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**14.1 Die Sinode dra dit aan die GKK op om, indien nodig, 'n ander makelaar nader aan die Sentrale Kerkkantoor aan te stel en die huidige makelaar in kennis te stel dat sy aanstelling teruggetrek word.**

**15. LIDMAATSKAP VAN COFESA (Konfederasie van werkgewers van Suid-Afrika)** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**15.1 Die Sinode keur dit goed dat die GKK lid geword het van COFESA.**

**16. WERKSAAMHEDE VAN DIE EIENDOMSKOMITEE** – Kennis geneem.

**16.1 BROOKSHUIS** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**16.1.1 Die Sinode neem kennis dat die aanbod van Martin Jonker Beleggings (Pty) Ltd om Brookshuis vir 'n netto bedrag van R12 miljoen te koop, aanvaar is.**

**Die Sinode neem kennis dat hierdie aanbod intussen verval het.**

**16.2 EIENDOMME IN DIE OMGEWING VAN DIE AKADEMIE EN JEUGTUISTE** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**16.2.1 Die Sinode neem kennis dat erf 844/R, Kirkness-straat 423, Sunnyside vir die bedrag van R2,458,600.48 aangekoop is.**

**AANBEVELING GOEDGEKEUR**

**16.2.2 Die Sinode neem kennis dat erf 844/1, Kirkness-straat 419, Sunnyside vir die bedrag van R2,240,478.94 aangekoop is.**

**16.3 OPRIGTING VAN NUWE KANTORE, BOEKWINKEL EN ARGIEF** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**16.3.1 Die Sinode keur dit goed dat mnr. Johan de la Rey van De la Rey en Celliers Argitekte van Bloemfontein aangestel is.**

**16.3.2 Die Sinode keur dit goed dat die argitek, wanneer nodig, tenders inwin vir die aanstelling van 'n bourekenaar, siviele ingenieur en elektriese ingenieur.**

**16.3.3 Die Sinode keur dit goed dat die rekening ten bedrae van R127,326.60 vir die afhandeling van 20% van die werk aan De la Rey & Celliers Argitekte betaal is.**

**16.3.4 Die Sinode dra dit aan die GKK op om voort te gaan met die aansoek om hersonering.**

**AMENDEMENT OP 16.3.5 GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode dra dit aan die GKK op om die moontlikheid te ondersoek, om administratiewe kantore op die Jeugtuisteterein te vestig met argief en parkering met inagneming van die bespreking by die sinode, vorige sinodebesluite en die studente in die Jeugtuiste se situasie om sover moontlik ook billik ten opsigte van alle partye te handel.**

**Prof. SD Nel; oudl. TJ Louw**

**AANBEVELING – Kennis geneem:**

**16.3.5 Die Sinode dra dit aan die GKK op om die moontlikheid te ondersoek, om die administratiewe kantore op die Jeugtuisteterrein te vestig en 'n sinodesaal, argief en parkering op die erf in Kirkness-straat 423.**

**VOORSTEL NIE GOEDGEKEUR NIE:**

Die Sinode besluit dat die AP Kerk Jeugtuiste moet voortgaan op sy huidige terrein of op 'n ander terrein met dieselfde geriewe.

Ds. SA Roets jr.; prof. SD Nel

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode herbevestig sy besluit van 2004 dat daar 'n ouer beheerliggaam daargestel moet word. Hierdie reëlings word deur die sinode opgedra aan die Registrateur wat tans die werk van 'n koshuisvader doen.**

**Ds. SA Roets jr.; prof. SD Nel**

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**16.3.6 Die Sinode dra dit aan die GKK op om ook die behoeftes in verband met 'n biblioteek vir die AP Akademie by die ondersoek in ag te neem.**

**16.4 VERHURING VAN EIENDOMME IN KIRKNESS-STRAAT** – Kennis geneem.

**AANBEVELING SOOS GEWYSIG GOEDGEKEUR:**

**16.4.1 In die lig van die moontlike verkoop van Brookshuis en die tydelike verskuiwing van die kantore, die boekwinkel en die argief, besluit die Sinode dat die eiendomme in Kirkness-straat nie nou verhuur word nie, <u>behalwe aan die AP Akademie</u>.**

**Proff. R Marè; FAH van Staden**

**AANBEVELING – Kennis geneem:**

16.4.2 Die Sinode gee volmag aan die Direkteur en Administrateur om noodsaaklike instandhou-dingswerk, wat nie R50,000.00 te bowe gaan nie, aan die geboue in Kirkness-straat te laat doen sodat die administrasie, finansies, publikasies, boekwinkel en argief tydelik daar gehuisves kan word terwyl die ontwikkeling van die nuwe kantoorgeboue aan die gang is.

**16.5 UITBREIDING BY DIE AP AKADEMIE** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**16.5.1 Die Sinode keur dit goed dat verbeteringe ten bedrae van R69,728.00 by die AP Akademie aangebring is.**

**17. GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE** – Kennis geneem.

**17.1 Finansiële verslag 2007** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**17.1.2 Die Sinode keur die ouditverslag vir 2007 goed.**

**17.2 Finansiële jaarstate 2008** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**17.2.2 Die Sinode keur die finansiële jaarstate vir 2008 goed.**

**17.3 Finansiële jaarstate 2009** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**17.3.2 Die Sinode keur die finansiële jaarstate vir 2009 goed.**

**17.4 Finansiële verslag 2007 tot 2009** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**17.4.3 Die Sinode keur die finansiële verslag vir 2007 tot 2009 goed.**

**18. BESKRYWINGSPUNTE** – Kennis geneem.

**18.1 Ring van Roodepoort: Agterstallige 15%-bydraes** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**18.1.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie. Kragtens**

**‘n bestaande sinodebesluit moet die gemeente met die GKK in verbinding tree.**

**18.2 AP Kerk Engeland & Wallis: Jaarlikse 15%-oorbetaling** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT OP 18.2.1 GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat die AP Kerk Engeland en Wallis in die plek van die vereiste 15%-oorbetaling, jaarliks ‘n donasie <u>gelykstaande aan die waarde van die berekende 15%</u> sal maak aan een of meer van die fondse binne die kerkverband, in soverre daar uitvoering gegee word aan die heersende wetgewing in die Verenigde Koninkryk.**

**Prof. SD Nel, oudl. TJ Louw**

**Riviesie is later oor hierdie besluit aangevra.**

**AANBEVELING – kennis geneem (kyk amendement hierbo)**

**18.2.1 Die Sinode besluit dat die AP Kerk Engeland en Wallis in die plek van die vereiste 15%- oorbetaling, jaarliks ‘n donasie sal maak aan een of meer van die fondse binne die kerkverband, in soverre daar uitvoering gegee word aan die heersende wetgewing in die Verenigde Koninkryk.**

**18.3 Ring van Newcastle: Afskryf van agterstallige 15%-bydraes AP Kerk Dundee/Glencoe** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**18.3.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie. Kragtens ‘n bestaande sinodebesluit moet die gemeente met die GKK in verbinding tree.**

## 63 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

## 64 LAAT REGISTRASIE

Ds. PG Stans (Kathu) hou die verslag voor:

**1. LAAT REGISTRASIE GOEDGEKEUR**

Oudl. DT Fourie (Germiston)

**VOORSTEL GOEDGEKEUR**

**Die voorlegging van prof. Adendorff tydens die Broederlike Gesprek word in die notule opgeneem.**

**Ds. GF Botha; oudl. MW van Dyk**

## 65 EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM 1)

(Bylae 8 – Handelinge bl. 308)

**1. Personeel** – Kennis geneem.

**2. AANBEVELINGS**

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR**

**1.1 Die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband het in sy 23ste bestaansjaar met dankbaarheid teenoor die Here sy dertiende Sinode begin op 29 Augustus 2010. Ds. MJ Hartzenberg van AP Kerk Oudtshoorn het die openingsrede waargeneem. ‘n Luisterryke sangfees het daarna plaasgevind.**

**1.2 Daar is 97 voltydse leraars en 66 emeriti in die kerkverband. Die AP Kerk het tans ‘n lidmatetal van 41 234 in 232 gemeentes. Die meeste gemeentes is in Suid-Afrika, maar daar is ook gemeentes in die buiteland. Die Sinode het die Sentrale Kerkekommissie opdrag gegee om voort te gaan met gesprekke met ander gereformeerde kerke in die buiteland. Weë moet voortdurend gesoek word om lidmate in die buiteland te bedien.**

**1.3 Die volgende ampsdraers is op 30 Augustus deur die Sinode gekies: Voorsitter – prof. IA Brink, Ondervoorsitter – prof. R Marè, Skriba – prof. JAE Adendorff, Aktuarius – prof. FAH van Staden, Hulpskriba – ds. HSW Strauss. Daar is *307* afgevaardigdes by die Sinode.**

**1.4 Kerkrade en lidmate is versoek om by die media beswaar te maak oor enige misbruik van die Naam van die Here of enige ander sake wat deur die Woord van God verbied word en die eer van God aantas.**

**1.5 Die Sinode neem met leedwese kennis van die toename in geweldsmisdade en in die besonder die talle plaasaanvalle en moorde op boere in ons land. Die Sinode doen ‘n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad en die vervolging van misdadigers.**

**1.6 Die Sinode neem met dank kennis van die skakeling tussen die Sentrale Kerkekommissie en TLU SA. Die Sinode verseker TLU SA van sy volgehoue ondersteuning en voorbidding in bitter moeilike tye.**

**1.7 Tydens ‘n broederlike gesprek het prof. JAE Adendorff die Sinode ernstig laat besin oor die uitdagings wat vir die kerk wag. Die kerk kan kies om te leef vir eie-belang, of vir die belang van Christus Jesus. Leraars, ouderlinge, diakens en lidmate moet fokus op ons taak vorentoe. Ons moet die hand aan die ploeg slaan en doen wat vir Christus van belang is. So is ‘n kerk meer as oorwinnaar in die uitleef van sy roeping.**

Die voorsitter bedank ds. A Boshoff vir die voordra van die verslag.

## 66 TEETYD

Die vergadering verdaag vir tee om 10:30.

# TWEEDE SITTINGSDAG – DINSDAG 31 AUGUSTUS 2010

## TWEEDE SESSIE – NA TEETYD TOT MIDDAGETE

Die samesang word gelei deur ds. MA Buys (Kempton Park)

**67 AANKONDIGINGS**

Die ondervoorsitter neem as voorsitter waar en doen enkele aankondigings.

**68 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) [vervolg]** (Sakelys bl. 54)

**18.4 Ring van Newcastle: Afskryf van agterstallige 15%-bydraes AP Kerk Vryheid** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**18.4.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie. Kragtens 'n bestaande sinodebesluit moet die gemeente met die GKK in verbinding tree.**

**19. BESWAARSKRIFTE** – Kennis geneem.

**69 VERWELKOMING**

Die voorsitter verwelkom mej. Hester Ginsberg van Discovery Health in die vergadering.

**70 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) [vervolg]** (Sakelys bl. 55)

**19.1 Beswaarskrif: AP Kerk Wonderboom** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**19.1.1 Die Sinode volstaan met 'n persentasiebydrae van alle kontantontvangstes (tans 15%)**

**71 VERWELKOMING EN GELUKWENSING**

Die voorsitter verwelkom mnr. CJ de la Rey by die vergadering en wens mev. Edna-Mari Scherman geluk wat die volgende dag verjaar.

**72 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) [vervolg]** (Sakelys bl. 56)

**19.2 Beswaarskrif: AP Kerk Kimberley – Die Kruis** – Kennis geneem.

**AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:**

19.2.1 Die Sinode volstaan met 'n persentasiebydrae van alle kontantontvangstes (tans 15%)

Omdat die besluite wat die Sinode by punte 19.1.1 en 19.2.1 geneem het, in stryd met mekaar is, word die volgende ordemosie ingedien:

**ORDEMOSIE GOEDGEKEUR:**

**1. Die vergadering neem die besluite ten opsigte van 19.1.1 en 19.2.1 onmiddellik in revisie.**

**2. Die voorsitter bepaal die orde van bespreking sodat alle verwarring oor die sake wat op die tafel kom vermy word in 19.1.1, 19.2.1 en 19.3.**

**Dr. JH Breytenbach**

**VERSOEK TOT GEBED EN AANKONDIGING VAN ORDE GOEDGEKEUR**

Die vergadering versoek die voorsitter dat daar 'n gebed om wysheid rondom hierdie saak gedoen word. Prof. IA Brink doen 'n gebed.

Die voorsitter kondig die orde waarin sake in bespreking geneem gaan word, aan, te wete:

1. 'n Beginselbesluit of die Sinode met 'n persentasiebydrae volstaan.

2. Indien wel, watter persentasie?

3. Op watter inkomste moet die persentasie bereken word?

Hierna laat hy bespreking toe.

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode volstaan met 'n persentasiebydrae van alle kontantontvangste.**

Die bespreking sal na middagete voortgesit word.

**73 BOEKEBEKENDSTELLINGS**

Ds. CA Swanepoel stel enkele boeke aan sinodegangers bekend.

**74 TAFELGEBED**

Prof. JAE Adendorff doen 'n tafelgebed en die vergadering verdaag vir middagete om 13:00.

# TWEEDE SITTINGSDAG – DINSDAG 31 AUGUSTUS 2010

## DERDE SESSIE – NA MIDDAGETE TOT KOFFIETYD

Die samesang word gelei deur ds. JC Gericke (Potchefstroom)

**75 AANKONDIGINGS**

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

**76 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) [vervolg]** (SAKELYS bl. 56)

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat in die lig van die gevoel van die sinodegangers rakende die 15%-bydraes wat gemeentes moet betaal, die 15% gehandhaaf word tot en met die volgende sinode waarna die GKK die volgende sinode met 'n moontlike ander model/stelsel/voorstel moet bedien wat die gemeentebydraes aanbetref met inagneming van die beswaarskrifte wat by die huidige sinode dien sowel voorstelle wat deur gemeentes ingedien word in die tyd tot die volgende sinode.**

**Dr. JH Ellis; oudl. LP Vos**

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Daar word in beginsel besluit om te bly by 'n 15%-bydrae op alle kontantontvangste.**

**VOORSTEL – Kennis geneem (verwys na die GKK vir inagneming by die voorstel van dr. JH Ellis):**

1. Vanaf 1 Januarie 2011 die persentasiebydraes van gemeentes soos volg gewysig word:

   a. Kontantontvangstes vir kerkbouprojekte 10%

   b. Alle ander kontantontvangstes 15%

   AP Kerke se ouditeure moet jaarliks 'n sertifikaat indien wat aandui watter gedeelte (bedrag) van kontantontvangste vir kerkbou-projekte ontvang en/of aangewend is.

2. Die persentasie moet met elke sinodesitting hersien word.

Oudle. FC Terblanche; JN Swanevelder

**AMENDEMENT – Kennis geneem (verwys na die GKK vir inagneming by die voorstel van dr. JH Ellis):**

Die sinode volstaan met 'n persentasiebydrae van alle kontantontvangstes (tans 15%), behalwe op fondse geïn vir die uitsluitelike doel om 'n kerkgebou te finansier gevrywaar word van die verpligte 15%-bydrae wat gemeentes moet betaal. So 'n bouprojek moet vanuit 'n aparte bourekening bedryf word wat dan ook ge-oudit moet word.

**Ds. GCD Stoltz; oudl. JN Ras**

**19.3 Beswaarskrif: AP Kerk Greylingstad** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS – Kennis geneem:**

19.3.1 Die beswaarskrif voldoen nie aan die vereistes van Art. 31A van die KERKORDE nie aangesien dit nie die besluit waarteen beswaar gemaak word woordeliks aanhaal nie.

19.3.2 Die Sinode besluit oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif.

19.3.3 Die Sinode volstaan met 'n persentasiebydrae van alle kontantontvangstes (tans 15%)

**19.4 Beswaarskrif van die GKK: Verhoging van aftree-ouderdom na 70** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**19.4.1 Die Sinode keur dit goed dat alle voltydse leraars en personeellede voortaan toegelaat word om te bly werk en bydraende lede van die pensioenfonds te bly totdat hulle die ouderdom van 70 jaar bereik. Die normale aftree-ouderdom bly steeds 65 jaar. Alle ander reëls van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds bly van krag.**

**19.5 Beswaarskrif van die GKK: Hulp aan afgetredenes met bydraes tot mediese skema** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**19.5.1 Die Sinode keur dit goed dat die GKK jaarliks die subsidie aan afgetredenes heroorweeg.**

**19.6 Beswaarskrif van die GKK: Registrasie van die boekwinkel as 'n aparte entiteit ten einde die GKK te kan deregistreer vir BTW doeleindes** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**19.6.1 Die Sinode keur dit goed dat die Boekwinkel as 'n aparte entiteit geregistreer word en dra dit aan die GKK op om verdere ondersoek in te stel ten opsigte van die verskille tussen 'n Trust en 'n Art. 21 Maatskappy, die beste keuse te maak en terug te rapporteer aan die Sinode.**

**MOSIE VAN DANK GOEDGEKEUR**

**Aan die waarnemende voorsitter, prof. R Marè, wat tydens die bespreking van die GKK verslag – veral punt 19.1 – 19.3 – instrumenteel was om die vergadering deur moeilike vaarwaters op 'n kalm, bedaarde en rustig beredeneerde wyse te lei.**

**Ds. DJ Malan**

**20. BEGROTING VIR 2011 (Bylae GKK 4)** – Kennis geneem.

**20.1 ONTVANGSTES** – Kennis geneem.

**20.2 UITGAWES** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**20.3 Die Sinode keur die uitgawebegroting vir 'n totale bedrag van R13,748,700 goed.**

**21. BEDANKING** – Kennis geneem.

Die waarnemende voorsitter bedank prof. JAE Adendorff vir die voordra van die verslag.

## 77 VERSOEK TOT REVISIE: PT 18.2 VAN DIE VERSLAG VAN DIE GESAMENTLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (SAKELYS bl 53; HANDELINGE bl. 242)

**REVISIE TOEGESTAAN:**

**Besluit waaroor revisie versoek word:**

**Die Sinode besluit dat die AP Kerk Engeland en Wallis in die plek van die vereiste 15%-oorbetaling jaarliks `n donasie *gelykstaande aan die waarde van die berekende 15%* sal maak aan een of meer van die fondse binne die kerkverband, in soverre daar uitvoering gegee word aan die heersende wetgewing in die Verenigde Koninkryk.**

**Motivering:**

**Ek verwys u na punt 18.2 op bladsy 53 die tweede paragraaf van die motivering.**

**Daar staan: "`n verpligte jaarlikse oorbetaling van 15% van die totale inkomste aan `n buitelandse regspersoon, met dieselfde naam, word beskou as ledegeld en `n gebrek aan selfstandigheid wat beteken dat die APC se registrasie weens wetsoortreding in gedrang kom. `n Oortreding van die VK se maatskappywet het verreikende gevolge vir die gemeente, maar ook vir die kerkraadslede wat as direkteure van die APC optree en wat daarom in persoon verantwoordelik gehou word vir alle besluite"**

**Die goedgekeurde amendement los nie die AP Kerk Engeland & Wallis se probleem - om aan die wetgewing van die Verenigde Koninkryk te voldoen - op nie, want al wat verander het is dat die benaming 15%-bydrae nou `n 15%-donasie geword het. Die woorde donasie of bydrae is irrelevant aangesien wetlike vereistes is dat die Trustees outonomiteit moet hê en as direkteure nie 'n besluit oor donasies en skenkings mag neem wat die maatskappy se finansiële solvensie nadelig beinvloed nie.**

**Die probleem is dat die geamendeerde besluit steeds `n verpligting is. Die Charity Commission of England and Wales, wat toesig hou oor welsynsorganisasies en kerke soos die APC, beskou sodanige verpligting as `n gebrek aan selfstandigheid. Dit beteken dat die geamendeerde besluit van die Sinode die wettige voortbestaan van AP Kerk Engeland & Wallis in gedrang bring.**

**Ons herhaal die laaste paragraaf van die motivering op bl. 53 van die Sakelys: Ons versoek die Sinode vriendelik om die oorspronklike aanbeveling goed te keur ten einde die AP Kerk Engeland & Wallis te laat deel bly van die kerkverband. Indien die aanbeveling nie goedgekeur word nie, sal die AP Kerk Engeland en Wallis buite die kerkverband moet tree en sal daar na `n alternatiewe samewerkingsooreenkoms tussen die APC en die AP kerkverband gekyk moet word, iets wat ons nie graag wil hê nie en wat ons glo onnodig is.**

**Di. JL Schütte; CR Vermaak**

## 78 WISSELING VAN VOORSITTER

Prof. IA Brink neem weer by prof. R Marè oor as voorsitter van die vergadering.

## 79 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) (SAKELYS bl. 147)

Die verslag word voorgedra deur prof. FAH van Staden.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem.

2. **VERGADERINGS** – Kennis geneem.

3. **SAKE IN OPDRAG VAN DIE TWAALFDE SINODE** – Kennis geneem.

3.1 **WYSIGING VAN KERKORDE BYLAE 1: *WIE MAG IN DIE AP KERK PREEK?***
(HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 311, pt. 3.4) – Kennis geneem.

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**Voeg die woord *manlike* in voor *leraar* in die eerste reël.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AANBEVELING MET WYSIGINGS GOEDGEKEUR:**

**3.1.1 Die Sinode besluit om die voorgestelde wysigings aan Bylae 1, bl. 74-76 *KERKORDE 2008: WIE MAG IN 'N AP KERK PREEK?* goed te keur.**

**Wysiging:**

**Die Sinode besluit**

**1. dat die amptelike Woordbediening in 'n AP Kerk (gemeente) mag geskied deur:**

**1.1 'n leraar (insluitend 'n teologiese dosent) of emeritusleraar van 'n AP Kerk;**

**1.2 'n leraar van 'n AP Kerk wat eervol van sy gemeente losgemaak is;**

**1.3 'n dienende en/of geëmeriteerde *manlike* leraar van die NGK/ NHK/GKSA/Afrikaanse Reformatoriese Kerk (ARK), as familielid by geleentheid van 'n AP Kerklidmaat se doop/belydenisaflegging/bevestiging as ampsdraer, mits hy daartoe uitgenooi is deur die plaaslike kerkraad (hy mag egter nie die bediening van die sakramente of die aflegging van geloofsbelydenis of die bevestiging van ampsdraers as sodanig behartig nie);**

**1.4 'n dienende of geëmeriteerde manlike leraar van die NG Kerk/NH Kerk/Geref. Kerke/ARK – slegs by wyse van hoë uitsondering, en as tydelike maatreël – mits dit**

geskied met die medewete en goedkeuring van die SKK en/of die dagbestuur van die Kuratorium. Sodanige toestemming deur die SKK en/of die Dagbestuur van die Kuratorium moet skriftelik geskied na behoorlike skriftelike motivering. Hy mag egter nie die bediening van die sakramente of die aflegging van geloofsbelydenis of die bevestiging van ampsdraers as sodanig behartig nie. Ouderlingerade word daarop gewys dat hulle geen opsig, toesig of tugbevoegdheid oor leraars van ander kerkverbande het nie.

2. dat die spreek van 'n stigtelike woord (dit wil sê 'n eie preek, maar sonder die uitspreek van die seën/seëngroet met uitgestrekte hande) in die AP kerke mag geskied deur:

2.1 'n proponent van die AP Kerk;

2.2 'n manlike teologiese student van die AP Kerk wat by die Kuratorium preekvergunning verkry het, doen dit onder toesig van die plaaslike ouderlingeraad;

(Die vraag wie 'n stigtelike woord tydens 'n huwelikseremonie of 'n begrafnis mag spreek, is 'n aangeleentheid vir die familie, aangesien dit geen erediens onder kerkraadstoesig is nie.)

3. dat 'n leesdiens in 'n AP Kerk waargeneem mag word deur enige bevoegde manlike lidmaat van daardie plaaslike AP Kerk self wat deur die plaaslike kerkraad daartoe versoek word, in welke geval hy gebruik moet maak van 'n preekbundel wat amptelik deur die AP Kerk goedgekeur is, of van 'n geskrewe preek van 'n leraar van 'n AP Kerk;

4. dat indien dit feitelik bevind word dat 'n plaaslike kerk nie hou by die sinodebesluite i.v.m. wie in 'n AP Kerk mag preek nie (*Kerkorde 2008*, Bylae 1, bl. 74-76), dat so 'n kerk, na deeglike ondersoek deur die betrokke ring in samewerking met die KKS, deur die betrokke ring in kennis gestel word dat hy homself met sy optrede buite die orde en dissipline van die kerke in kerkverband en derhalwe buite die kerkverband stel. Die ring moet dan ook dusdanig rapporteer aan die daaropvolgende sinode wat dan weer op sy beurt die besluit finaal sal bevestig al dan nie

### 3.2 KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING

(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 349, pt. 2.2.1) – Kennis geneem. (Kyk SKK verslag bl. 228, pt. 3.13.1).

### 3.3 WYSIGINGS AAN KERKORDE ARTIKEL 10

(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 349 pt. 2.3.1) – Kennis geneem.

**AMENDEMENT BY KERKORDE ART. 10.4 GOEDGEKEUR:**

**Die Kuratorium vorm saam met die voltydse dosente van die Fakulteit Teologie van die AP Akademie en die Raad van die AP Akademie, 'n kieskollege vir die benoeming van teologiese dosente aan die Akademie.**

**Prof. SD Nel; oudl. TJ Louw**

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.3.1 Die Sinode besluit om die voorgestelde wysigings aan Kerkorde Artikel 10 goed te keur.**

**Wysigings:**

**10.1 Die Sinode bepaal vereistes vir teologiese opleiding, vir toelating en vir toesig in samewerking met die Afrikaanse Protestantse Akademie.**

**10.2 Die Sinode stel 'n Kuratorium aan wat belange behartig in verband met opleiding (Art. 10.1), *Colloquium Doctum* en toekenning van status aan proponente, aan manlike lidmate wat voorheen die amp van bedienaar van die Woord beklee het, (vgl. Art. 59.3.3) en aan manlike predikante wat die status van bedienaar van die Woord in ander gereformeerde kerkverbande het en lidmaatskap in AP Kerk wil verkry.**

**10.3 Indien 'n leraar nie binne ses maande 'n beroep ontvang en opvolg nie, verbeur hy sy status, met dien verstande dat heraansoek gedoen kan word. Die Kuratorium vorm saam met die Raad van die Afrikaanse Protestantse Akademie 'n kieskollege vir die benoeming van teologiese dosente aan die Akademie.**

**10.4 Die Kuratorium dien, volgens eie besluit, indiwiduele of gesamentlike nominasies in vir die Raad van die Afrikaanse Protestantse Akademie se verkiesing van die Kanselier van die Afrikaanse Protestantse Akademie.**

**10.5 Die Sinode bepaal dat indien 'n bedienaar van die Woord die benoeming as teologiese dosent aanvaar, hy volgens Art. 17.1-17.3 by die Kuratorium aansoek doen vir behoud van predikantstatus.**

**10.7 Die Sinode subsidieer die Afrikaanse Protestantse Akademie finansieel (per begroting) ten opsigte van die vergoedingspakkette van die teologiese dosente en personeel, die biblioteekfonds, die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds, geboue, toerusting en ander.**

**3.3.2 Die Sinode besluit om Kerkorde Artikel 10.3, 10.4, 10.7, 10.8 en 10.10 van die *Kerkorde 2008*, huidige bewoording, nie langer deel van die Artikel te maak nie, maar om dit eerder by die lasgewing van die Kuratorium te voeg.**

### 3.4 APPÈLLIGGAAM

(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 314, pt. 5.6) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**3.4.1 Die Sinode besluit om die studiestuk te aanvaar en gee dus nie gevolg aan die daarstelling van 'n appèlliggaam nie.**

### 3.5 WYSIGING AAN KERKORDE ARTIKEL 16

(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 316, pt. 8.1) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**3.5.1 Die Sinode besluit om die voorgestelde wysiging aan Kerkorde Art. 16 goed te keur.**

**Wysiging:**

'n Bedienaar van die Woord mag nie in 'n ander AP kerk (gemeente) sonder toestemming van daardie plaaslike kerkraad optree nie (kyk ook Art. 42.3; Bylae 1 en Sinodebesluit 14), behalwe ten aansien van die lidmaat wat kragtens Art. 4.4 die bediening van die eie leraar en ouderlingeraad vereis.

**80 AANKONDIGINGS**

Die voorsitter doen enkele aankondigings

**81 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) [vervolg]** (Sakelys bl. 149)

**3.6 WYSIGING KERKORDE BEPALING 37A RAKENDE AFSTIGTING** (Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 316, pt. 8.5) – Kennis geneem.

**AMENDEMENT – verwys na TKKS:**

Artikel 37A 2.2
…vasstel of die finansiële posisie beide gemeentes sal laat voortbestaan, gedagtig daaraan dat ook bediening sinvol is, teen die agtergrond van Bepaling 18 gesien moet word en dat dit beide gemeentes raak.

Ds. MJ Hartzenberg; ds. Strauss

**AANBEVELING – verwys na TKKS:**

3.6.1 Die Sinode besluit om die voorgestelde wysigings aan Bepaling 37A goed te keur.

**82 KOFFIETYD**

Die vergadering verdaag vir koffie om 16:00.

# TWEEDE SITTINGSDAG – DINSDAG 31 AUGUSTUS 2010

## VIERDE SESSIE – NA KOFFIETYD TOT AANDETE

Ds. LD Greyling (Port Elizabeth) lei die samesang.

### 83 AANKONDIGINGS EN VERSKONINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings. Hy hou ook die afgevaardigdes van die AP Kerk Leeudoringstad se verskoning vir afwesigheid a.g.v. siekte, voor.

### 84 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) [vervolg] (Sakelys bl. 150)

**3.7 VASSTEL VAN GEMEENTEGRENSE: Kerkorde Artikel 4.4 en 37.4** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**Verander die frase in die sewende reël wat soos volg lui: *... dat die attestaat van die lidmaat uitgereik word* om te lees *... dat 'n attestaat ten opsigte van die lidmaat uitgereik word.***

**Motivering:**

**Wanneer gepraat word van *die attestaat van die lidmaat* wek dit die indruk dat 'n attestaat 'n lidmaatskapkaart is, wat dit nie is nie. Daar lê nie 'n attestaat vir elke lidmaat en wag om oorhandig te word nie. 'n Attestaat is 'n getuigskrif wat eers opgestel word wanneer daarom gevra word. 'n Attestaat getuig oor die suiwerheid van leer en vroomheid van lewenswandel ten tyde van die aansoek om 'n attestaat.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AMENDEMENT – verwys na KKS:**

Wysig "voorgestelde wysiging" soos volg:

Indien 'n lidmaat (kragtens die vrywillige beginsel en die sinodale besluit oor vloeibare grense) woonagtig binne die grense van een gemeente lidmaatskap in 'n naburige gemeente wil verkry en *daardie* ouderlingeraad bereid is om sy/haar aansoek te oorweeg, stel *daardie* ouderlingeraad die huidige ouderlingeraad in kennis met die versoek dat 'n attestaat aan die lidmaat uitgereik word, tensy 'n moontlike tugondersoek hangende is, wat eers afgehandel moet word.

Di. JJ Venter; HSW Strauss

**AMENDEMENT – verwys na KKS**

Voorgestelde wysiging:

…kennis met die versoek dat 'n attestaat of bewys van lidmaatskap waar van toepassing uitgereik word tensy 'n moonlike tugondersoek hangende is, wat eers afgehandel moet word.

Di. LA Wiid; HSW Strauss

**AANBEVELINGS SOOS GEAMENDEER GOEDGEKEUR**

**3.7.1 Die Sinode besluit om die voorgestelde wysiging van Art. 4.4 goed te keur.**

**Wysiging:**

**Indien 'n lidmaat kragtens die vrywillige beginsel en die sinodale besluit oor vloeibare grense woonagtig binne die grense van een gemeente lidmaatskap in 'n naburige gemeente wil verkry en hierdie ouderlingeraad bereid is om sy/haar aansoek te oorweeg, stel hierdie ouderlingeraad die huidige ouderlingeraad in kennis met die versoek dat 'n attestaat ten opsigte van die lidmaat uitgereik word, tensy 'n moontlike tugondersoek hangende is, wat eers afgehandel moet word.**

**3.7.2 Die Sinode besluit om die voorgestelde wysiging van Art. 37.4 goed te keur.**

**Wysiging:**

Die vasstelling van gemeentelike grense met behoud van die vloeibaarheidsbeginsel

**3.8 RIGLYNE VIR DIE BEROEPING, BEVESTIGING EN LOSMAKING VAN EMERITI**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 315, pt. 7.2) – Kennis geneem.

**AMENDEMENT NIE GOEDGEKEUR NIE:**

Die Sinode besluit om KKS - Bylae 2 terug te verwys vir verdere besinning.

Dr. JP Bezuidenhout; ds. JD van der Merwe

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.8.1 Die Sinode besluit om Bylae KKS 2 *Prosedure by die beroeping, bevestiging en losmaking van emeriti* (Sakelys, bl. 171) goed te keur.**

**3.8.2 Die Sinode besluit om die voorgestelde Akte van Demissie vir emeriti goed te keur.**

**3.9 RIGLYNE VIR SKRIBAS VAN KERKRADE, RINGE EN SINODES: Bylae KKS 3**
(Kyk Sakelys 2007, bl. 40, pt. 3.2.1) – Kennis geneem.

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**1) Punt 1 (Sakelys, bl. 173):**

**Vervang die punt met:**

**Die skriba moet 'n dienende kerkraadslid verbonde aan 'n wyk wees.**

**Motivering:**

1. **Die Kerkraad en gemeente kies ouderlinge en diakens vir *wyke* en uit die kerkraadslede word 'n skriba verkies sonder om hom van sy wyk los te maak.**
2. **Dis in die formulier vir die bevestiging van ampsdraers uitgespel wat die werk van die ampsdraer is. So kan 'n ou-**

**derling nie ouderling wees as hy nie die werk van 'n ouderling in 'n wyk, hoe klein die wyk ook mag wees, doen nie. Dieselfde geld vir diakens.**

**2) Punt 2 (Sakelys, bl. 173):**

**Vervang die punt met:**

**Indien daar nie 'n kerkraadslid is wat die volle skribaatwerk kan behartig nie, wys die kerkraad uit eie geledere 'n notule-skriba aan met die opdrag om die notule van die vergadering af te neem en uit te voer.**

**'n Gemeentelid (manlik of vroulik) kan versoek word om die administrasie van die kerkraad te hanteer. Hierdie persoon (saakgelastigde) woon nie die vergaderings van die kerkraad by nie, maar hanteer alle administratiewe sake van die kerkraad, soos lidmaatregisters, argivering, ens.**

**Die kerkraad moet sorg vir goeie skakeling tussen die notule-skriba en die saakgelastigde.**

**Motivering:**

1. **Die voorskrif van Ordereëls 2 en 5 dat die kerkraad/ouderlingeraad kan besluit om iemand tot 'n geslote vergadering toe te laat, geld eintlik vir mense wat by geleentheid kundige advies lewer of as getuies in 'n saak ingeroep word.**
2. **Dit is werklik nie nodig nie dat iemand wat nie 'n lid van die vergadering is nie, tot die hele vergadering, en daarby tot elke vergadering, toegelaat word. Anders word van 'n uitsondering 'n reël gemaak.**
3. **Dit is tog noodsaaklik dat die geslotenheid van die vergadering gehandhaaf word. Slegs wanneer dit hoegenaamd nie moontlik is om sonder advies of getuies sake te kan behandel nie, word die geslotenheid op uiters beperkte wyse, tydelik en onder bepaalde voorwaardes, opgehef.**
4. **Daar word in talle kerkrade van notulerende skribas en saakgelastigdes gebruik gemaak.**
5. **Hierdie voorstel laat die ruimte vir hulp wanneer 'n voltydse skriba nie vanuit die vergadering beskikbaar is nie.**

**3) Punt 3 (Sakelys, bl. 173):**

**Die punt verval in sy geheel in die lig van die gewysigde punte 1 en 2.**

**Ds. WJA van Schalkwyk; prof. R Marè**

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode neem met dank kennis van Bylae KKS 3 en verwys dit na die Pk. en KKS aangesien die Pk. reeds vir ds. LD Greyling versoek het om 'n voordrag wat hy by 'n ringsvergadering gemaak het, aan te pas sodat dit as manuskrip vir 'n publikasie kan dien. Die Pk. word versoek om albei dokumente in ag te neem by die finalisering van 'n publikasie insake administrasie wat kan dien as handleiding vir gemeente-, rings- en sinodeskribas.**

**Di. IP du Preez, AP Boshoff**

**AANBEVELING GOEDGEKEUR – met bg. amendemente in aanmerking geneem:**

**3.9.1 Die Sinode besluit dat die Handleiding vir skribas van kerkrade, ringe, sinodes goedgekeur word (Bylae KKS 3, Sakelys, bl. 173).**

**4. AANBEVELINGS EN KERKORDELIKE WYSIGINGS** (Kerkorde 2008) deur die KKS voorgestel – Kennis geneem.

**AANTEKENING VAN TEENSTEM**

Ds. PG Stans vra dat sy teenstem teen die besluit van die Sinode om 4. AANBEVELINGS EN KERKORDELIKE WYSIGINGS van die KKS verslag (Sakelys, bl 151) ter tafel te neem, aangeteken word, aangesien hy van oordeel is dat 'n sinodale kommissie nie wysigings aan bestaande besluite sonder die indien van 'n beswaarskrif kan aanbeveel nie.

**4.1 ARTIKEL 3** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.1.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

Net blanke Afrikaners, asook ander blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom. 10:9-10), wat die belydenis, leer en die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband (kyk Art. 66) onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.

**4.2 ARTIKEL 4C** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.2.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

'n Verouderde attestaat (ouer as drie maande) dien as 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap, en die ontvangende ouderlingeraad moet 'n bevredigende verklaring van die houer van die attestaat verkry vir die versuim vir inlewering daarvan, alvorens lidmaatskap verkry kan word.

**4.3 BEPALING 4F** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.3.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

Indien 'n lidmaat se bewys van lidmaatskap onopspoorbaar blyk te wees, kan die ouderlingeraad, op getuienis van 'n bloedverwant, of van 'n belydende lidmaat, of van die betrokkene self, met vermelding van die gemeente en die betrokke predikant waar en naastenby wanneer belydenis afgelê is, 'n dusdanige lidmaat se

aansoek om as belydende lidmaat aanvaar te word, goedkeur (na approbasie deur die gemeente) en sy/haar naam in die lidmaatregister aanteken.

**4.4 ARTIKEL 5.1** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.4.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging**:

met attestasie uit die gemeente vertrek. Indien hy/sy nie binne drie maande ná vertrek sy/haar attestaat aanvra nie, verval sy/haar lidmaatskap (kyk ook Bep. 4B en 4G).

**4.5 ARTIKEL 6.3** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**Verander die frase "ná approbasie deur die gemeente en met gebruik van die betrokke formulier" om te lees: "ná approbasie deur die gemeente en met gebruik van die formulier vir die heropname van 'n afgesnyde lidmaat".**

**Motivering: As ons sê "die betrokke formulier", kan daar misverstand wees watter formulier bedoel word, veral aangesien die huidige bewoording praat van aflegging van belydenis van geloof.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AANBEVELING SOOS GEAMENDEER GOEDGEKEUR**

**4.5.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging**:

se ekskommunikasie volgens Art. 59.1.2 deur die ouderlingeraad opgehef is, ná approbasie deur die gemeente en met gebruik van die formulier vir die heropname van 'n afgesnyde lidmaat.

**4.6 BEPALING 13C** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.6.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging**:

**Indien die ouderlingeraad nie die bevoegdheid het om self die beswaar af te handel nie vanweë die klaarblyklikheid van tugoptrede, verwys hy dit na die ouderlingeraad van die beroepene, hetsy proponent of predikant. Indien die beswaar geldig is, word aan die beroepene daarvan kennis gegee en die beroep word nietig verklaar.**

**4.7 BEPALING 14F** – Kennis geneem.

**4.7.1 BEPALING 14F1.3** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**Voeg by die voorgestelde wysiging die volgende:**

**Hierdie gewysigde artikel geld egter eers by enige beroep wat na afloop van hierdie Sinode uitgebring en aanvaar word, tensy 'n predikant sy huidige Kerkraad vrywillig en skriftelik meedeel dat hy van sy langverlof afstand doen.**

**Motivering:**

**Toe 'n predikant tot vandag toe beroep is, was dit deel van sy kontrak wat tussen hom en die Kerkraad tot stand gekom het ten opsigte van voordele wat hom aangebied is en wat hy aanvaar het. As die Sinode nou besluit om die voorgestelde Kerkordewysiging onmiddellik van toepassing te maak, is dit eensydige kontrakbreuk.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AANBEVELING GOEDGEKEUR – met bg. amendement in aanmerking geneem:**

**4.7.1.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging**:

Die kommissie beveel aan dat die bepaling in geheel geskrap word. Hierdie gewysigde artikel geld egter eers by enige beroep wat na afloop van hierdie Sinode uitgebring en aanvaar word, tensy 'n predikant sy huidige Kerkraad vrywillig en skriftelik meedeel dat hy van sy langverlof afstand doen.

Revisie is later oor hierdie besluit aangevra.

## 85 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

## 86 TAFELGEBED

Ds. SA Roets jr. (Groblersdal) doen die tafelgebed en die vergadering verdaag om 18:01 vir aandete.

# TWEEDE SITTINGSDAG – DINSDAG 31 AUGUSTUS 2010

## VYFDE SESSIE – NA AANDETE TOT AFSLUITING

Ds. JA Jacobs (Bainsvlei) lei die samesang. Mev. Petro Bezuidenhout neem die begeleiding waar.

### 87 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

### 88 TWEEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV 2)

Ds. MR Burger (Waterberg) hou die verslag voor.

**VERLOFAANSOEKE GOEDGEKEUR**

| Naam | Gemeente | Datum Aug/ Sep | Tyd |
|---|---|---|---|
| Ds. PA Bredenhann | Buhrmannsdrif | 30-31 | 8:00-18:30 |
| Oudl. CC Visagie | Buhrmannsdrif | 30-31 | 8:00-18:00 |
| Oudl. DP Marais | Buhrmannsdrif | 30-31 | 8:00-18:00 |
| Oudl. LP Vos | Tygerberg | 31 | 18:00-21:00 |
| Oudl. DS van Wyk | Arnot/Hendrina | 31 | 09:00-13:00 |
| Ds. H Scherman | Pietersburg | 01 | 13:00-14:00 |
| Oudl. FJ Eveleigh | Sanddrif | 31 | 09:00-12:00 |
| Oudl. PH Groenewald | Trans-Magalies | 01-02 | |
| Ds. P Janse van Rensburg | Dendron | 01 | 16:00-19:00 |
| Ds. LJ van Wyk | Witrivier | 30 | 19:00 -21:00 |
| Ds. PJL Olivier | Gordonia | 30 | 11:00-21:00 |
| Oudl. GM Strydom | Vrede | 02 | 16:00 - einde |
| Oudl. CL Gibbs | Pretoria-Suiderlig | 01 | 08:00-21:00 |
| Ds. WJD van Wyk | Vaalwater | 31 | 13:00 -21:00 |
| Oudl. AJ Louwrens | Vaalwater | 31 | 13:00 -21:00 |
| Oudl. JC Weilbach | Vaalwater | 31 | 13:00 -21:00 |
| Oudl. HA Dercksen | Delmas | 31 | 08:00-16:00 |
| Ds. AC Jordaan | Lichtenburg | 01 | 08:00-11:00 |
| Ds. LA Wiid | Hugenote-Vallei Vrede | 01 | 08:00-18:00 |
| Ds. K Myburgh | Johannesburg | 01 | 08:00-18:00 |
| Oudl. MD Maree | Johannesburg | 30-01 | 16:00-21:00 |
| Oudl. PJ Kriek | Frankfort | 31-01 | 16:00-21:00 |
| Oudl. WN Meyer | Frankfort | 30 | 16:00-21:00 |
| Oudl. AP Greeff | | 30 | 16:00-21:00 |

**VERLOFAANSOEK NIE GOEDGEKEUR NIE**

| | |
|---|---|
| Oudl. JH Harmse | Derby |

### 89 EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR NOTULE (TKN 1)

Die notule is aan die vergadering uitgedeel. Ds. SA Roets sr. hou notule voor.

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die notule word aanvaar.**

### 90 VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)
(SAKELYS bl. 196)

Die verslag word voorgehou deur ds. IP du Preez.

### 91 OORHANDIGING VAN LIG IN DUISTERNIS-PRYS
(vgl. Punt 7 Pk. verslag)

Die voorsitter reël dat die Lig in Duisternis-prys oorhandig word. Ds. AP Boshoff oorhandig die sertifikate aan di. GJ Hugo en CA Swanepoel.

### 92 VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.) [vervolg] (SAKELYS bl. 196)

1. **LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)** – Kennis geneem.

2. **PERSONEEL IN DIE SENTRALE KERKKANTOOR** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor dr. HJ Smith wat vir meer as 'n dekade lank as afdelingshoof en redakteur van DIE BOODSKAPPER sy taak met onderskeiding behartig het.**

**2.2 Die Sinode neem met groot waardering kennis van die diens wat deur die personeel van die Publikasie-afdeling gelewer word.**

3. **VERGADERINGS** – Kennis geneem.

4. **OPDRAGTE VAN SINODES**

**4.1 KONKORDANSIE VAN DIE PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK**
(HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 338, pt. 6.1) – Kennis geneem.

**4.2 SLAPBAND-UITGAWE VAN DIE PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK**
(Slegs met woorde, sonder note) – Kennis geneem.

**4.3 "KINDERBYBEL" – OPDRAG STEEDS ONDERSOEK**
(HANDELINGE 2004, bl. 398, pt. 4.2.1) – Kennis geneem.

**AANBEVELING MET WYSIGINGS GOEDGEKEUR:**

**4.3.1 Die Sinode moedig lidmate aan om vir die Bybelopvoeding van jong kinders van die volgende twee aanbevole publikasies gebruik te maak: *DIE BYBEL VIR ALMAL* en *DIE BYBEL OORVERTEL VIR OUD EN JONK*.**

Oudl. L Minnaar versoek dat sy teenstem aangeteken word.

**4.4 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGBOEKE**
(HANDELINGE 2004, bl. 400, pt. 4.2.6, HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 339) – Kennis geneem.

**4.5 HANDLEIDINGS WAT VANWEË INHOUDELIKE PROBLEME IN DIE LEERBOEKE NIE GEPUBLISEER KON WORD NIE**
(HANDELINGE TWAALFDE SINODE, bl. 340) – Kennis geneem.

**4.6 ENGELSE WEERGAWE VAN *SKRIFLIG OP KERK EN VOLK*** (Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 340) – Kennis geneem.

**4.7 SUBTIELE DWAALLERINGE EN DWAALLERAARS**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 348)

**4.7.1 Dwaalstandpunte van verskeie populêre skrywers** – Kennis geneem.

**4.8 OPDRAG VANAF TKOO**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 350, 384)

**4.8.1 Verspreiding van Nine Marks of a Healthy Church** – Kennis geneem.

**4.8.2 Opdrag in samewerking met die Kuratorium** – Kennis geneem.

**4.8.3 Publisering van dr. SD Nel se artikels** – Kennis geneem.

**4.8.4 VCHO-pamflette** – Kennis geneem.

**4.9 PRAKTIESE RIGLYNE VIR EVANGELISASIE EN SENDING**
(Handelinge 2004, bl. 399, pt. 4.2.4.) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**4.9.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verskyning van die komplementerende handleiding, *Ek kan nie oor my Here swyg nie.***

**4.9.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om die handleidings met praktiese riglyne vir evangelisasie en sending op ‘n deurlopende basis so effektief as moontlik aan te wend.**

**4.10 *DIE BOODSKAPPER* IN ELEKTRONIESE FORMAAT**
(Handelinge 2004, bl. 405, pt. 9.5) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**4.10.1 Die Sinode neem met dank kennis dat *Die Boodskapper* in elektroniese formaat beskikbaar is en moedig mense aan om hiervan gebruik te maak, veral in die buiteland wanneer posgeld te duur word.**

**4.10.2 Die Sinode neem met dank kennis van ’n eie webwerf vir *Die Boodskapper* wat beoog word en moedig almal aan om die beskikbaarheid hiervan rugbaar te maak, ook in die buiteland.**

**5. VERSLAG OOR PUBLIKASIES**

**5.1 SINODAAL-GOEDGEKEURDE PUBLIKASIES WAT SEDERT 2007 VERSKYN HET**

**5.1.1 Die Kerkorde 2008** – Kennis geneem.

**5.1.2 Kerkjaarboek 2008, 2009 en 2010** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**5.1.2.1 Die Sinode bevestig dat hy die *Kerkjaarboek* as ‘n uiters belangrike publikasie beskou.**

**5.1.2.2 Die Sinode moedig almal wat by die produksie van die *Kerkjaarboek* betrokke is (soos skrywers van dagstukkies, keurders, verskaffers en insamelaars van gegewens en die publikasie-beampte) tot hul uiterste bes aan om steeds van dié publikasie ‘n besondere produk tot eer van die Here te maak.**

**5.1.2.3 Die Sinode versoek kerkrade en kolporteurs tot samewerking om die *Kerkjaarboek* optimaal te versprei – binne én buite ons kerkverband.**

**5.1.2.4 Die Sinode betuig sy dankbaarheid dat die *Kerkjaarboek* goed verkoop en moedig ook die toekomstige aankoop, gebruik en lees daarvan by elke lidmaat aan.**

**5.1.2.5 Die Sinode doen ‘n dringende beroep op skribas van gemeentes en ringe om betyds te reageer op die versoek om gegewens aan die Sentrale Kerkkantoor te stuur vir opname in die volgende jaar se *Kerkjaarboek*.**

**5.2 VERBONDSONDERRIG-PUBLIKASIES (LEER-BOEKE EN LESGIDSE/HANDLEIDINGS) WAT SEDERT DIE 2007 SINODE VERSKYN HET** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**5.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse/handleidings) se versorging wat steeds sal plaasvind totdat die nuwe reeks wat goedgekeur word deur die Sinode, gereed sal wees om te verskyn.**

**5.3 ANDER PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2007 VERSKYN HET**

**5.3.1 – 5.3.25** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**5.3.26 Die Sinode neem met dank kennis van die publikasies wat verskyn het.**

**5.3.27 Die Sinode spreek sy besorgdheid uit oor die klein aantal eksemplare van elke publikasie wat verkoop en dra dit aan die Pk. op om indringend hieraan aandag te skenk.**

**5.3.28 Die Sinode moedig skrywers aan om hul vaardighede te slyp en publikasies daar te stel waarop die kerkverband trots kan wees.**

**5.3.29 Die Sinode dra dit aan die Pk. op om alternatiewe media te ondersoek waarmee die boodskap van die kerkverband gedien kan word.**

**5.4 ANDER PUBLIKASIES WAT BEOOG/BEPLAN WORD**

**5.4.1 – 5.4.9** – Kennis geneem.

**5.5 DIVERSE PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2007 VERSKYN HET**

**5.5.1 – 5.5.3** – Kennis geneem.

**5.6 PUBLIKASIES VAN BUITE (ANDER UITGEWERS) –** Kennis geneem.

**5.7 PAMFLETTE**

**5.7.1 – 5.7.28** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**5.7.29 Die Sinode vestig opnuut die aandag van kerkrade op die pamflette wat by die boekwinkel beskikbaar is en moedig kerkrade aan om die pamflette optimaal te benut.**

**6. BEMARKING**

**6.1 Die bemarkingsfunksie in die Sentrale Kerkkantoor** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**6.1.1 Die Sinode versoek die GKK om oorweging te skenk aan die befondsing van 'n elektroniese besteldiens wat ons publikasies effektief ook na buite kan bemark.**

**6.2 Die Kolporteurstelsel** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**6.2.1 Die Sinode doen opnuut op die hele kerkverband 'n beroep om die kolporteurstelsel van harte te ondersteun sodat die literatuur van ons kerk so effektief moontlik tuisgebring kan word.**

**6.2.2 Die Sinode versoek kerkrade wat nog nie oor die dienste van 'n kolporteur beskik nie, om ernstige oorweging aan die aanwysing van 'n kolporteur te gee.**

**6.2.3 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor al die kolporteurs vir die besondere wyse waarop hulle die kerk en koninkryk dien, asook vir die gesindheid van hartlike samewerking met die Sentrale Kerkkantoor en boekwinkel wat hulle aan die dag lê.**

**7. LIG IN DUISTERNIS-PRYS** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR (Afgehandel aan die begin van die verslag onder punt 91, bl. 51):**

**7.1 Die Sinode gee geleentheid vir die oorhandiging van sertifikate aan diegene wat vermeld is.**

**8. BEGROTING** – Kennis geneem.

**9. BESKRYWINGSPUNT. Die Ring van Brandfort: Preekbundels vir die gebruik deur ouderlinge** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**9.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**10. DANKBETUIGING** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**10.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor**

**10.1.1 die lede van die Publikasiekommissie vir hul getrouheid in die werk van die Kommissie, hul harde arbeid in die keuring van publikasies en die nougesette wyse waarop 'n wakende oog oor die gehalte van ons publikasies gehou word;**

**10.1.2 Alle personeel wat betrokke is by ons publikasies vir die bekwame wyse waarop hulle hul onderskeie take behartig.**

**10.1.3 Alle skrywers, voorlopige beoordelaars en keurders wat daartoe meewerk dat die standaard van ons publikasies hoog bly.**

Die voorsitter bedank ds. IP du Preez vir die voordra van die verslag.

## 93 VERSLAG AAN DIE SINODE VAN 2010 OOR *DIE BOODSKAPPER* EN DIE JEUGBLAAIE

(SAKELYS bl. 201)

Ds. CA Swanepoel dra die verslag voor.

**1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER (DB)*** – Kennis geneem.

**2. *DIE JEUGBOODSKAPPERS*** – Kennis geneem.

**3. PERSONEEL** – Kennis geneem.

**4. VERGADERINGS** – Kennis geneem.

**5. AANTAL UITGAWES** – Kennis geneem.

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om die redaksie van *Die Boodskapper* te versoek om indien moontlik, afgesien van Bybelse blokraaisels in *Die Jeugboodskapper*, asook op 'n gereëlde basis goeie Bybelse blokraaisels in *Die Boodskapper* te plaas.**

**Oudl. TJ Louw; prof. SD Nel**

**6. VERSPREIDING VAN *DIE BOODSKAPPER* EN DIE JEUGBLAAIE: MEI 2007 – MEI 2010** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS MET WYSIGING GOEDGEKEUR:**

**6.1 Die Sinode bevestig opnuut dat hy *Die Boodskapper* en die jeugblaaie as uiters belangrike kommunikasiemiddele sien waardeur kerknuus en ook ander inligting versprei word om lidmate te versterk en weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd. Die Sinode ag *Die Boodskapper* en die twee jeugblaaie verder as belangrike middele vir die opbou van 'n gemeenskaplike etos in die kerkverband.**

**6.2 Die Sinode herhaal sy versoek tot kerkrade om noulettend toe te sien dat *Die Boodskapper* by elke besoekpunt tuiskom — verkieslik deur die wyksouderling of -diaken afgelewer, en dat eksemplare van die**

**toepaslike jeugblaaie gereeld binne die bereik van elke verbondskind gebring word.**

**6.3 Die Sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat vyf gratis eksemplare per uitgawe van *Die Boodskapper* beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.**

**7. VESTIGING VAN 'N LEESKULTUUR** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**7.1 Die Sinode roep kerkrade weereens met die grootste erns op om alles in hulle vermoë te doen om 'n leeskultuur by ons verbondsouers en -kinders te help vestig. Klem behoort gereeld gelê te word op die lees van ons kerklike tydskrifte en ander publikasies. Ouers behoort ook aangemoedig te word om gereeld gepaste gedeeltes uit die jeugblaaie vir hul kleuters voor te lees en skoolgaande kinders te stimuleer om gereeld die kerklike leesstof te lees.**

**7.2 Die Sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by eredienste voorhou, om elke nuwe uitgawe van *Die Boodskapper* spesifiek onder die lidmate se aandag te bring. Die Sinode wys daarop dat gereelde bekendstelling van artikels, berigte, ensovoorts in *Die Boodskapper,* die leeslus prikkel.**

**8. KOSTE** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**8.1 Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle *Boodskapper*-rekeninge so getrou betaal het. Die Sinode versoek kerkrade weereens om hulle intekengeld getrou te vereffen.**

**9. DANKWOORD**

**AANBEVELINGS MET NUMERIESE WYSIGINGS GOEDGEKEUR:**

**9.1 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor alle medewerkers wat meehelp om van *Die Boodskapper* 'n lesenswaardige publikasie te maak.**

**9.<u>2</u> Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Publikasie-afdeling vir hulle bydrae tot die beplanning, versorging, verpakking en versending van *Die Boodskapper* en die jeugblaaie.**

**9.<u>3</u> Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van ons kerkblaaie: lesers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuise binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die Sinode spreek die bede uit dat die Here *Die Boodskapper* en die jeugblaaie ook vorentoe tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik.**

**MOSIE VAN DANK GOEDGEKEUR**

**Dank aan die redaksie en in besonder die redakteur van *Die Boodskapper*, ds. CA Swanepoel, vir die besondere hoë gehalte van die uitgawes asook die aantreklike voorkoms daarvan. Dit prikkel enige leser om dit op te neem en is 'n kompliment vir ons kerkverband se beeld na buite.**

**Ds. DJ Malan**

Die voorsitter bedank ds. CA. Swanepoel vir die voordra van die verslag.

## 94 VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO) (Sakelys bl. 203)

Ds. JB Trollip (Lichtenburg) dra die verslag voor.

**1. PERSONEEL** – Kennis geneem.

**2. VERGADERINGS** – Kennis geneem.

**3. SINODALE OPDRAGTE 2007**

**3.1 OPDRAG (Handelinge 2007, bl. 337)** – Kennis geneem.

**3.2 UITVOERING** – Kennis geneem.

**3.2.1 ALGEMENE TOESTAND VAN ONDERWYS** – Kennis geneem.

**3.2.2 ARSO (Aksie Reformatoriese Skoolonderwys)** – Kennisgeneem.

**3.2.3 BCVO** – Kennis geneem.

**3.2.4 ONAFHANKLIKE SKOLE** – Kennis geneem.

**3.2.5 PESTALOZZI TRUST (Tuisonderwys)** – Kennis geneem.

**3.3 VRAELYSTE** – Kennis geneem.

**3.3.1 GEVOLGTREKKING** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS MET WYSIGINGS GOEDGEKEUR:**

**3.3.2 Die Sinode keur goed dat 'n DVD gemaak word om lidmate oor die toestand van onderwys en die inhoud van die leerplan in openbare skole in te lig. Mnr. Leendert van Oostrum kan in hierdie verband baie van hulp wees.**

**3.3.3 Die Sinode gee opdrag aan die GKK om in sy begroting voorsiening te maak vir 'n bedrag van R35 000 wat aangewend kan word vir die maak van 'n DVD oor die onderwyssituasie.**

## 95 VERSOEK TOT REVISIE: PT 4.7 VAN DIE VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE-SAKE (Sakelys bl 152; Handelinge bl. 250)

**VERSOEK TOT REVISIE NIE GOEDGEKEUR NIE:**

Langverlof is nie uitbetaalbaar nie en langverlof bly dan soos tans vervat in die KO. Geld vir beroepe vanaf sinode en is nie terugwerkend nie.

Di. L Lubbe; PS Steyn

## 96 AFSLUITING

Ds. JB Trollip (Lichtenburg) sluit die dag se verrigtinge af met gebed. Die vergadering verdaag om 20:30.

# DERDE SITTINGSDAG – WOENSDAG 1 SEPTEMBER 2010

## EERSTE SESSIE – OPENING TOT TEETYD

Ds. P Janse van Rensburg (Dendron) lei die samesang.

### 97 BIDSTOND

Oudl. HFF Grobbelaar van AP Kerk Waterberg lei die bidstond.

### 98 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

### 99 VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO) [vervolg] (Sakelys bl. 204)

**AMENDEMENT NIE GOEDGEKEUR NIE:**

Aangesien die meerderheid lidmate nie privaat onderrig aanvaar nie, besluit die sinode dat ouers wie se kinders nie in privaat onderwys is nie, ernstig vermaan moet word om hulle verbondsbelofte ook met betrekking tot onderrig na te kom en daarom hulle kinders in Christelike privaatskole te plaas of tuis te onderrig waar nie reeds skole bestaan nie.

Ds. MJL Jordaan; oudl. SJ Breytenbach

**AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:**

3.3.4 Aangesien die BCVO-skole klaarblyklik vir die meerderheid van ons lidmate nie aanvaarbaar is nie, besluit die Sinode dat kerkrade opgeroep word om — in ooreenstemming met die vorige sinodebesluite — dringend aandag te gee aan die daarstel van kerkskole ten einde die invloed van staatsonderwys op ons kinders teen te werk en onderwys ‘n voortsetting van ons verbondsbeloftes te maak.

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

1. **Die Sinode bevestig dat die beginsels van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) en die Beweging vir Christelik-Volkseie Onderwys (BCVO), wat betref die Christelike Volkseie onderwys-, met ‘n Calvinisties Gereformeerde grondslag, dieselfde is.**

2. **Die Sinode gee opdrag aan die leraars en kerkrade, om die BCVO en CVO-skole aktief te promoveer, te ondersteun en by in te skakel.**

**Oudle. HE Olivier; JJ Botha**

**VOORSTEL NIE GOEDGEKEUR NIE:**

1. Aangesien die BCVO-skole na bewering vir die meerderheid van ons lidmate nie aanvaarbaar is nie, besluit die Sinode dat die KOO allereers dringend verdere ondersoek instel na die beweerde nie-aanvaarbaarheid en met die BCVO-beheer vergader ten einde ‘n sinvolle en werkbare samewerking met hulle te probeer bewerkstellig sodat by die volgende Sinode daaroor verslag gedoen kan word oor die moontlike verdere stigting van CVO-skole in samewerking met die APK.

2. Indien gemelde samewerking werklik nie kan realiseer nie, besluit die Sinode dat die KOO alle vereistes i.v.m. die registrasie van private kerkskole moet bekom ten einde die moontlike stigting van kerkskole deur kerkrade as gesamentlike aksie van die APK te laat loods.

<u>Motivering:</u>

Die BCVO bestaan reeds geruime tyd en het reeds hul merk by die staatsdepartement gemaak. Dit sal beter werk om eerder met hulle saam te werk om meer van die CVO-skole te stig. Hulle het reeds al die reëlings t.o.v. die stigting van die skole uitgestryk en het ook reeds die eksaminering en al die ander vereistes onder beheer. Waarom moet kerkrade nou weer die wiel van vooraf ontdek ten einde self te poog om private skole te stig? Die vereistes verbonde aan die registrasie van sodanige skole is talryk en nie maklik haalbaar nie. Daarom moet daar eers ondersoek ingestel word na die probleme wat mense moontlik met die BCVO ondervind en eerder gekyk word of daar nie in samewerking met hierdie instansie meer skole onder hul vaandel gestig kan word nie. Om nou nog weer ‘n verdere stel skole te probeer stig, is nie slegs ‘n byna onbegonne taak nie, maar dit sal die Afrikaner se saak nog meer in ‘n slegte lig stel, omdat dit sal toon dat ons nie met mekaar kan of wil saamwerk nie. Een groot en sterk organisasie met ‘n groot groep skole onder sy vaandel is die oplossing om ons kinders se onderwys na ons eie wil te laat plaasvind.

Oudl. HR Lemmer; ds. JB Trollip

**4. SLOT** – Kennis geneem.

Die voorsitter bedank ds. JB Trollip vir die voordra van die verslag.

### 100 PERSONEELWISSELING EN LAAT REGISTRASIE

Die voorsitter kondig die personeelwisseling aan.

**1. WISSELING KENNIS GENEEM**

Oudl. GES Leversage (Roedtan) vervang oudl. RJ Rauch
Oudl. JH van Antwerpen (Delareyville) vervang oudl. JJ Swanepoel
Oudl. JJ Maritz (Tuinplaas) vervang oudl. WM Wilken
Oudl. AP Terblanche (Groblersdal) vervang oudl. JH Kerling
Oudl. L Snyders (Groblersdal) vervang oudl. DS Aucamp
Oudl. RE Norton (Fonteine) vervang oudl. JA Grobbelaar
Oudl. JJ Visagie (Derby) vervang oudl. JH Harmse
Oudl. P Hurter (Vaalwater) vervang oudl. JC Weilbach
Oudl. SH Nel (Standerton) vervang oudl. GC Koch
Oudl. DM van der Merwe (Standerton) vervang oudl. DBJ van Rensburg
Oudl. JJB Cilliers (Marble Hall) vervang oudl. JH Fouché
Oudl. PJS Marx (Frankfort) vervang oudl. AP Graaff

**2. LAAT REGISTRASIE**

Ds. ZJ van Rensburg (Frankfort)
Oudl. DR Pieters (Vorentoe)

Die voorsitter hou ds. JWJ Hanekom se verskoning aan die vergadering voor.

**101 VERSLAG: KURATORIUM (KUR)** (SAKELYS bl. 190)

Die verslag word deur ds. MJ Hartzenberg voorgedra.

1. **INLEIDING** – Kennis geneem.

## AFDELING A: KURATORIUM

1. **PERSONEEL**

1.1 **Lede van die Kuratorium** – Kennis geneem.

1.2 **Veranderinge in doseerpersoneel**

1.2.1 **Prof. JAE Adendorff** – Kennis geneem.

1.2.2 **Dr. J Bosman** – Kennis geneem.

1.2.3 **Prof. JAE Adendorff** – Kennis geneem.

1.2.4 **Dr. SD Nel** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**1.2.5 Die Sinode wens professore JAE Adendorff, J Bosman en SD Nel geluk met hulle benoemings onderskeidelik as Rektor van die Afrikaanse Protestantse Akademie, hoogleraar aan die Teologiese Fakulteit van die Afrikaanse Protestantse Akademie en Registrateur van die Afrikaanse Protestantse Akademie en bid hulle die seën van die Here op hulle arbeid toe.**

2. **VERGADERINGS** – Kennis geneem.

3. **DAGBESTUUR** – Kennis geneem.

4. **SUBKOMMISSIE: BEURSE EN LENINGS** – Kennis geneem.

5. **PREDIKANTSKAP/PROPONENTSKAP** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**5.1 Die Sinode bid die predikante wat beroepbaar gestel is, t.w. dr. JH Breytenbach, di. DJ Warnich (emeritus) en GF Aggenbag (emeritus) die seën van die Here op hulle bediening toe.**

5.2 **BEHOUD VAN STATUS**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**5.2.1 Die Sinode neem kennis van die behoud van status wat die Kuratorium aan die vier broeders toegeken het.**

6. **TEOLOGIESE STUDENTE VAN DIE AP AKADEMIE GELEGITIMEER** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**6.1 Die Sinode bid hierdie agt predikante die seën van die Here toe op hulle bediening.**

7. **VERLIES VAN STATUS** – Kennis geneem.

8. **SKAKELING MET DIE RAAD VAN DIE AKADEMIE** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**8.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verteenwoordiging van die Kuratorium op die Raad en die skakeling wat die Kerk met die Akademie het by wyse van die Kuratorium.**

9. **SKAKELING MET TEOLOGIESE DOSENTE** – Kennis geneem

10. **OMSENDBRIEF AAN EMERITI** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**10.1 Die Sinode betuig sy dank aan ds. OD Scheuer vir die besondere diens gelewer aan emeriti en weduwees van emeriti.**

MOSIE GOEDGEKEUR

**Die Sinode keur die mosie goed dat gemeentes deur die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie by emeriti van die kerkverband betrokke kan raak om moeilike finansiële omstandighede te help verlig.**

**Ds. GCD Stoltz; oudl. JN Ras**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**10.2. Die Sinode neem kennis dat ds. MJ Hartzenberg in samewerking en oorleg met ds. JA de Beer hierdie taak oorneem.**

11. **TEOLOGIESE BEGELEIDING VAN STUDENTE** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**11.1 Die Sinode neem met dank kennis van die voortgesette skakeling tussen die Kuratorium en studente.**

**11.2 Die Sinode besluit dat die Kuratorium versoek word om, sover moontlik, in die begroting voorsiening te maak vir maksimale betrokkenheid by en skakeling met die teologiese studente.**

12. **TEOLOGIESE OPLEIDING VAN PREDIKANTE** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**12.1 Die Sinode keur die besluit van die Kuratorium rakende die stigting van die Afrikaanse Protestantse Teologiese Vereniging goed.**

**12.1.1 Die Sinode besluit dat alle leraars lid van hierdie vereniging moet wees. Lidmaatskap van emeriti is vrywillig.**

**12.1.2 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om dit vir hulle leraar(s) moontlik te maak om per geleentheid die verdere opleiding en toerusting soos deur die vereniging gereël, by te woon.**

**12.1.3 Die Teologiese Vereniging ressorteer onder die Kuratorium en rapporteer via die Kuratorium aan die Sinode.**

**12.1.4 Die onus vir die funksionering van hierdie vereniging lê by die Kuratorium en nie by die Akademie nie.**

**12.1.5 Hierdie vereniging moet 'n eie reglement opstel wat deur die Kuratorium goedgekeur kan word.**

**12.1.6 Die Kuratorium wys drie lede uit hulle geledere aan en hulle koöpteer nog twee lede uit die predikantekorps.**

**12.1.7 Hierdie subkommissie van die Kuratorium reël die praktyk vir die funksionering van die Teologiese Vereniging.**

**12.1.8 Teologiese studente moet ook lede van die vereniging wees.**

AANBEVELINGS MET WYSIGING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode keur goed dat die lasgewing van die Kuratorium uitgebrei word met die volgende punt:**

**12.2 Die Kuratorium <u>mag</u> 'n klag lê in enige saak van leer of lewe-, wat die bedienaar van die Woord raak wat onder sy aandag kom.**

**12.3 Die Sinode verwys die lasgewing van die Kuratorium vir hersiening na die volgende Kuratorium.**

**13. VDM** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**13.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Publikasiekommissie en redakteur van *Die Boodskapper* vir die ruimte wat aan die *VDM* afgestaan word en moedig predikante aan om dit nie net te lees nie, maar ook bydraes wat vir publikasie oorweeg kan word, te stuur.**

**14. PREDIKANTEKONFERENSIE** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS MET NUMERIESE WYSIGINGS GOEDGEKEUR:

**14.1 Die Sinode neem met dank kennis van die konferensie wat plaasgevind het.**

**14.2 Die Sinode spreek weereens sy dank en waardering teenoor die Direkteur en sy kantoorpersoneel uit vir die reëlings van die Tweede Predikante-konferensie.**

**14.3 Die Sinode neem met dank kennis van pt. 1-6 van Bylae KUR 1.**

**14.4 Die Sinode spreek sy teleurstelling uit ten opsigte van al die predikante wat sonder verskoning by die konferensie afwesig was.**

**14.<u>5</u> Die Sinode neem kennis van die studente wat die konferensie bygewoon het en spreek sy dank teenoor die Afrikaanse Protestantse Akademie uit wat dit vir hulle moontlik gemaak het om die konferensie by te woon.**

**14.<u>6</u> Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die Kuratorium om vóór die volgende Sinode weer so 'n konferensie te reël en die Afrikaanse Protestantse Teologiese Vereniging by die reëlings te betrek.**

**15. WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS (WLTS)** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**15.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes en indiwidue wat gehelp het om die fonds in die lewe te roep en oor baie jare heen bydraes tot die fonds gemaak het (kyk Bylae 2).**

**15.2 Kerkrade word versoek om – afgesien van die naaste Sondag aan die datum van kerkstigting, naamlik 27 Junie – ook tydens Pinkster op 'n wyse soos deur die kerkraad besluit, in die gemeente 'n kollekte vir die WLTS te hou.**

**15.3 Lidmate word steeds versoek om by wyse van erflatings die WLTS aan te vul.**

**16. BESKRYWINGSPUNTE/BESWAARSKRIFTE** – Kennis geneem.

**16.1 Beswaarskrif teen besluit van Sinode**
(Handelinge Twaalfde Sinode, bl. 328-329, pt. 21.3) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**16.2 Die Sinode besluit dat 'n voorlopige gesprek met die Direkteur van Kerkadministrasie moet plaasvind nog voordat die aansoeker by die Kuratorium aanmeld om as leraar in die AP kerkverband toegelaat te word. Op aanbeveling van die Direkteur kan die aansoeker die Kuratorium versoek om 'n gesprek toe te staan.**

Die voorsitter bedank ds. MJ Hartzenberg vir die voordra van die verslag.

## 102 VERWELKOMING EN GELUKWENSING

Die voorsitter verwelkom prof. HS Theron. Hy word ook gelukgewens met sy verjaardag die vorige dag.

## 103 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) [vervolg] (Sakelys bl. 152)

**4.7.2 BEPALING 14F2** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**4.7.2.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

<u>Wysiging</u>:

'n Predikant behoort sy vakansieverlof te neem voordat hy de-

missie ontvang. ‘n Kerkraad kan besluit om of ongebruikte verlof toe te staan, of die verlof uit te betaal.

**4.8 ARTIKEL 19.2.2** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.8.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

Wysiging:

Indien die ouderlingeraad van oordeel is dat daar geen positiewe resultate verkry is nie, vind ‘n ondersoek plaas onder die voorsitterskap van die konsulent, wat besluit of die saak na die ring deurgestuur behoort te word vir verdere hantering volgens Art. 19.3.

**4.9 ARTIKEL 23.3** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.9.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

Wysiging:

Alleen manlike belydende lidmate van die gemeente wie se name in die lidmateregister van die gemeente opgeteken is en wat nie onder sensuur (tug) is nie, is as ampsdraers verkiesbaar.

Oudl. L Minnaar teken sy teenstem aan.

**4.10 BEPALING 24A** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**Skrap die woorde “versoek tot”.**

**Motivering: Wanneer ‘n kerkraadslid losmaking versoek, is sy *versoek* onmiddellik van krag. Dit is sy *losmaking* wat eers van krag word as die Kerkraad dit bewillig.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AANBEVELING SOOS GEAMENDEER GOEDGEKEUR**

**4.10.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

Wysiging:

**Bep. 24A.1 ‘n Kerkraadslid wat ná verstryking van ‘n dienstyd nie herkies word nie, bly in diens tot ‘n plaasvervanger bevestig is (volgens Art. 23), tensy die kerkraad anders besluit.**

**Bep. 24A.2 ‘n Kerkraadslid se losmaking word van krag sodra die kerkraad ‘n behoorlik gemotiveerde aansoek daartoe bewillig.**

**4.11 ARTIKEL 37.7** – Kennis geneem. (Prof. FAH van Staden versoek die volgende regstelling in die KKS se verslag (Sakelys, bl.153): Die woorde *in stryd met* in die tweede sin onder die hofie *Motivering* moet geskrap word.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.11.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

Wysiging:

die kies van ‘n voorsitter en ‘n skriba vanuit die afgevaardigdes en die aanwys van die nodige kommissies (kyk Bep. 37D).

**4.12 BEPALING 37D** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.12.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

Wysiging:

Die voorsitter, skriba en ringskommissie word vanuit die afgevaardigdes per groslys met volstrekte meerderheid van stemme, volgens die stemprosedure by die beroeping van ‘n predikant of verkiesing van kerkraadslede, gekies.

**4.13 BEPALING 53A** – Kennis geneem.

**AMENDEMENTE GOEDGEKEUR**

**AMENDEMENT 1**

**Vervang die woord “moet” in die derde reël met “mag net”.**

**Motivering: ‘n Belydende lidmaat wat van ‘n ander lidmaat se dwaling weet, mag oordeel dat hy om een of ander rede nie ‘n klag wil lê nie. Nou sê die voorstel dat hy *moet*. Intussen is dit nie waaroor die wysiging wil handel nie. Die wysiging wil duidelik stel *waar* die klag gelê moet word wanneer iemand ‘n klag wil lê.**

**AMENDEMENT 2**

**Verander die woorde “en moet self aan die aangeklaagde skriftelik kennis gee met ‘n afskrif van die klag” om te lees:**

**“en moet ‘n skriftelike afskrif van die klag persoonlik aan die aangeklaagde oorhandig”.**

**Motivering: Die amendement sê wat die KKS eintlik beoog. Soos wat die KKS dit bewoord het, los dit nog nie die huidige problem op nie, want as die aanklaer “self aan die aangeklaagde skriftelik kennis moet gee” kan dit steeds vertolk word dat hy dit self per pos kan doen, of per koerierdienste, of per e-pos, of per aangetekende pos, of selfs iemand anders kan stuur.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AANBEVELING GOEDGEKEUR – met bg. amendemente in aanmerking geneem:**

**4.13.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

Wysiging:

**‘n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur (tug) is nie, ‘n ampsdraer(s), ouderlingeraad, kerkraad, ring of ringskommissie in opdrag van die ring, mag net by ‘n ouderlingeraad van die gemeente waar die aangeklaagde lidmaat is, skriftelik ‘n gemotiveerde klag of klagtes teen, ‘n belydende lidmaat/-mate individueel of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, en moet ‘n skriftelike afskrif van die klag persoonlik aan die aangeklaagde oorhandig.**

**4.14 ARTIKEL 55** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**Voeg by punt 55.5 nog een sin:**

**Indien die klaer(s) nie met die besluit van die ouderlingeraad akkoord kan gaan nie omdat die klaer(s) oordeel dat Kerkorde-artikels en/of -bepalings nie in ag geneem is nie of verkeerd toegepas is, kan hy/hulle na die ring appelleer. Indien die ring bevind dat die klaer se bewerings gegrond is, beslis die ring dat die ouderlingeraad die saak weer ter tafel moet neem en met in agneming van dit wat nie gedoen was nie, of verkeerd gedoen is, weer 'n besluit moet neem.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AANBEVELING GOEDGEKEUR – met bg. amendement in aanmerking geneem:**

**4.14.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**<u>Wysiging</u>:**

**1.1. In die geval van 'n klag of gerug dat 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in volgens die bepalings van Art. 53 en oordeel oor die substansie daarvan.**

**1.2. Die ouderlingeraad kan, voordat die klag of gerug ondersoek word volgens Bep. 53C, die aangeklaagde in sy amp stuit indien die erns van die klag of gerug dit regverdig.**

**55.3.1 Indien geen substansie met die ondersoek bevind word nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel met skriftelike kennisgewing aan die klaer(s) en die aangeklaagde(s), Bep. 53C.**

**55.3.2 Indien substansie bevind word, besluit die ouderlingeraad oor die toepaslike tugmaatreël volgens Art. 57.3.**

**55.4 Indien by geleentheid meer as die helfte van die ouderlingeraad aangekla is, sodat die kworum verbreek is, reël die voorsitter van die ouderlingeraad met 'n ouderlingeraad binne ringsverband vir 'n gesamentlike ondersoek met die restant van die ouderlinge wat nie aangekla is nie of indien die hele ouderlingeraad aangekla is, reël die voorsitter met 'n ouderlingeraad binne ringsverband om die ondersoek af te handel.**

**55.5 Indien die klaer(s) 'n beswaarskrif teen 'n bevinding volgens Art. 55.3.1 by die ouderlingeraad indien, behandel die ouderlingeraad dit of alternatiewelik die ander ouderlingeraad, Art. 55.4. <u>Indien die klaer(s) nie met die besluit van die ouderlingeraad akkoord kan gaan nie omdat die klaer(s) oordeel dat Kerkorde-artikels en/of -bepalings nie in ag geneem is nie of verkeerd toegepas is, kan hy/hulle na die ring appelleer. Indien die ring bevind dat die klaer se bewerings gegrond is, beslis die ring dat die ouderlingeraad die saak weer ter tafel moet neem en met in agneming van dit wat nie gedoen was nie, of verkeerd gedoen is, weer 'n besluit moet neem</u>.**

**Bep. 55A – skrap die bepaling**

## 104 TWEEDE VERSLAG: DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM 2)

(Bylae 9 – Handelinge bl. 309)

Ds. A Boshoff hou die verslag voor.

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die verslag word aanvaar.**

## 105 TEETYD

Die vergadering verdaag om 10:31 vir tee.

# DERDE SITTINGSDAG - WOENSDAG 1 SEPTEMBER 2010

## TWEEDE SESSIE: NA TEETYD TOT MIDDAGETE

Samesang word gelei deur ds. JCG Janse van Vuuren (Roodepoort).

### 106 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings en wens sr. Edna-Mari Scherman geluk met haar verjaarsdag. Oudl. G Prinsloo word ook gelukgewens met sy verjaarsdag.

### 107 STEMREG GOEDGEKEUR

Die voorsitter hou 'n skrywe van AP Kerk Richardsbaai aan die vergadering voor.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**APK Richardsbaai se afgevaardigdes verkry stemreg.**

### 108 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) [vervolg] (SAKELYS bl. 154)

**4.15 ARTIKEL 56** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.15.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

**1.1 In die geval waar 'n predikant, emeritus of teologiese dosent hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad met toepassing van Bep. 37F 2.2 ondersoek in volgens die bepalings van Art. 53 en Bep. 53C en oordeel oor die substansie daarvan.**

**1.2 Die ouderlingeraad kan, voordat die klag of gerug ondersoek word volgens Bep. 53C, die aangeklaagde in sy amp stuit indien die erns van die klag dit regverdig.**

**56.3.1 Indien geen substansie met die ondersoek bevind word nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel met skriftelike kennisgewing aan die klaer(s) en die aangeklaagde, Bep. 53C.**

**56.3.2 Indien substansie met die ondersoek bevind word, word die ringskommissie in kennis gestel om 'n onmiddellike datum vir 'n gesamentlike ondersoek saam met die ouderlingeraad te reël (kyk Bep. 56A).**

**56.3.3 Indien die ring nadat die gesamentlike ondersoek afgehandel is – in die afwesigheid van die ouderlingeraad, hul afgevaardigdes, die klaer(s) en die aangeklaagde – soos die ouderlingeraad substansie bevind, word hul gemotiveerde bevinding met 'n aanbeveling ingevolge Art. 57.4.1; 57.4.2.1; 57.4.2.2 of 57.4.3 aan die ouderlingeraad besorg.**

**56.3.4 Indien die aanbeveling van die ring volgens Art. 57.4.1 of 57.4.2 is, pas die ouderlingeraad die aanbevole tugmaatreël toe met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde. Indien die aanbeveling van die ring volgens Art. 57.4.3 of 57.4.4 is, versoek die ouderlingeraad 'n buitengewone kerkraadsvergadering (Bep. 34B) waar en wanneer die kerkraad as die werkgewer sonder meer uitvoering gee aan die bevinding met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde.**

**56.4 Indien die klaer teen 'n bevinding appelleer volgens Art. 58 en Bepalings word dit gerig aan die ring met kennisgewing aan die kerkraad, wat deur die ouderlingeraad 'n verweerskrif voorberei.**

**Bepaling 56A**

**Die gesamentlike ondersoek (Art. 56.3.2) word deur die ouderlingeraad en die ring gedoen en moet staande die vergadering sy notule goedkeur.**

**4.16 ARTIKEL 57.3** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT – verwys na KKS:**

Die inleidende sin van Art. 57 wat lees: "Wanneer tugmaatreëls toegepas word, word van die volgende gebruik gemaak na gelang van die vergadering wat die tug uitoefen" moet in die lig van die veranderinge in Art. 57 verander na:

"Wanneer tugmaatreëls toegepas word, maak die ouderlingeraad van die volgende gebruik:"

Motivering: Hierdie wysiging word deur die veranderinge in 57.4.1 tot 57.4.3 genoop.

Prof. R Marè; oudl. JH Harmse

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.16.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

**1.1.2 skorsing deur die ouderlingeraad wat onder bepaalde omstandighede, kragtens die aard en graad van die oortreding vir 'n vasgestelde tydperk geskied of;**

**1.1.3 afsetting uit die diens deur die ouderlingeraad.**

**4.17 ARTIKEL 57.4** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT 1 GOEDGEKEUR:**

**Wysig die woorde "skorsing deur die kerkraad uit die diens op voorstel van die ouderlingeraad en die ring..." om te lees:**

**"skorsing deur die kerkraad uit die diens op besluit van die ouderlingeraad ná aanbeveling deur die ring..."**

**Motivering: Die wysiging bring die artikel in ooreenstemming met die gewysigde Art. 56.3.4. Dáár staan dat die ring aanbeveel en dat die ouderlingeraad die tug toepas.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AMENDEMENT 2 GOEDGEKEUR:**

**Wysig die woorde "afsetting deur die kerkraad uit die diens op voorstel van die ouderlingeraad en ring…." om te lees:**

**"afsetting deur die kerkraad uit die diens op aanbeveling deur die ring en op besluit van die ouderlingeraad".**

**Motivering: In die gewysigde Art. 56.3.4 staan dat die ring aanbeveel en die ouderlingeraad besluit. Indien Art. 57.4.3 nou sou bepaal die ouderlingeraad *stel aan die kerkraad voor* is dit die kerkraad wat besluit en kan die kerkraad die voorstel van die ouderlingeraad veto. Die enigste rede waarom die kerkraad die afsetting moet doen, is omdat hy die regspersoon is, maar die kerkraad hanteer nie die afdwaling in leer of lewe nie.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AANBEVELING SOOS GEAMENDEER GOEDGEKEUR 4.17.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

**57.4.1 'n bestraffing binne of buite die vergadering van die ouderlingeraad; of**

**57.4.2.1 skorsing deur die ouderlingeraad wat geskied vir 'n vasgestelde tydperk met behoud van traktement en behuisingsvoordeel, maar met verlies van ander toelaes en met opskorting van die voorreg om beroep te word; of**

**57.4.2.2 skorsing deur die kerkraad uit die diens op besluit van die ouderlingeraad ná aanbeveling deur die ring met onmiddellike losmaking van die band, met dien verstande dat die ring dié predikant weer beroepbaar stel sodra daar bewyse van grondige berou is, kyk Art. 59.3.3; of**

**57.4.3 afsetting deur die kerkraad uit die diens op aanbeveling deur die ring en op besluit van die ouderlingeraad ooreenkomstig Art. 56.3.4 wat nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit. Dit geld ook vir emeriti en teologiese dosente.**

**4.18 ARTIKEL 58** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**Die voorstel van die KKS is dat Art. 58.1en 58.2 dieselfde bly.**

**Die bestaande bewoording van Art. 58.2 lui: "In tugsake wat die leer van die kerk raak, het die klaer in 'n vryspraak die reg tot appèl tot by die sinode":**

**Hierop die volgende amendement: Voeg by die bestaande bewoording die volgende:**

**"In tugsake wat die lewe van die aangeklaagde raak, het die klaer by vryspraak die reg tot appel tot by die sinode net indien geappelleer word teen besluit(e) wat na die oordeel van die aanklaer geneem is op grond van verkeerde vertolking van die Kerkorde of negering van bepaalde aspekte in die Kerkorde. Die appèl handel dan nie oor die inhoud van die klag nie, maar oor die formele kerkordelike hantering daarvan."**

**Motivering: Dit gebeur dat 'n ring 'n lidmaat op 'n klag van sondige lewenswandel vryspreek, maar dit doen deur 'n onkerkordelike hantering van die saak. Dan het die klaer geen beroepmoontlikheid om die onreg reg te stel nie en word die sonde en onreg gedien. Met hierdie byvoeging word hierdie onreg reggestel. Hierdie amendement vra nie dat die sinode op die inhoud van die klag moet ingaan nie; daar vind nie 'n tweede ondersoek en "verhoor" plaas nie. Die sinode word net daarin geken om te beslis of die kerkorde reg toegepas is.**

**Onder die Lasgewings van Permanente Sinodale Kommissies word in punt 3 van die Algemene Bepalings (Kerkordeboek: 151) die beginsel gestel dat net 'n sinode van die AP Kerk vorige besluite gesaghebbend en finaal mag interpreteer. Die beginsel geld ook die interpretasie van die Kerkorde, aangesien die Kerkorde van begin tot end "vorige sinodebesluite" is.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AANBEVELING SOOS GEAMENDEER GOEDGEKEUR**

**4.18.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

**1. Art. 58.1 bly ongewysig.**

**2. Art 58.2**

**In tugsake wat die leer van die kerk raak, het die klaer in 'n vryspraak die reg tot appèl tot by die sinode. In tugsake wat die lewe van die aangeklaagde raak, het die klaer by vryspraak die reg tot appel tot by die sinode net indien geappelleer word teen besluit(e) wat na die oordeel van die aanklaer geneem is op grond van verkeerde vertolking van die Kerkorde of negering van bepaalde aspekte in die Kerkorde. Die appèl handel dan nie oor die inhoud van die klag nie, maar oor die formele kerkordelike hantering daarvan."**

**3. Art. 58.3 tot 58.5 bly ongewysig.**

**4. BEPALING 58A**

**'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die ouderlingeraad of kerkraad wat 'n besluit geneem het, kennis gee van appèl, in welke geval die ouderlingeraad of kerkraad dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.**

**5. BEPALING 58B**

**'n Appèlskrif moet (vgl. Art. 31)**

- **skriftelik wees;**
- **die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal;**
- **ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad of ouderlingeraad;**
- **ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van die ring.**

**Die res van die Bepaling 58B bly onveranderd, asook Bepalings 58C en 58D**

**4.19 ARTIKEL 59.2** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

Wysig die bewoording om soos volg te lees (voorgestelde wysigings is kursief):

"In die geval van kerkraadslede word die sensuur of skorsing opgehef deur die ouderlingeraad wat die tug toegepas het, of by moontlike verhuising *deur die kerkraadslid, deur sy huidige ouderlingeraad wat voor sy besluit eers met die ouderlingeraad wat die skorsing hanteer het, moet skakel*."

Motivering: Eerstens: Die KKS se formulering "onder wie se toesig hy hom gevolglik bevind het", lees nie maklik nie. Veral die woord "gevolglik" maak dit moeilik. Die amendement wil die wese van die saak duideliker stel. Tweedens: Soos die KKS se voorstel lui, kan die huidige ouderlingeraad van die geskorste kerkraadslid nooit die skorsing ophef as die eerste kerkraad nie so aanbeveel nie. Die ouderlingeraad onder wie se toesig die geskorste hom bevind, word nou 'n onselfstandige ouderlingeraad in die saak, omdat hy nooit teen die aanbeveling van die vorige ouderlingeraad kan gaan nie.

Prof. R Marè; oudl. JH Harmse

**AANBEVELING SOOS GEAMENDEER GOEDGEKEUR**

4.19.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.

Wysiging:

In die geval van kerkraadslede word die sensuur of skorsing opgehef deur die ouderlingeraad wat die tug toegepas het, of by moontlike verhuising deur die kerkraadslid, deur sy huidige ouderlingeraad wat voor sy besluit eers met die ouderlingeraad wat die skorsing hanteer het, moet skakel.

**4.20 ARTIKEL 59.3** – Kennis geneem.

**AMENDEMENTE GOEDGEKEUR – verwys na KKS vir afhandeling. Prof. Marè sal gekoöpteer word:**

**AMENDEMENT 1**

Verander Art. 59.3.2 om te lees:

1. Opheffing van sensuur, wat gepaard gegaan het met die uitvoering van Art. 57.4.2.2, vind plaas deur die ouderlingeraad onder wie se toesig die predikant tydens opheffing val.

2. Opheffing van skorsing wat ingevolge Art. 57.4.2.2 toegepas was, vind plaas deur die kerkraad wat die skorsing toegepas het. Die kerkraad mag egter die skorsing net ophef as die ouderlingeraad wat besluit het dat die predikant geskors word, so opdrag gee. Daardie ouderlingeraad moet egter adviese van ander ouderlingerade onder wie se toesig die predikant hom intussen bevind het in ag neem. Die ring stel die predikant beroepbaar.

Motivering:

1. 'n Predikant wat geskors is en van wie die band met sy gemeente losgemaak is, en wat ook onder sensuur geplaas is, val net onder die sensuurbevoegheid van die ouderlingeraad wat besluit het dat hy geskors word solank hy nie lidmaat by 'n ander gemeente geword het nie.

2. Die geskorste persoon mag na sy skorsing 'n lidmaat van 'n ander gemeente wees en dan val hy onder die tugbevoegdheid van daardie ouderlingeraad. Dis alleen daardie ouderlingeraad onder wie se toesig hy val, wat die sensuur kan ophef.

3. Met die skorsing is dit anders gesteld. Kerkraad A wat hom geskors het (op besluit van die ouderlingeraad A van dieselfde gemeente) moet die skorsing ophef ná besluit van ouderlingeraad A dat die skorsing opgehef word. Ouderlingeraad A moet egter advies aanvra van al die moontlike ander ouderlingerade onder wie se toesig die persoon sedert sy skorsing geval het.

Prof. R Marè; oudl. JH Harmse

**AMENDEMENT 2**

Verander Art. 59.3.3 om te lees:

1) Opheffing van sensuur, wat ingevolge Art. 57.4.3 toegepas is, vind plaas deur die ouderlingeraad onder wie se toesig die persoon hom bevind tydens die opheffing, maar eers nadat adviese bekom is van die ouderlingeraad wat hom afgesit het en ander ouderlingerade onder wie se toesig hy intussen geval het.

2) Die opheffing van die afsetting uit die amp vind plaas deur die kerkraad wat die afsetting toegepas het, nadat die ouderlingeraad wat op die afsetting besluit het, sy besluit omgekeer het. Die ouderlingeraad mag egter nie die besluit omkeer indien Art. 59.3.5 van toepassing is nie. Die ouderlingeraad moet advies van ander ouderlingerade onder wie se toesig die persoon hom intussen bevind het in ag neem. Die Kuratorium stel die persoon beroepbaar nadat hy 'n suksesvolle *colloqium doctum* by die Kuratorium afgelê het.

Motivering:

1. Hier geld dieselfde beginsel: Alleen 'n ouderlingeraad onder wie se toesig 'n persoon val, kan hom onder sensuur plaas en/of die sensuur ophef. Die persoon kon jare gelede weggetrek het uit die gemeente waarin hy was tydens sy afsetting. Intussen kan hy 'n duisend kilometer ver weg al vir jare 'n godvrugtige lewe voer, waarmee sy ouderlingeraad onder wie se toesig hy val, volkome op hoogte is. Dáárdie ouderlingeraad moet die besluit neem om die sensuur op te hef (indien van toepassing). Voordat die besluit geneem word, moet advies gevra word van die ouderlingeraad wat hom onder sensuur geplaas het asook van ander ouderlingerade onder wie se toesig hy mog gewees het sedert die afsetting. Die finale besluit oor opheffing van sensuur berus egter by die ouderlingeraad waar hy hom bevind.

2. Ook hier geld dit dat die afsetting nie deur die huidige

**ouderlingeraad kan plaasvind nie (tensy dit dieselfde ouderlingeraad is wat op afsetting besluit het). Net die ouderlingeraad wat besluit het dat 'n predikant afgesit word, kan die afsetting omdraai en besluit op herstel in die amp.**

**3. Die rol van ander ouderlingerade en die Kuratorium is in die amendement uiteengesit.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**AANBEVELING SOOS GEAMENDEER GOEDGEKEUR**

**4.20.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

**59.3.1 Opheffing van sensuur en skorsing volgens Art. 57.4.2.1 toegepas, vind plaas deur die ouderlingeraad wat die artikel toegepas het.**

**59.3.2.1 Opheffing van sensuur, wat gepaard gegaan het met die uitvoering van Art. 57.4.2.2, vind plaas deur die ouderlingeraad onder wie se toesig die predikant tydens opheffing val.**

**59.3.2.2 Opheffing van skorsing wat ingevolge Art. 57.4.2.2 toegepas was, vind plaas deur die kerkraad wat die skorsing toegepas het. Die kerkraad mag egter die skorsing net ophef as die ouderlingeraad wat besluit het dat die predikant geskors word, so opdrag gee. Daardie ouderlingeraad moet egter adviese van ander ouderlingerade onder wie se toesig die predikant hom intussen bevind het in ag neem. Die ring stel die predikant beroepbaar.**

**59.3.3.1 Opheffing van sensuur, wat ingevolge Art. 57.4.3 toegepas is, vind plaas deur die ouderlingeraad onder wie se toesig die persoon hom bevind tydens die opheffing, maar eers nadat adviese bekom is van die ouderlingeraad wat hom afgesit het en ander ouderlingerade onder wie se toesig hy intussen geval het.**

**59.3.3.2 Die opheffing van die afsetting uit die amp vind plaas deur die kerkraad wat die afsetting toegepas het, nadat die ouderlingeraad wat op die afsetting besluit het, sy besluit omgekeer het. Die ouderlingeraad mag egter nie die besluit omkeer indien Art. 59.3.5 van toepassing is nie. Die ouderlingeraad moet advies van ander ouderlingerade onder wie se toesig die persoon hom intussen bevind het in ag neem. Die Kuratorium stel die persoon beroepbaar nadat hy 'n suksesvolle *colloqium doctum* by die Kuratorium afgelê het.**

**59.3.4 Herstel in die amp as predikant en beroepbaarstelling na *Colloquium Doctum* weens losmaking volgens Art. 17.1 of na gemeenteverlating volgens Art. 17.4 vind plaas deur die Kuratorium, op aanbeveling van die ouderlingeraad in wie se diens hy laaste was én die ouderlingerade onder wie se toesig hy hom sedert losmaking of gemeenteverlating bevind het. Indien die gemeenteverlating of losmaking die gevolg van ergerlike sonde was, wat openbare aanstoot gegee het, neem die Kuratorium bewustelik die heil van die plaaslike kerke in kerkverband in ag.**

**59.3.5 Die Bepaling 59.3.3 soos tans bly onveranderd en net die numerering word reggestel.**

**4.21 ARTIKEL 66** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.21.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

**Hierdie Kerkorde (Artikels en Bepalings) is bindend op alle lidmate, kerkrade, ouderlingerade en meerdere vergaderings totdat dit deur 'n sinode verander word en wel by wyse van 'n beswaarskrif aan 'n sinode (Kyk Sinode-besluite 8 en 22).**

**4.22 BYLAE 4: ADVIES IN VERBAND MET KOSTE BY TUGSAKE EN SAKE VAN APPÈL** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.22.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

4.1 'n Klaer of lidmaat/kerkvergadering word by die aanvang van die ondersoek in kennis gestel dat die uiteindelike koste van die saak van die klaer of lidmaat/ kerkvergadering gevorder mag word, indien die appèl nie slaag nie.

**4.23 BYLAE 6.14: HANDLEIDING VIR VISITATORE** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.23.1 Die Sinode besluit om die wysiging goed te keur.**

**Wysiging:**

**1. Personeel**

Elke ring besluit self oor sy eie werkswyse vir persoonlike visitasie en wys jaarliks visitatore aan wat sover dit prakties moontlik is elke gemeente in die ring besoek.

**5. BESKRYWINGSPUNTE** – Kennis geneem.

**5.1 AP Kerk Bloemfontein: Beroeping van emeritus-leraars** – Kennis geneem.

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat:**

**5.1.1 die beskrywingspunt ontvanklik is; en**

**5.2.2 die saak onder Bylae KKS 2 (Sakelys, bl. 171), wat die Sinode goedkeur, gereël word.**

**Motivering:**

**1. Die KKS sê dat die beskrywingspunt nie ontvanklik is nie, omdat dit geen aanbeveling bevat nie. Maar die beskrywingspunt beveel juis aan dat die KKS riglyne moet opstel.**

**2. Die KKS sê dat geen vorige besluit aangehaal word nie. Dis waar, maar dis mos nie 'n beswaarskrif nie. Vir 'n beskrywingspunt is daar nie die vereiste dat 'n vorige sinodebesluit aangehaal moet word nie.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR NIE:

Die Sinode besluit dat

5.1.1 die beskrywingspunt nie ontvanklik is nie; en

5.1.2 die beskrywingspunt nie aanvaar word nie.

**5.2 Ring van Derby: Riglyne vir Kerkrade vir die hantering van lidmate wat versuim om die eredienste getrou by te woon – Bylae KKS 4 (Sakelys, bl.183)**

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat**

**5.2.1 die beskrywingspunt ontvanklik is; en**

**5.2.2 dat dit goedgekeur word as riglyn (andersins word die tugartikels gereglementeer).**

**5.3 Ring van Lichtenburg: Toevoeging tot die Kerkorde (Art. 38.3)** – Kennis geneem.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat**

**5.3.1 die beskrywingspunt ontvanklik is; en**

**5.3.2 keur die beskrywingspunt goed.**

**Die Sinode besluit om die volgende nuwe artikel by die Kerkorde te voeg: Artikel 38.3.**

**Indien 'n kerk (gemeente) nie afgevaardigdes na 'n sinode stuur nie, moet sodanige gemeente/kerkraad skriftelik verskoning aanbied vir hulle afwesigheid met opgaaf van redes waaroor die Kommissie vir Geloofsbriewe beslis met verslag aan die sinode (Kyk ook *Ordereëls vir Kerklike Vergaderings,* pt. 6).**

**Motivering:**

**1. Die KKS sê dat dit 'n beswaarskrif moes wees, maar die beskrywingspunt maak teen niks in die bestaande artikel beswaar nie. Die beskrywingspunt is 'n nuwe saak wat tot die bestaande artikel toegevoeg word.**

**2. Daar word nie wysigings aan die bestaande formulering gevra nie, maar wel aanvulling.**

**3. Die aanbeveling druis nie in teen 'n bestaande besluit nie.**

**4. Deur die goedkeuring van die beskrywingspunt, word noodsaaklike orde rakende die saak van afvaardiging gereël.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR NIE:

Die Sinode besluit dat

5.3.1 die beskrywingspunt nie ontvanklik is nie; en

5.3.2 die beskrywingspunt nie goedgekeur word nie.

**5.4 Ring van Outjo: Buitelandse kerke en die AP kerkverband** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat**

**5.4.1 die beskrywingspunt ontvanklik is; en**

**5.4.2 die beskrywingspunt goedgekeur word.**

**Die Sinode besluit dat**

**a) daar 'n samewerkingsooreenkoms opgestel word tussen die GKK en buitelandse gemeentes wat deur omstandighede of wetgewing daartoe genoodsaak word om onafhanklike kerkverbande in hulle land tot stand te bring;**

**b) so 'n samewerkingsooreenkoms erkenning sal gee aan die feit dat elkeen van die betrokke kerkverbande selfstandig bestaan, maar tog sekere sake met mekaar wil deel;**

**c) die SKK en die KKS by die samesprekings tydens die opstel van so 'n samewerkingsooreenkoms ingesluit moet word, sodat voldoende voorsiening gemaak kan word vir alle aspekte van bediening en kerkregtelike prosedures en finansiële aspekte wat ter sprake mag wees soos onder andere die behou van status vir leraars, leraars se lidmaatskap van die kerkverband se pensioenfonds, 'n spesiale tarief ten opsigte van publikasies en VBO-materiaal, betrokkenheid by meerdere vergaderings, finansiële reëlings in die plek van die 15%-bydraes wat Suid-Afrikaanse gemeentes maak, ensovoorts.**

**5.5 Ring van De Aar: Byvoeging by Ordereëls vir kerklike vergaderings** – Kennis geneem.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat**

**5.5.1 die beskrywingspunt ontvanklik is; en**

**5.5.2 keur die beskrywingspunt goed.**

**Die volgende byvoegings word gemaak in die Ordereëls vir kerklike vergaderings:**

GESLOTE EN OOP VERGADERINGS

**2. 'n Kerkraadsvergadering/ouderlingeraadsvergadering/ diakonievergadering is 'n geslote vergadering tensy die kerkraad/ouderlingeraad/diakonieraad anders besluit.**

**Motivering:**

**1. Sinodebesluit 22 bepaal juis dat sinodale kommissies in die aanbeveling ten opsigte van ontvanklikheid al dan nie, moet vasstel of die beskrywingspunt *indruis* teen 'n bestaande sinodebesluit.**

**2. Hierdie beskrywingspunt druis hoegenaamd nie in teen Ordereël 2 nie, maar is volkome in ooreenstemming met die gees daarvan. Dit vra nie wysiging aan die bestaande formulering nie, maar wel noodsaaklike en vanselfsprekende aanvulling.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR NIE:

Die Sinode besluit dat

5.5.1 die beskrywingspunt nie ontvanklik is nie; en

5.5.2 die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

**5.6 Ring van De Aar: Toevoeging tot die Lasgewing van die KKS** – Kennis geneem.

VOORSTEL – verwys na KKS vir afhandeling:

**Die Sinode besluit dat**

**5.6.1 die beskrywingspunt ontvanklik is; en**

**5.6.2 keur die beskrywingspunt goed met die volgende gewysigde tweede sin:**

**Die kommissie vergewis homself eers deeglik van die feite** *van alle kante* **in verband met die saak voor advies gegee word.**

Motivering:

**1. Hierdie beskrywingspunt hoef nie 'n beswaarskrif te wees nie, aangesien dit nie indruis teen die bestaande sinodebesluit nie. Dit vra 'n noodsaaklike aanvulling al is dit eintlik van-selfsprekend.**

**2. Die feit dat die aanvulling gevra word, spruit waarskynlik voort uit negatiewe ervaring in die verlede: dat die Kommissie nie die vanselfsprekende gedoen het nie en gevolglik advies gelewer het op grond van onvolledige inligting.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR NIE:

Die Sinode besluit

5.6.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

5.6.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

**5.7 Ring van Roodepoort: Wysiging van verskillende bepalinge van die *Kerkorde* ten einde alle kerklike vergaderings op gelyke voet te stel** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR NIE:

Die Sinode besluit

5.7.1 Die beskrywingspunt wat verskeie Bepalinge van die Kerkorde wil wysig, is nie ontvanklik nie.

5.7.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

VOORSTEL GOEDGEKEUR – verwys na KKS vir afhandeling:

**Die Sinode besluit dat**

**5.7.1 die beskrywingspunt ontvanklik is; en**

**5.7.2 keur die beskrywingspunt goed.**

**Artikel 22 word soos volg gewysig:**

**Die opdrag van die diaken is**

- **Die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens nodig het.**
- **Die insameling en besteding van die middele wat vir die diakonale werk nodig is.**
- **Die diakonale dienste wat vereis word tydens die erediens en die nagmaal.**
- **Die doen van gereelde en behoorlike huisbesoek in die gemeente, in besonder met die oog op die uitvoering van bovermelde opdragte.**

Motivering:

**1. Alhoewel die beskrywingspunt handel oor bestaande Bepalings van die Kerkorde, druis die aanbevelings in die beskrywingspunt vervat, nie teen die Bepalings in nie, maar bied dit aanvullings. Daarom is dit ontvanklik.**

**2. Die beskrywingspunt bevat nie op een enkele punt 'n beswaar teen bestaande Bepalings nie, maar trek bloot die beginsels verder deur.**

**3. Die beskrywingspunt vra voor die handliggende en nodige toevoegings.**

**Prof. R Marè; oudl. JH Harmse**

**5.8 Ring van Germiston: Indeling van gemeentes in ringsverband** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit**

**5.8.1 Die beskrywingspunt is ontvanklik.**

**5.8.2 Die betrokke gemeentes ingedeel sal word soos dit in die praktyk die beste sal werk.**

**5.9 Ring van Migdol: Wysiging van Artikel 9, Kerkorde 2008** – Kennis geneem.

AMENDEMENT – Kennis geneem:

Die beskrywingspunt word terugverwys na die KKS vir studie vir voorlegging tydens die volgende sinode.

Ds. MJ Jordaan; oudl. SJ Breytenbach

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit**

**5.9.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.**

**5.9.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6. BESWAARSKRIFTE** – Kennis geneem.

**6.1 Gravamen: Pos van Argivaris: Ds. AS van Staden** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit:**

**6.1.1 Die gravamen is formeel ontvanklik.**

**6.1.2 Die gravamen word nie goedgekeur nie.**

**6.2 Ring van Henneman: Leraars van ander kerkverbande om die sakrament van die nagmaal in die Afrikaanse Protestantse Kerk te mag bedien** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit:**

**6.2.1 Die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.**

**6.3 Ring van Roodepoort: Wysiging van Art. 36 en 38 van die Kerkorde ten opsigte van die samestelling van meerdere kerklike vergaderinge wat diakens uitsluit van sittingsreg op sodanige meerdere vergaderings** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT NIE GOEDGEKEUR NIE:**

Die Sinode dra dit aan die KKS (saam met KKCE) op om die Diakenamp in die Bybel en kerklike tradisie te ondersoek.

Ds. JCG Janse van Rensburg; oudl. FJJ Neveling

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit:**

**6.3.1 Die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.**

**6.3.2 Die beswaarskrif word nie goedgekeur nie.**

**7. APPÈLLE (Inligting sal tydens die Sinodesitting deurgegee word).**

Die ordereëling word getref dat 7.1 en 7.4 eerste hanteer word.

7.1 AP Kerk Klerksdorp Sentraal.

Die voorsitter suiwer die vergadering.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**7.1.1 Die appèl is nie ontvanklik nie.**

7.4 Br. DS Bothma

Die voorsitter suiwer die vergadering.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**7.4.1 Die appèl is ontvanklik.**

**7.4.2 Die appèl slaag.**

**7.4.3 Die saak word terugverwys na die ring met opdrag om ‘n ander ring te betrek by die ondersoek (art. 55.4) en**

**7.4.4 dat die afgevaardigdes van die kerkrade waar die aangeklaagde hulpdiens lewer, by die besluitneming aan die vergadering moet onttrek.**

## 109 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

## 110 TAFELGEBED

Ds. JJ Venter (Cullinan-Rayton) doen ‘n tafelgebed en die vergadering verdaag vir middagete om 13:00.

# DERDE SITTINGSDAG – WOENSDAG 1 SEPTEMBER 2010

## DERDE SESSIE: NA MIDDAGETE TOT KOFFIETYD

Ds. MJL Jordaan (Vryburg) lei die samesang.

### 111 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

### 112 BOEKBEKENDSTELLING

Ds. CA Swanepoel stel enkele boeke aan die vergadering bekend.

### 113 VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) [vervolg] (SAKELYS bl. 167)

7.2 Dr. JP Bezuidenhout

Die voorsitter suiwer die vergadering.

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode van 2010 besluit dat:**

**1. Dis nie vir die Sinode moontlik om die stelling van dr. Bezuidenhout dat die Ring nie die weg van Ko. Art. 19.2 en 19.3 met hom geloop het nie, te bevestig/verifieer of te verwerp nie. Daarom kan die Sinode nie ‘n uitspraak oor die korrektheid daarvan maak nie.**

**2. Gesien in die lig daarvan dat die saak baie oud is en die Sinode nie oor ander tersaaklike dokumente soos ‘n verweerskrif beskik nie, besluit die Sinode om die voordeel van die twyfel aan die appèllant te gee. Die appèl slaag dus.**

**3. Die gewese *status quo* kan nie herstel word nie en die saak word dus hiermee as afgehandel beskou.**

**4. Die Sinode betreur die vertraging van die proses en bied sy apologie aan.**

7.3 Br. A van Drimmelen

Die voorsitter suiwer die vergadering.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**7.3.1 Die appèl is nie ontvanklik nie.**

Ter afsluiting deel prof. FAH van Staden die vergadering mee dat hy in die toekoms nie meer beskikbaar sal wees om op die KKS te dien of enige kerkregtelike advies te lewer nie.

Die voorsitter bedank prof. FAH van Staden vir die voordra van die verslag.

### 114 VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKa) (SAKELYS bl. 205)

Ds. LD Greyling (Port Elizabeth) dra die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem.

2. **VERGADERINGS** – Kennis geneem.

3. **WERKSAAMHEDE** – Kennis geneem.

3.1 **AANWINSTE** – Kennis geneem.

3.1.1 **HUWELIKSREGISTER ONTVANG** – Kennis geneem.

3.1.2 **HUWELIKSREGISTER UITSTAANDE** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.1.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die leraars van wie huweliksregisterblaaie ontvang is deur die Argief.**

**3.1.4 Die Sinode wys leraars daarop dat dit in die eerste plek húl ereplig is — en nie dié van gemeenteskribas nie — om toe te sien dat hulle die inligting oor elke huwelik wat deur hulle bevestig is, op die voorgeskrewe huweliksregisterblaaie verstrek en dan aan die Argief besorg om in die huweliksregister van ons kerkverband opgeneem te word.**

**3.1.5 Die Sinode versoek leraars dringend om benewens die staat se huweliksregister ook ons kerkverband se huweliksregister getrou te voltooi en na die Argief te stuur, veral gesien in die lig van die toenemende probleme wat met die departementele register ondervind word.**

3.2 **GEMEENTELIKE ARGIVALIA** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor gemeenteskribas en kerkrade wat waardevolle dokumente aan die Sentrale Kerkargief besorg het vir veilige bewaring.**

**3.2.2 Die Sinode herinner gemeentes daaraan dat alle dokumente en ander items met geskiedkundige waarde aan die Sentrale Kerkargief kan en behoort gestuur te word.**

3.3 **REGISTERAFSKRIFTE** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS MET WYSIGING GOEDGEKEUR:**

**3.3.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeente-skribas wat dikwels met groot ywer gemeenteregisters in stand hou en afskrifte aan die Sentrale Kerkargief besorg vir veilige bewaring.**

**3.3.2 Die Sinode wys kerkrade daarop dat die jaarlikse instuur van registers en -afskrifte ’n sinodebesluit is (vgl. HANDELINGE 2004, bl. 353, pt. 6.2). Slegs 50 gemeentes het gedurende die verslagperiode registers en/of -afskrifte gestuur.**

**3.3.3 Die Sinode doen ’n dringende beroep op gemeenteskribas om die voorskrifte vir lidmaat- en doopregisters te volg.**

**3.3.4 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeenteskribas om die voorskrifte vir die afskrifte van lidmaat- en doopregisters wat na die Sentrale Kerkafgief gestuur word, te volg.**

**3.3.5 Die Sinode versoek dat kerkrade sal toesien dat gemeenteskribas in besit is van die *Argief-handleiding vir die Skriba* wat by die boekwinkel beskikbaar is en waarin volledige voorskrifte vir die hou van registers voorkom.**

**3.3.6 Die Sinode doen 'n beroep op ringe om gemeentegrense vas te stel en om sover as moontlik daarby te hou aangesien die hou van lidmaatskapbewyse bemoeilik word wanneer lidmate oor gemeentegrense beweeg. (Kyk sinodebesluit 3.9.2, bl. 397, 1989 en *Kerkorde* 2008, bl. 187, Sinodebesluit 20.)**

**3.3.7 Die Sinode versoek kerkrade om beskrywings van gemeentegrense aan die Argief te stuur.**

**3.4 FINANSIËLE VERSLAE** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.4.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeenteskribas wat getrou afskrifte van geouditeerde finansiële state aan die Sentrale Kerkargief besorg vir veilige bewaring.**

**3.4.2 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om toe te sien dat afskrifte van elke jaar se geouditeerde finansiële state aan die Sentrale Kerkargief besorg word.**

**3.5 GEMEENTELIKE STATISTIEK** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.5.1 Die Sinode bedank gemeente- en ringskribas wat jaarliks statistiek van (rings-) gemeentes aan die Sentrale Kerkargief besorg.**

**3.5.2 Die Sinode pleit by rings- en gemeenteskribas om hierdie inligting met baie meer stiptelikheid aan die Sentrale Kerkargief te besorg, aangesien dit van onskatbare waarde is vir navorsing en die bepaling van tendense in ons kerkverband.**

**3.5.3 Die Sinode wys ringskribas op Bep. 37E en doen 'n ernstige beroep op ringe om toe te sien dat hierdie Bepaling nagekom word.**

**3.5.4 Die Sinode beveel aan dat ringe nie persone as ringskribas herkies indien 'n kalenderjaar verbygegaan het sonder dat Bep. 37E uitgevoer is nie en om alle uitstaande argiefmateriaal van so 'n persoon op te eis vir deursending na die Sentrale Kerkkantoor en Argief.**

**3.6 VISITASIEVERSLAE** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.6.1 Die Sinode bedank gemeente- en ringskribas vir die aanstuur van visitasieverslae aan die Sentrale Kerkargief.**

**3.6.2 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op gemeente- en ringskribas om jaarliks die visitasieverslae (gemeentelike verslagvorm aan die ring of soortgelyke verslag deur die ring goedgekeur) van alle gemeentes aan die Sentrale Kerkargief te besorg aangesien hierdie verslae die beste aanduiding is van die geestelike welstand in ons gemeentes.**

**4. ARGIVARIS** – Kennis geneem.

**5. BEKENDSTELLING VAN DIE ARGIEF AAN STUDENTE** – Kennis geneem.

**AANBEVELING MET WYSIGING GOEDGEKEUR:**

**5.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die dosent in Diakoniologie vir die skep van 'n geleentheid in die finale studiejaar van ons teologiestudente om 'n inligtingsessie by die Sentrale Kerkargief by te woon en ingelig te word oor die werksaamhede in die Argief.**

**6. BEKENDSTELLING VAN DIE ARGIEF AAN LIDMATE** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS MET NUMERIESE WYSIGINGS GOEDGEKEUR:**

**6.1 Die Sinode nooi alle belangstellende lidmate uit om ter geleëner tyd besoek by die Sentrale Kerkargief af te lê. Besoekers sal welkom geheet word en op die noodsaak van die bewaring van geskiedkundige dokumente en artikels gewys word.**

**6.2 Die Sinode besluit by herhaling om gemeentes en ringe of groter groeperinge van gemeentes te versoek om die Argivaris uit te nooi om voorligting te gee i.v.m. die pligte van die plaaslike kerk t.o.v. administrasie en die instuur van argivalia.**

**6.3 Die Sinode bring dit onder die aandag van ringe en ander groepe dat hulle verantwoordelik is vir die reiskoste van die Argivaris wanneer hy genooi word om op te tree.**

**7. IN MEMORIAM (Kyk Bylae KKa 1, SAKELYS 210)** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS MET NUMERIESE WYSIGINGS GOEDGEKEUR:**

**7.1 Die voorsitter reël dat die Sinode op gepaste wyse meelewing betoon met die afsterwe van hierdie broeders.**

**Ds. AS van Staden sr. doen 'n gebed waarna die Sinodegangers 'n oomblik se stilte handhaaf.**

## 115 SPREUKBEURT

Ds. AS van Staden sr. (argivaris) neem sy spreekbeurt waar.

Die voorsitter bedank ds. LD Greyling vir die voordra van die verslag.

## 116 ONTMOETING MET RIVERSDAL, KURATORIUM EN KKS

Die Sinode neem van die volgende verslag kennis:

Daar was Maandagaand ‘n versoek aan afgevaardigdes van Riversdal, Heidelberg-Kaap, die Kuratorium en KKS om, in die gees en gesindheid van versoening, mekaar te ontmoet.

Die ontmoeting het plaasgevind. Die versoek is gerig voortvloeiend uit die Broederlike Gesprek en persoonlike versoeke wat ontvang is en nie omdat dit ‘n saak op die Sakelys van die Sinode is nie.

Die saak kan dus ook nie weer op die Sakelys van die Sinode kom nie. Daar is bepaalde ooreenkomste bereik, waaraan die nuwe Kuratorium na konstituering aandag sal gee.

Dank aan almal wat betrokke was.

Prof. SD Nel

## 117 VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV) (Sakelys bl. 214)

Dr. JH Ellis (Tygerberg) dra die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem.

2. **VERGADERINGS** – Kennis geneem.

3. **SINODALE OPDRAGTE 2007**

3.1 **LESSE OOR ALGEMENE EN VADERLANDSE KERKGESKIEDENIS, DIE EREDIENS EN DIE KINDERNAGMAAL** (Sakelys 2004, bl. 191; Handelinge, bl. 334) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**3.1.1 Die Sinode neem kennis dat hierdie opdrag ondervang is deur die opdrag aan die *ad hoc*-kommissie vir die hersiening van die Verbondsonderrigboeke.**

3.2 **UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGBOEKE** (Handelinge 2004, bl. 400, pt. 4.2; Handelinge 2004, bl. 339) – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**3.2.1 Die Sinode neem kennis dat hierdie opdrag ondervang is deur die opdrag aan die *ad hoc*-kommissie vir die hersiening van die Verbondsonderrigboeke.**

3.3 **HERSKRYWE VAN DIE VERBONDSONDERRIGBOEKE** (Handelinge 2004, bl. 334) – Kennis geneem.

4. **WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE**

4.1 **PROGRAMSKETSE VIR DIE JEUG** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.1.1 Die Sinode keur die werkwyse van die KJV goed en neem kennis daarvan dat die programsketse op laserskyf geplaas gaan word sodat dit op aanvraag deur gemeentes bestel kan word.**

4.2 **VERBONDSONDERRIGKURSUSSE** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**4.2.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die KJV, ander leraars en professore wat die kursusse aanbied en moedig kerkrade aan om van die geleentheid gebruik te maak om hulle verbondsonderrigpersoneel te skool.**

4.3 **JEUGKAMPE** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**4.3.1 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die kwynende belangstelling in die bywoon van kampe deur die jeug van die AP kerkverband.**

**4.3.2 Die Sinode beveel aan dat die KJV herbesin oor die aanbied van jeugkampe vir verskillende ouderdomsgroepe binne die AP kerkverband met die oog daarop om die belangstelling weer aan te wakker.**

## 118 KOFFIETYD

Die vergadering verdaag om 16:00 vir koffie.

# DERDE SITTINGSDAG - WOENSDAG 1 SEPTEMBER 2010

## VIERDE SESSIE: NA KOFFIETYD TOT AANDETE

Ds. AC Jordaan (Lichtenburg) lei die samesang.

**119 AANKONDIGINGS**

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

**120 VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV) [vervolg]**
(Sakelys bl. 215)

**AANBEVELINGS MET NUMERIESE WYSIGINGS GOEDGEKEUR:**

**4.3.3 Die Sinode versoek kerkrade en ouers om die jeug/kinders aan te moedig om die kampe in die kerkverband by te woon en dat kerkrade oorweging sal skenk om die kampgelde te finansier of te subsidieer.**

**4.3.4 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en gemeentes wat gemelde kampe reël en aanbied.**

**4.3.5 Die Sinode versoek leraars om hulleself beskikbaar te stel vir die aanbieding van jeugkampe en versoek kerkrade om hulle leraars beskikbaar te stel en aan te moedig om sodanige kampe aan te bied.**

**4.3.6 Die Sinode dra dit aan die KJV op om ondersoek in te stel na watter soort jeugkampe in aanvraag is en aangebied kan word. Die insette van leraars, kerkrade en ringe moet hiervoor verkry word.**

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode dra dit verder aan die KJV op om 'n skrywe aan universiteite te rig wat Huiskomitees aanmaan om nie kinders te dwing om spesifieke kampe by te woon nie maar eerder hulle aan te moedig om hul eie kerkkampe by te woon.**

**Di. AJ Kruger; AC Jordaan**

**4.4 BYBELKENNISEKSAMEN** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**4.4.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die KJV wat jaarliks die Bybelkenniseksamen opstel vir gebruik deur kerkrade.**

**4.4.2 Die Sinode neem met dank kennis van die groeiende aantal kinders wat jaarliks die Bybelkenniseksamen aflê.**

**4.4.3 Die Sinode versoek kerkrade en ouers om voort te gaan om kinders in die Verbondsonderrig te motiveer om die Bybelkenniseksamen jaarliks af te lê.**

**4.5 JEUGWEBWERF** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**4.5.1 Die Sinode dra dit aan die KJV op om sodanige webwerf daar te stel.**

**4.5.2 Die Sinode beveel aan dat hierdie webwerf aan die amptelike webwerf van die AP kerkverband gekoppel sal wees.**

**4.5.3 Die Sinode versoek kerkrade en ringe om inligting rakende jeugbediening aan die KJV deur te gee, sodat dit in die webblad opgeneem kan word.**

**5. BESKRYWINGSPUNTE:**

**5.1 Ring van Ermelo: Bybelkenniseksamen vir volwassenes** – Kennis geneem.

**AMENDEMENT NIE GOEDGEKEUR NIE:**

Die Sinode gee opdrag aan die KJV om jaarliks ook 'n vraestel vir *verbondsonderrigvoorgangers* op te stel. Die bestek van hierdie vraestel moet bestaan uit *kernelemente van die betrokke jaar se kurrikulum.*

Oudle. J Schlebusch; HD Lategan

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**5.1.1 Die Sinode gee opdrag aan die KJV om jaarliks ook 'n vraestel vir volwassenes op te stel. Die bestek van hierdie vraestel se drie dele moet bestaan uit 'n gedeelte uit die Ou Testament, 'n gedeelte uit die Nuwe Testament en 'n gedeelte uit die besondere belydenisskrifte.**

**5.2 Ring van Beaufort-Wes: Verbondsonderrig** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**5.2.1 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**5.3 Beskrywingspunt Ring van Beaufort-Wes: Jong belydende lidmate** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**5.3.1 Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**5.4 Ring van Suidkus: Bybelversies vir Verbondskinders** – Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**5.4.1 Die Sinode dra dit aan die *ad hoc*-kommissie vir die herskryf van die Verbondsonderrigboeke op om ook by die lesse teksverse in te sluit wat deur die kinders gememoriseer moet word.**

**6. BEGROTING** – Kennis geneem.

**7. SLOT** – Kennis geneem.

Die voorsitter bedank dr. JH Ellis vir die voordra van die verslag.

## 121 VERSLAG VAN DIE DERDE RAAD VAN DIE AFRIKAANSE KAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE AAN DIE DERTIENDE SINODE VAN DIE AP KERK

(Sakelys bl. 195, 214, )

Prof. SD Nel dra die verslag voor.

1. **INLEIDING** - Kennis geneem.

2. **PRIVAAT TERSIÊRE INSTITUUT** - Kennis geneem.

3. **ARTIKEL 21-MAATSKAPPY** - Kennis geneem.

4. **REGSPERSOON** - Kennis geneem.

5. **BENOEMING VAN LEDE OP DIE RAAD** - Kennis geneem.

5.1 **Beswaarskrif teen die volgende besluit:**
(Handelinge 2007, bl. 328, pt. 20 - Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**5.1.1 Die Sinode besluit dat die verteenwoordigers op die Raad soos volg benoem word: vier lede deur die Sinode verkies, twee lede deur die Kuratorium aangewys en een lid deur die GKK aangewys. Die vier lede deur die Sinode aangewys, moet kundige afgevaardigde ouderlinge wees.**

**5.1.2 Die Sinode besluit op 'n *modus operandi* vir die benoeming van die sewe lede en dít word aanbeveel dat dit soos volg sal geskied:**

- **Vier lede word deur die Sinode benoem — afgevaardigde ouderlinge.**
- **Twee lede word deur die Kuratorium benoem.**
- **Een lid word deur die GKK benoem.**

**5.2 Die Sinode neem kennis van die volgende:**

**5.2.1 Die ampstermyn van die lede van die Raad is drie jaar vanaf die datum van konstituering van die Raad in Oktober/November ná die aanwysing van die lede.**

**5.2.2 Die nuutsaamgestelde Raad word op die eerste gradeplegtigheid van die APA, ná hulle verkiesing of aanwysing, amptelik ingestel**

6. **DIE RAAD VAN DIE AKADEMIE** - Kennis geneem.

7. **KANSELIER** - Kennis geneem.

8. **VISE-KANSELIER/REKTOR** - Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**8.1 Die sinode spreek besonderlike dank uit teenoor prof. FAH van Staden vir die werk as Rektor en dosent aan die AP Akademie en wens prof. JAE Adendorff geluk met sy benoeming en bid hom die seën van die Here toe.**

9. **REGISTRATEUR** - Kennis geneem.

10. **KIESKOLLEGE** - Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**10.1 Die Sinode wens beide proff. J Bosman en JAE Adendorff geluk met hulle benoemings asook prof. SD Nel met sy benoeming as Registrateur en bid hulle die seën van die Here op hulle werksaamhede toe.**

11. **PROF. HCG ROBBERTZE** - Kennis geneem.

12. **DR. PH DU PREEZ** - Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**12.1 Die Sinode neem met leedwese kennis van die afsterwe van prof. HCG Robbertze en dr. PH du Preez.**

13. **SENAAT** - Kennis geneem.

14. **FAKULTEITE** - Kennis geneem.

15. **DEKANE** - Kennis geneem.

16. **CHRISTELIKE INSTITUUT VIR SIELKUNDE** - Kennis geneem.

17. **OPVOEDKUNDE** - Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**17.1 Die Sinode neem kennis van die nypende tekort aan onderwysers en die groot behoefte aan die opleiding van Christen-gereformeerde onderwysers om ons kinders te onderrig.**

**17.2 Die Sinode besluit dat die opleiding van onderwysers 'n saak van prioriteit is en versoek die Raad en die AP Akademie om deurlopend aandag aan die saak te gee en indien moontlik, 'n eie onderwyskwalifikasie te registreer.**

**17.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor lidmate en donateurs wat in die verlede al dié saak ondersteun het deur bydraes en voorbidding.**

**17.4 Die Sinode doen 'n beroep op donateurs om die opleiding van onderwysers te steun met bydraes aan die AP Akademie Ondersteunings-fonds sodat 'n taakspan vir dié doel saamgestel kan word met verslag aan die volgende Sinode.**

**17.5 Die Sinode keur goed dat onderwysopleiding gedeeltelik gefinansier is uit die subsidie van die Sinode aan die Akademie en dat die reëling kan voortgaan solank die subsidie dit toelaat.**

18. **TEOLOGIESE DEPARTEMENTE EN CURRICULA** - Kennis geneem.

19. **DUITS EN KERKLATYN** - Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**19.1 Die Sinode besluit dat Kerklatyn saam met Grieks II en Hebreeus II verpligtend is vir admissiestudente. Studente moet sover moontlik aangemoedig word om Duits 1 en/of Afrikaans 1 as vak te neem.**

**19.2 Die Sinode betuig sy dank en waardering vir die dosent in Latyn vir die moeite wat gedoen is om die kursus in Kerklatyn te bekom en die kopiereg daarvan vir die AP Akademie.**

**20. PRAKTIESE OPLEIDING**

**1. Homiletiek prakties** - Kennis geneem.

**2. Pinksterbyeenkomste** - Kennis geneem.

**3. Praktiese werk in 'n plaaslike kerk** - Kennis geneem.

**4. Preek- en bedieningsvergunning** - Kennis geneem.

**5. Poimeniek prakties** - Kennis geneem.

**6. Verbondsonderrig** - Kennis geneem.

**7. Gemeentebestuur en -administrasie** - Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**20.1 Die Raad betuig teenoor die Sinode sy volle vertroue in die teologiese dosente, hul suiwer Skrifbeskouing, onderskrywing en handhawing van die belydenisskrifte en die diepgaande teologiese kennis, asook die hoë standaard van gereformeerd-teologiese opleiding wat hulle die teologiese studente bied en die gehalte student wat aan die kerkverband gelewer word as predikante.**

**21. ADMINISTRATIEWE PERSONEEL** - Kennis geneem.

**22. TEOLOGIESE STUDENTE STUDIES VOLTOOI** - Kennis geneem.

**AANBEVELING – Kennis geneem (Afgehandel tydens punt 6.1 van die verslag van die Kuratorium):**

**22.1 Die Sinode bid die predikante 'n geseënde bediening toe.**

**23. TEOLOGIESE STUDENTE 2010** - Kennis geneem.

**24. VAKKE VIR BA-GRAAD** - Kennis geneem.

**25. BA-STUDENTE** - Kennis geneem.

**26. KLASGELDE** - Kennis geneem.

**27. FAH VAN STADEN-BIBLIOTEEK** - Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**27.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat by die biblioteek van die Akademie gedoen word.**

**28. NAVORSING** - Kennis geneem.

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**28.1 Die Sinode doen weer eens 'n beroep op donateurs om die navorsingsfonds daadwerklik met donasies te sterk ten einde die noodsaaklike navorsing te kan volhou.**

**29. EDU.DEX** - Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**29.1 Die Sinode neem kennis van die sentrale inligtingstelsel waarvan die Akademie ook deel vorm en dat alle studente wat kursusse en grade voltooi, daarop aangedui word.**

**29.2 Die Sinode betuig sy dank en waardering aan prof. GDS Smit vir die leiding en werk in dié verband.**

**30. NUWE KURSUS** - Kennis geneem.

**AANBEVELINGS SOOS GEWYSIG GOEDGEKEUR:**

**30.1 Die Sinode neem kennis van die besluit om vir die registrasie van die M.Th.-graad aansoek te doen.**

**30.2 Die Sinode versoek dat daar voortdurende voorbidding vir die Akademie in die algemeen gevra moet word, maar spesifiek ook vir die suksesvolle registrasie van die M.Th. – en B.Div. – grade.**

**Die Sinode besluit om punt 30.2 aan gemeentes deur te stuur.**

**31. SKENKINGS EN FONDSE** - Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**31.1 Die Sinode neem met dank kennis van die nougesette beheer en administrasie van die Raadsfondse en die totstandkoming van die APA Studentefonds, die APA Navorsingsfonds en die APA Ondersteuningsfonds.**

**31.2 Die Sinode besluit om sy dank te boekstaaf teenoor die donateurs vir hulle belangstelling in en spontane finansiële ondersteuning aan die Akademie (kyk Bylae APA 1).**

**31.3 Die Sinode doen 'n beroep op lidmate om voortdurend skenkings aan die Akademie te doen by wyse van erflatings, donasies en bemakings.**

**32. STUDENTE IN JEUGTUISTE** - Kennis geneem.

**33. BEGROTING** - Kennis geneem.

Die voorsitter bedank prof. SD Nel vir die voordra van die verslag.

## 122 DERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV 3)

Ds. MR Burger (Waterberg) hou die verslag voor.

## VERLOFAANSOEKE GOEDGEKEUR

| Naam | Gemeente | Datum Sept. | Tyd |
|---|---|---|---|
| Ds. PJL Olivier | Gordonia | 01 | 11:00-21:00 |
| Ds. WA Burger jr. | Pretoria-Oos | 01 | 08:00-16:00 |
| Ds. P Janse van Rensburg | Dendron | 01 | 14:00-17:00 |
| Oudl. LJC Gresse | Orkney | 01 | 18:00-21:00 |
| Oudl. LW Germishuys | Kathu | 01 | 19:00-20:30 |
| Ds. PG Stans | Kathu | 01 | 19:00-20:30 |
| Oudl. DC Schlebusch | Parys | 01 | 14:00 tot einde |
| Dr. EM Viljoen | Outjo | 02 | 08:00-16:00 |
| Oudl. WP Hugo | Coligny | 02 | 08:00-16:00 |
| Oudl. NJ de Villiers | Coligny | 02 | 08:00-16:00 |
| Oudl. LA Du Plessis | Louis Trichardt | 02 | 08:00-16:00 |
| Oudl. JA Haveman | Delareyville | 01-02 | 16:00 tot einde |
| Ds. MJ van Schalkwyk | Tuinplaas | 01-02 | 17:00 tot einde |
| Oudl. MvB du Toit | Clocolan | 01-02 | 10:00 tot einde |
| Ds. L Louw | Clocolan | 01-02 | 10:00 tot einde |
| Ds. DFM Cronjé | Albertinia | 02 | 08:00-16:00 |
| Oudl. JM Dwyer | Albertinia | 02 | 08:00-16:00 |
| Oudl. S Gous | Riversdal | 02 | 08:00-16:00 |
| Oudl. KN van Niekerk | Riversdal | 02 | 08:00-16:00 |
| Ds. L Prinsloo | Heilbron | 01-02 | 16:00 tot einde |
| Oudl. LJ Janse van Rensburg | George | 02 | 11:00 tot einde |
| Ds. PR Buitendag | Potgietersrus | 01 | 18:00-20:30 |
| Oudl. WA Edwards | Carolina | 01 | 16:30-21:00 |
| Oudl. H Kruger | Sanddrift | 02 | 08:00-16:00 |

## 123 TWEEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR NOTULE (TKN 2)

Ds. SA Roets sr. (Kimberley) hou die verslag voor.

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die notule word aanvaar.**

## 124 VERSOEK TOT REVISIE: PT 4.2.4 VAN DIE VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (SAKELYS bl 22; HANDELINGE bl. 232)

**VERSOEK NIE GOEDGEKEUR NIE**

Die Sinode besluit om die volgende besluit in revisie te neem. "Die AP Kerkverband aanvaar dat groot dele van die boek Genesis deur Moses opgeteken is".

Motivering: Die besluit is geneem op grond van advies dat dele van Genesis in Aramees geskryf is en dat Moses nie Aramees geken het nie. Hierdie inligting blyk by nadere ondersoek verkeerd te wees. Die hele boek Genesis is inderdaad in Hebreeus geskryf.

Oudle. J Schlebusch; WJ de Clerck

## 125 BOEKBEKENDSTELLING

Die rekenmeester, mnr. GJJ van Rensburg, stel die hersiene uitgawe van mnr. CJ de la Rey se boek: *Finansiële bestuur deur kerkrade* bekend.

## 126 OPNEEM VAN KOLLEKTE

Die voorsitter versoek dat daar 'n deurkollekte vir die motorwagte opgeneem word.

## 127 TAFELGEBED

Ds. DJ Malan (Hoopstad) doen 'n tafelgebed en die vergadering verdaag om 18:20 vir aandete.

# DERDE SITTINGSDAG - WOENSDAG 1 SEPTEMBER 2010

## VYFDE SESSIE: NA AANDETE TOT AFSLUITING

Ds. PS Krige (Ermelo) lei die samesang.

**128 WISSELING VAN VOORSITTER**

Prof. R Marè neem die voorsitterstoel in.

**129 AANKONDIGINGS**

Die voorsitter doen enkele aankondigings. Die vergadering neem met leedwese kennis van die afsterwe van wyle ds. FJ van der Merwe se gade, mev. Palma van der Merwe.

**130 VERSLAG: *AD HOC*-KOMMISSIE VIR DIE HERSKRYF VAN VERBONDSONDERRIGBOEKE EN -HANDLEIDINGS**
(Sakelys bl. 217)

Prof. JAE Adendorff hou die verslag voor met behulp van 'n skyfieaanbieding (Powerpoint).

1. **INLEIDING** – Kennis geneem.

2. **OPTREDE VAN DIE KOMMISSIE**

2.1 **PERSONEEL** – Kennis geneem.

2.2 **VERGADERINGS** – Kennis geneem.

3. **WERKSWYSE** – Kennis geneem.

3.1. **IDENTIFISERING VAN BASIESE DOELSTELLINGE** – Kennis geneem.

3.2 **EVALUERING VAN DIE OU STELSEL** – Kennis geneem.

3.3 **KONSEPVOORSTEL** – Kennis geneem.

3.3.1 **Leerplan vir Graad 1-3** – Kennis geneem.

3.3.2 **<u>Leerplan vir Graad 4-6</u> (siklusbenadering)** – Kennis geneem.

3.3.3 **<u>Leerplan vir Graad 7-9</u>** – Kennis geneem.

3.3.4 **<u>Graad 10-11</u>** – Kennis geneem.

3.4 **Kurrikulum-inhoud**

3.4.1 **Kurrikulum vir graad 1-3** – Kennis geneem.

3.4.2 **Kurrikulum vir Graad 4-6 (Voorstel 1 – vgl. 3.4.4 vir Voorstel 2)** – Kennis geneem.

3.4.3 **Kurrikulum vir Graad 7-9 (Voorstel 1 – vgl. 3.4.4 vir Voorstel 2)** – Kennis geneem.

3.4.4 **Kurrikulum vir Graad 4-9 (Voorstel 2)** – Kennis geneem.

3.4.5 **Kurrikulum vir Graad 10-11** – Kennis geneem.

3.5 **METODIEK** – Kennis geneem.

3.5.1 **Verbondskind** – Kennis geneem.

3.5.2 **Klasvoorganger** – Kennis geneem.

3.6 **HULPMIDDELS** – Kennis geneem.

3.7 **VOORBEELDE** – Kennis geneem.

3.8 **OPSOMMING** – Kennis geneem.

3.9 **BEPLANNING EN BEGROTING VIR IMPLEMENTERING** – Kennis geneem.

**AANBEVELING SOOS GEWYSIG GOEDGEKEUR:**

**3.9.1 Die Sinode keur die verslag van die *ad hoc*-kommissie <u>met groot waardering</u> goed as beleid vir die hersiening van die verbondsonderrig-leerplan.**

**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**3.9.2 Die Sinode gee die *ad hoc*-kommissie opdrag om voort te gaan met die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en handleidings en dit so gou moontlik, ná voorlegging aan en goedkeuring van die SKK, Pk. en KJV, te implementeer.**

**AMENDEMENT GOEDGEKEUR:**

**<u>Huidige bewoording:</u>**

**3.9.3 Die sinode keur dit goed dat die *ad hoc*-kommissie lede mag koöpteer wat hiermee behulpsaam kan wees, met dien verstande dat die goedgekeurde begroting van 2007 nie oorskry word nie.**

**<u>Voorgestelde bewoording:</u>**

**3.9.3 Die sinode keur dit goed dat die *ad hoc*-kommissie Opvoedkundiges/Onderwyskundiges moet koöpteer en ander lede mag koöpteer wat hiermee behulpsaam kan wees, met dien verstande dat die goedgekeurde begroting van 2007 nie oorskry word nie.**

**Oudl. L du Plessis; ds. G Kruger**

4. **Ten slotte** – Kennis geneem.

Die voorsitter, prof. R Marè bedank prof. JAE Adendorff vir die voordra van die verslag.

**131 WISSELING VAN VOORSITTER**

Prof. IA Brink neem weer die voorsitterstoel in.

**132 AFSLUITING**

Prof. J Bosman (Lydenburg) sluit die dag se sitting met gebed af en die vergadering verdaag om 20:30.

# VIERDE SITTINGSDAG - DONDERDAG 2 SEPTEMBER 2010

## EERSTE SESSIE: OPENING TOT TEETYD

Ds. AJ Kruger (Delmas) lei die samesang.

### 133 BIDSTOND

Oudl. HJ Botha (Witbank) lei die bidstond.

### 134 PERSONEELWISSELING

Die voorsitter hou die personeelwisselings en laat registrasie voor.

**1. WISSELING KENNIS GENEEM**

Oudl. NG Olivier (Thabazimbi) vervang oudl. CH Penzhorn

Oudl. JJH du Toit (Vaalwater) vervang oudl. P Hurter

**2. LAAT REGISTRASIE GOEDGEKEUR**

Oudl. W Becker (Dendron)

### 135 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

### 136 NOMINASIES VAN GKK LEDE

Die voorsitter reël die verkiesing van die GKK lede. Hy vra dat nominasies ingedien word.

### 137 NOMINASIES VIR DIE RAAD VAN DIE APA

Die voorsitter reël die verkiesing van lede vir die Raad van die AP Akademie. Hy vra dat nominasies ingedien word.

### 138 VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR INDELING VAN RINGE (TKR)

(Bylae 15 – Handelinge bl. 314)

**1. PERSONEEL – Kennis geneem**

**2. OPDRAG – Kennis geneem**

**3. AANBEVELING SOOS GEWYSIG GOEDGEKEUR:**

**BETHLEHEM:** Bethlehem, Senekal, Paul Roux, Marquard, Clocolan, Lindley, Reitz, Excelsior, Petrus Steyn.

**BLOEMFONTEIN:** Bloemfontein, Dealesville, Dewetsdorp, Bloemfontein-Noord, Bainsvlei, Smithfield, Reddersburg.

**BRANDFORT:** Brandfort, Boshof, Theunissen, Hoopstad, Hertzogville, Winburg.

**CORNELIA:** Cornelia, Heilbron, Villiers, Tweeling, Frankfort.

**GRANIET:** Graniet, Viljoenskroon, Bothaville, Wesselsbron, Parys.

**HENNENMAN:** Hennenman, Welkom, Kroonstad, Odendaalsrus.

**MEMEL:** Memel, Vrede, Harrismith, Warden.

**PETRUSBURG:** Petrusburg, Jagersfontein/Fauresmith, Bethulie, Koffiefontein, Philippolis.

**GERMISTON:** Benoni, Kempton Park, Brakpan, Delmas, Fonteine, Devon, Welbekend, Kleinfontein, Germiston, Primrose, Alberton, Johannesburg-Suid.

(Die Ringe van Benoni en Germiston smelt saam. Aangesien die AP Kerk Germiston vóór die AP Kerk Benoni gestig is, staan die nuwe Ring bekend as die Ring van Germiston.)

**DENDRON:** Phalaborwa, Dendron, Pietersburg, Tzaneen, Louis Trichardt, Messina.

**DERBY:** Derby, Ventersdorp, Zeerust, Swartruggens, Buhrmannsdrif, Koster.

**ERMELO:** Ermelo, Piet Retief, Amersfoort, Amajuba, Hoëveld-Ermelo.

**KLERKSDORP:** Klerksdorp, Potchefstroom, Leeudoringstad, Bloemhof, Hartbeesfontein, Klerksdorp Sentraal, Orkney.

**LICHTENBURG:** Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Coligny, Ottosdal.

**MIDDELBURG:** Middelburg, Belfast, Bronkhorstspruit, Cullinan-Rayton, Witbank, Laersdrif, Hoëveld.

**MIGDOL:** Migdol, Vryburg, Schweizer-Reneke, Delareyville, Stella.

**MOOINOOI:** Mooinooi, Brits, Rustenburg, Thabazimbi, Sanddrift, Hartbeespoort.

**MOOT-SENTRAAL:** Moot-Sentraal, Verwoerdburg, Pretoria-Oos, Trans-Magalies, Wonderboom, Wesmoot, Pretoria-Suiderlig.

**MORGENZON:** Morgenzon, Arnot/Hendrina, Hoëveldrif, Standerton, Bethal Moedergemeente, Kriel, Vorentoe.

**NABOOMSPRUIT:** Naboomspruit, Warmbad, Waterberg, Koedoesrand, Ellisras, Vaalwater.

**NELSPRUIT:** Nelspruit, Barberton, Carolina, Witrivier, Lydenburg, Lebombo, Hoedspruit.

**POTGIETERSRUS:** Potgietersrus, Roedtan, Tuinplaas, Marble Hall, Groblersdal.

**ROODEPOORT:** Roodepoort, Carletonville, Randfontein, Johannesburg, Krugersdorp, Magaliesburg.

**NEWCASTLE:** Newcastle, Dundee/Glencoe, Vryheid, Utrecht.

**SUIDKUS:** Suidkus, Groter Durban, Hluhluwe, Zululand, Gelofte Pietermaritzburg, Richardsbaai.

**OUTJO:** Outjo, Keetmanshoop, Windhoek, Leonardville, Grootfontein, Gobabis, Welwitschia.

**BEAUFORT-WES:** Beaufort-Wes, Fraserburg, Aberdeen, Murraysburg, Heidelberg-Kaap.

(Heidelberg-Kaap is ‘n nuwe gemeente)

**CLANWILLIAM:** Clanwilliam, Namakwaland, Sutherland, Calvinia, Olifantsrivier, Hardeveld, Engeland en Wallis.

**DE AAR:** De Aar, Britstown, Carnarvon, Strydenburg, Prieska, Hanover, Vanwyksvlei.

**GORDONIA:** Groblershoop, Gordonia, Pofadder, Kakamas.

**KIMBERLEY:** Vaalharts, Douglas, Kimberley, Reivilo, Barkly-Wes, Christiana, Griekwastad, Orania, Hopetown, Kimberley-Die Kruis.

**OLIFANTSHOEK:** Olifantshoek, Kathu, Kuruman, Postmasburg.

**RIVERSDAL:** Riversdal, George, Oudtshoorn, Mosselbaai, Albertinia, Brakrivier, Knysna.

**SOMERSET-OOS:** Somerset-Oos, Port Elizabeth, Uitenhage, Kareedouw, Jeffreysbaai, Grens.

(Grens oorgebring vanaf Ring van Steynsburg)

**STELLENBOSCH:** Stellenbosch-Somerset-Strand, Hugenote-vallei, Tygerberg, Piketberg, Worcester, Robertson, Weskus, Gansbaai.

**STEYNSBURG:** Steynsburg, Barkly-Oos, Jamestown, Tarkastad.

**VEREENIGING:** Heidelberg, Nigel, Balfour, Meyerton, Greylingstad, Vereeniging, Vanderbijlpark, Zoar.

(Die Ringe van Vereeniging en Heidelberg smelt saam. Aangesien die AP Kerk Vereeniging vóór die AP Kerk Heidelberg gestig is, staan die nuwe Ring bekend as die Ring van Vereniging.)

## 139 DERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM 3)

(Bylae 10 – Handelinge bl. 310)

Die verslag word deur ds. A Boshoff jr. (Viljoenskroon) voorgehou.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem.

2. **AANBEVELINGS: Die volgende verslag word soos gewysig deur die Sinode goedgekeur en aan die media vrygestel.**

**2.1 Die Sinode het klem gelê op die kosbaarheid van argiefstukke en 'n beroep gedoen op gemeentes om dit te bewaar. Daar is ook op gepaste wyse meelewing betoon met die naasbestaandes van 9 leraars wat sedert die vorige Sinode oorlede is.**

**2.2 Die Sinode beskou die jeug steeds as kosbaar en moedig kerkrade aan om ouers te wys op hulle verbondsplig om kinders te onderrig, bloot te stel aan kerkkampe en 'n voorbeeld vir hulle te wees in Christelike lewenswandel.**

**2.3 Die Sinode het indringend bespreking gevoer oor die belangrikheid van skole waar die geloof in Christus nie bloot as versiering of aanhang-sel hanteer word nie, maar grondliggend die koers, etos en toonaard van die skool in al sy werksaamhede bepaal. Daar is kennis geneem van statistiek wat daarop dui dat kinders in Christenskole oor die algemeen veel eerder verbonde aan kerke na skoolloopbaan bly, as waar hulle aan publieke skole verbonde was. Die sinode het hierom opdrag gegee dat 'n professionele DVD gemaak moet word om die belang hiervan onder mense se aandag te bring. Die Sinode het ook opnuut sy gemeenskaplike oogpunte met die BCVO verklaar.**

**2.4 Die Sinode het professor JAE Adendorff geluk gewens met sy onlangse aanstelling as rektor van die Afrikaanse Protestantse Akademie. Ook professore J Bosman en SD Nel is geluk gewens met hul onlangse aanstellings by die AP Akademie. Sedert die vorige sinode is daar ook agt studente, wat by die AP Akademie studeer het, tot die bediening toegelaat en hulle is die seën van die Here toegebid.**

**2.5 Die verslag van die AP Akademie het vele harte warmer laat klop. Daar is tans 46 studente wat besig is om in die teologie te studeer. Toelating om tot op M-vlak in die teologie grade toe te ken, word in vooruitsig gestel. Daar word ook 'n BA-graad aangebied waar onderwysstudente kan inskryf vir drie jaar. Hierdie graad verleen aan studente toegang om slegs een jaar NGOS of H.O.D. – studie aan die Universiteit van Pretoria of die Universiteit van Suid-Afrika te voltooi ten einde 'n onderwyskwalifikasie te bekom wat toegang verleen tot onderwys in skole in Suid-Afrika.**

**2.6 Die voorstelle vir die hersiening van die verbondsonderrigleerplan is met groot entoesiasme ontvang. Gesinne gaan in hierdie leerplan nog meer betrek word om die doel van verbondsonderrig, in die vennootskap tussen huisgesin en kerk, te versterk. Die voorstelle het ook ten doel dat die meeste klasse met dieselfde werk op 'n bepaalde Sondag besig sal wees, hoewel met verskillende vlakke van diepgang. Ook die nuutste hulpmiddele soos DVD's wat saam met die werkboekies aan die kinders gegee word, word beplan. Die sinode het die basiese voorstelle goedgekeur en opdrag gegee dat die *ad hoc*-kommissie met gebruikmaking van opvoedkundiges/onderwyskundiges met die werk moet begin.**

## 140 VERKIESING: RAAD VAN DIE AP AKADEMIE

Die voorsitter versoek dat die vergadering vir vier persone vanuit die volgende genomineerdes stem:

| | |
|---|---|
| Oudl. DB Pretorius | Cullinan-Rayton |
| Oudl. JH du Plessis | Gordonia |
| Oudl. LG Dreyer | Pretoria-Oos |
| Oudl. AP Terblanche | Groblersdal |
| Oudl. HR Lemmer | Wonderboom |
| Oudl. L Minnaar | Meyerton |
| Oudl. JH Venter | Bethal Moedergemeente |
| Oudl. CC Visagie | Buhrmannsdrif |
| Oudl. GCD Stoltz | Rustenburg |
| Oudl. LA du Plessis | Louis-Trichardt |

Die voorsitter maak bekend dat die volgende ouderlinge op die Raad van die AP Akademie verkies is:

1. Primarii: Oudle. DB Pretorius, LG Dreyer, HR Lemmer, JH Venter.
2. Sekundi: Oudle. AP Terreblanche, L Minnaar, GCD Stoltz en LA du Plessis.

## 141 VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (TKKCE)

(Bylae 11 – Handelinge bl.)

Die verslag word voorgedra deur ds. WJA van Schalkwyk (Arnot/Hendrina).

**1. GEBED** – Kennis geneem.

**2. TEENWOORDIG** – Kennis geneem.

**3. AANBEVELING 4.7.3 NIE GOEDGEKEUR NIE**

Ou Bewoording:

... gekruisig, gestorwe en begrawe is en ter helle neergedaal het ...

Nuwe bewoording:

... gekruisig, gestorwe en begrawe is en *helse smarte deurgegaan het* ...

**VOORSTEL GOEDGEKEUR**

**Die saak word verwys na die KKCE om die vertaling en alle ander sake wat die belydenis "ter helle neergedaal het" raak, te ondersoek en aan die volgende sinode verslag te gee.**

**Drr. JH Breytenbach; JJ de Bruyn**

Ds. DJ Malan teken sy teenstem aan.

**4. AANBEVELING 4.5.2 SOOS GEWYSIG GOED-GEKEUR**

**Die Sinode besluit dat:**

**4.1 ongedoopte kinders wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, op versoek van die ouers wat lidmate is, ná 'n doopgesprek met die ouers en kind(ers), gedoop mag word. Die formulier vir die kinderdoop word gebruik;**

**4.2 kinders wat reeds die ouderdom van die voorbelydenisklas bereik het, moet verkieslik eers ná belydenisaflegging gedoop word;**

**4.3 indien daar egter by die kind openlike verset teen enige punt van die belydenis van die kerk is of 'n afstootlike lewenswandel, word volgens die besluit van die Ouderlingeraad gehandel;**

**4.4 indien albei ouers onder sensuur is, mag die doop van hulle kind nie toegestaan word nie; sou een ouer nie onder sensuur wees nie, word die doop toegelaat en mag net daardie ouer by die doop die vrae van die Formulier vir die doop van kinders beantwoord en**

**4.5 sodanige doop net aangevra kan word deur die ouers of wettige voog(de) van die kind, of deur een van daardie ouers.**

**5. AANBEVELING SOOS GEWYSIG GOEDGEKEUR**

**Die Sinode besluit om aanbeveling 4.5.2 agter in die Kerkordeboekie op te neem.**

**6. AFSLUITING** – kennis geneem.

## 142 VERKIESING: LEDE VAN DIE GKK

Die volgende lede is genomineer waaruit vier vir die GKK gekies moet word:

| | |
|---|---|
| Oudl. L Ankiewicz | Greylingstad |
| Oudl. CH Bester | Trans-Magalies |
| Oudl. MJ de Villiers | Coligny |
| Oudl. LA du Plessis | Louis Trichardt |
| Oudl. DT Fourie | Germiston |
| Oudl. DM Koekemoer | Kleinfontein |
| Oudl. HR Lemmer | Wonderboom |
| Oudl. JHC Lordan | Louis Trichardt |
| Oudl. L Minnaar | Meyerton |
| Oudl. SH Nel | Standerton |
| Oudl. DS Pienaar | Potgietersrus |
| Oudl. GCD Stoltz | Rustenburg |
| Oud. PH van der Linde | Witbank |
| Oudl. PR Vermeulen | Kimberley |

Die voorsitter versoek die vergadering om vir vier van die genomineerdes te stem.

## 143 TEETYD

Die vergadering verdaag vir tee om 10:30.

# VIERDE SITTINGSDAG - DONDERDAG 2 SEPTEMBER 2010

## TWEEDE SESSIE: NA TEETYD TOT MIDDAGETE

Ds. AS Kruger (Ellisras) lei die samesang.

**144 VIERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV 4)**

Ds. MR Burger (Waterberg) hou die verslag voor.

**VERLOFAANSOEKE GOEDGEKEUR**

| Naam | Gemeente | Datum Sept. | Tyd |
|---|---|---|---|
| Oudl. CD Serfontein | | 02 | 11:30 tot einde |
| Oudl. E Serfontein | Oudtshoorn | 02 | 11:30 tot einde |
| Oudl. DS. van Wyk | Arnot/ Hendrina | 02 | Heeldag |
| Oudl. JA Schlebusch | Bloemfontein | 02 | 14:00 tot einde |
| Ds. AC Jordaan | Lichtenburg | 02 | Heeldag |
| Oudl. MB Schutte | Hopetown | 02 | 11:00-16:00 |

**145 APPÈLLE** (Sakelys bl. 167, Handelinge bl. 266 - 267)

**Die Sinode keur dit goed dat die besluite oor die appèlle onmiddellik van krag is.**

**146 VERKIESING GKK LEDE (vervolg)**

Die volgende broeders is tydens die eerste stemming tot die GKK verkies: Oudle. SH Nel, L Minnaar en HR Lemmer. Daar moet weer gestem word vir een persoon tussen: Oudle. CH Bester, LA du Plessis en DT Fourie.

**147 VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES (TKK)** (Bylae 16 – Handelinge bl. 316)

Die verslag word voorgedra deur prof. SD Nel.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem
2. **OPDRAG** – Kennis geneem

**3. AANBEVELING SOOS GEWYSIG GOEDGEKEUR:**

**Die onderstaande kommissies word soos volg saamgestel:**

**3.1 SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Prof. IA Brink (sameroeper) | Prof. SD Nel |
| Prof. JAE Adendorff | Ds. IP du Preez |
| Ds. HSW Strauss | Prof. J Bosman |
| Ds. PJ Möller | |
| Ds. A Boshoff (jr.) | |
| Ds. A Hough | |

**3.2 KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. OG van Rooyen (sameroeper) | Ds. HJ Kok |
| Ds. JL Schütte | Ds. MA Buys |
| Ds. PJ Möller | Oudl. MB Schutte |
| Ds. WJA van Schalkwyk | |
| Ds. WJ Malan | |
| Dr. JH Breytenbach | |

**3.3 KURATORIUM (KUR)**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. MJ Hartzenberg (Sameroeper) | Ds. GCD Stoltz |
| Ds. IP du Preez | Ds. AP Boshoff |
| Prof. SD Nel | Ds. L Lubbe |
| Prof. GDS Smit | |
| Dr. TM Snyman | |
| Dr. JJ de Bruyn | |
| Ds. A Boshoff (jr.) | |
| Ds. CR Vermaak | |
| Ds. WA Burger | |
| Ds. MJ Burger | |
| Ds. WJA van Schalkwyk | |

**3.4 KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV)**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. HSW Strauss (sameroeper) | Ds. W van Zyl |
| Ds. CR Vermaak | Ds. A van Zyl |
| Ds. JB Trollip | Ds. NJ Swart |
| Ds. L Lubbe | **Adviseur:** |
| Ds. AC Jordaan | Prof. J Bosman |
| Ds. SA Roets (jr.) | |

**3.5 KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIEK (KFL)**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. JC Gericke (sameroeper) | Ds. GJ Kruger |
| Ds. LE Prinsloo | Ds. JH Bischoff |
| Ds. H Scherman | Ds. H Warnich |

**3.6 KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE)**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Dr. JH Breytenbach (sameroeper) | Dr. JJ de Bruyn |
| Dr. TM Snyman | Dr. EM Viljoen |
| Ds. BR Torlage | Ds. LA Wiid |
| Ds. MJL Jordaan | |
| Ds. PS Krige | |

**3.7 KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO)**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. JB Trollip (Sameroeper) | Ds. WJA van Schalkwyk |
| Ds. MJL Jordaan | Ds. HLJ Erasmus |
| Ds. PG Stans | |
| Ds. SA Roets (sr.) | |
| Ds. MA Buys | |
| Ds. A van Zyl | |

**3.8 PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. IP du Preez (sameroeper) | Ds. RJ Pretorius |
| Ds. AP Boshoff | Ds. AS van Staden (jr.) |
| Ds. LD Greyling | Dr. TM Snyman |
| Ds. WA Burger (jr.) | |
| Ds. MR Burger | |
| Prof. GDS Smit | |
| Ds. CA Swanepoel (*ex officio*) | |

**3.9 KOMMISSIE VIR KERKARGIEF (KKa)**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. LD Greyling (Sameroeper) | Ds. JA Jacobs |
| Ds. WJ van der Westhuizen | Dr. HM Grobler |
| Ds. JCG Janse van Vuuren | |
| Ds. AS van Staden (sr.) (*ex officio*) | |

**3.10 *AD-HOC* KOMMISSIE VIR VERBONDSONDERRIG-HANDBOEKE**

**Primarii:**
Ds. CA Swanepoel
Ds. A Hough
Prof. JAE Adendorff
Prof. J Bosman

**VERTEENWOORDIGERS VAN STREEKRADE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA**

**Die onderstaande verteenwoordigers soos gewysig word goedgekeur:**

**SUID-STREEK (KAAPSTAD)**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. LA Wiid | Dr. JH Ellis |
| Oudl. LP Vos | Oudl. H d W Lategan |

**NOORD-KAAP**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. GCD Stoltz | Ds. SA Roets (sr.) |
| Oudl. JN Ras | Oudl. JFL Kalp |

**PORT ELIZABETH**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. LD Greyling | Ds. JF van der Merwe |
| Oudl. LE Retief | Oudl. AGS Gous |

**BLOEMFONTEIN**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. BR Torlage | Ds. JA Jacobs |
| Oudl. GJ Oberholtzer | Oudl. LA Greeff |

**DURBAN**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. HB van Rooyen | Ds. CJ Janse van Rensburg |
| Oudl. CJH le Roux | Oudl. W Needham |

**JOHANNESBURG**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. JCG Janse van Vuuren | Ds. AJ Kruger |
| Oudl. BC Horn | Oudl. L Minnaar |

**WES-TRANSVAAL**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. JC Gericke | Ds. OG van Rooyen |
| Oudl. GL Kruger | Oudl. J Kasselman |

**OOS-TRANSVAAL**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. WJA van Schalkwyk | Ds. HSW Strauss |
| Oudl. TJ de Bruyn | Oudl. GJ van Niekerk |

**NOORD-TRANSVAAL**

| Primarii: | Sekundi: |
|---|---|
| Ds. H Scherman | Ds. P Janse van Rensburg |
| Oudl. AJ de Lange | Oudl. W Becker |

### 148 VERKIESING GKK LEDE (vervolg)

Die voorsitter vra dat daar gestem word tussen oudle. LA du Plessis en DT Fourie om 'n tweetal te bepaal.

### 149 TWEEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS 2)

(Bylae 13 – Handelinge bl. 312)

(Die eerste verslag van die TKKS is nie ter tafel geneem nie)

Ds. OG van Rooyen dra die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem

2. **OPDRAG** – Kennis geneem

3. **AANBEVELING GOEDGEKEUR**

**Die kommissies se aanbeveling is as volg:**

**Die woorde: "met in agneming van Bep. 18" word bygevoeg by Bep. 37A2.2**

### 150 DERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS 3)

(Bylae 14 – Handelinge bl. 313)

Ds. OG van Rooyen dra die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem.

2. **OPDRAG** – Kennis geneem.

3. **AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

   **Die Kommissie se aanbeveling is as volg:**

   **Die Sinode keur goed dat die bewoording soos voorgestel deur die 12e KKS t.o.v. Art. 4.4 onveranderd gelaat word.**

4. **MOTIVERING** – Kennis geneem.

## 151 VERKIESING GKK LEDE (vervolg)

Die voorsitter vra dat daar gestem word tussen oudle. CH Bester en DT Fourie.

## 152 REVISIES

1. **SKK verslag, punt 22.2.1** (Sakelys bl 6; Handelinge bl 231)

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en Pk. om dit te hersien. Kerkrade het die geleentheid om voorstelle in te dien voor einde Januarie 2011. Die finale hersiene weergawe moet weer aan die sinode voorgelê word vir finale goedkeuring.**

**Dr. JJ de Bruyn; ds. PS Krige**

2. **SKK verslag, punt 22.3.2** (Sakelys bl 6; Handelinge bl 231)

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode benoem die SKK en die Pk. om *Skriflig op Kerk en Volk* te hersien. Ander kundiges mag gekoöpteer word. Die hersiene weergawe van die publikasie moet eers weer aan die sinode voorgelê word vir goedkeuring.**

**Dr. JJ de Bruyn; ds. PS Krige**

3. **GKK verslag, punt 4.11.1** (Sakelys bl 49, Handelinge bl 237)

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode keur aanbeveling 4.11.1 goed.**

**Ds. MJ Hartzenberg; prof. GDS Smit**

**Op grond van die revisievoorstel op 4.11.1 wat goedgekeur is, word 4.11.2 in die GKK verslag ook goedgekeur.**

4. **GKK verslag, punt 18.2.1** (Sakelys bl 53, Handelinge bl 242)

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat die AP Kerk Engeland en Wallis in die plek van die vereiste 15%-oorbetaling jaarliks `n donasie sal maak aan een of meer van die fondse binne die kerkverband, in soverre daar uitvoering gegee word aan die heersende wetgewing in die Verenigde Koninkryk.**

**Di. JL Schütte; CR Vermaak**

5. **KKS verslag, punt 5.7.2** (Sakelys bl 163, Handelinge bl 265)

**VERSOEK TOT REVISIE GOEDGEKEUR:**

**Besluit waaroor revisie versoek word:**

**Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Roodepoort goed.**

**<u>Motivering</u>:**

**Daar is `n hele aantal sake in die beskrywingspunt wat nie deeglik deurdink is nie en wat ook in stryd is met die gereformeerde kerkreg. Die goedkeuring sal byvoorbeeld behels dat daar appelle na ringe gestuur word oor besluite van diakonievergaderings. Verder ~~is~~ bepaal die goedgekeurde wysiging dat "die appellant(e) by die behandeling en besluit van die vergadering verskoon (word). Die afgevaardigdes van daardie kerkraad, behou sittingsreg." Dit is in stryd met al die ander besluite rakende die suiwering van vergaderings.**

**Ek versoek dus dat die besluit om die beskrywingspunt te aanvaar herroep word aangesien dit ongeldig en in stryd met ander dele van die kerkorde is.**

**Ds. JL Schütte; prof. GDS Smit**

**VOORSTEL GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van die ring van Roodepoort terug te verwys na die KKS.**

**Ds. JL Schütte; prof. GDS Smit**

## 153 UITSLAG VAN GKK STEMMING

1. Primarii: Oudle. HR Lemmer, L Minnaar, SH Nel en DT Fourie

2. Sekundi: Oudle. CH Bester, LA du Plessis, DS Pienaar

## 154 MOSIES GOEDGEKEUR

1. **MOSIE VAN TOEPASSING OP SAKELYS pt. 3, bl. 45.**

**Na aanleiding van verskeie verslae wat voor die sinode gedien het en waarin uitdrukking soos vetes, onderlinge verskille en geskille tussen lidmate, kerkrade, ouderlingrade en lidmate voorkom, doen die sinode 'n dringende beroep op alle gemeentes in die kerkverband om ons ernstig hieroor voor die Here te verootmoedig sodat opregte liefde en vergewingsgesindheid kan toeneem en sodat daar 'n kragtige getuienis na die wêreld sal uitgaan dat Joh. 13:34-35 'n deurleefde werklikheid geword het.**

**Ds. DJ Malan; dr. WA Burger**

2. **MOSIE VAN DANK: APK WONDERBOOM**

   1. **Die Kerkraad van die AP Kerk Wonderboom bedank die sinode vir die deurkollekte ten bedrae van R2 791.55 wat ingesamel is vir die behoeftige volksgenote wat vir die duur van die sinode in diens was by die kerk.**

   2. **Die Kerkraad van die AP Kerk Wonderboom vra die AP Kerke se volgehoue voorbidding en ondersteuning om die armblanke probleem in en om ons dorpe en stede aan te spreek.**

**3. Die Kerkraad doen 'n beroep op ander AP Kerke en hul lidmate om ernstig te oorweeg om self van volkseie arbeid gebruik te maak om so die armblanke vraagstuk te probeer verlig.**

**Prof. GDS Smit; oudl. JPT Simpson**

### 155 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings en verwelkom die verteenwoordigers van die Bybelgenootskap, te wete di. G Kritzinger (Uitvoerende Hoof) en KD Papp (Organiserende Sekretaris).

### 156 TAFELGEBED

Ds. NJ Swart (Middelburg) doen die tafelgebed en die vergadering verdaag vir middagete om 12:19.

# VIERDE SITTINGSDAG - DONDERDAG 2 SEPTEMBER 2010

## DERDE SESSIE: NA MIDDAGETE TOT AFSLUITING VAN DIE SINODE

Ds. GJ Kruger (Louis Trichardt) lei die samesang.

### 157 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

### 158 VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) [vervolg] (Sakelys bl 7)

Die verslag word voorgehou deur prof. SD Nel.

**24. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA** (Kyk Bylae SKK 7)

Ds. Kritzinger vra om verskoning vir die feit dat hulle laat is. Hulle vliegtuig was vertraag. Hy behartig die verslag van die Bybelgenootskap en oorhandig ook 'n kopie van die *Bybel vir Almal* aan die voorsitter. Die voorsitter gee geleentheid vir vrae aan die Bybelgenootskap.

**MOSIE GOEDGEKEUR:**

**Onderstaande mosie is van toepassing op pt. 2.3 bl. 18 Bybelgenootskap (Bylae SKK 7)**

**Die Sinode vra die Bybelgenootskap om ook duisende Bybels – genoem Uitreik-Bybels – in Afrikaans te druk om te voorsien vir duisende verarmde Afrikaners.**

**Ds. CJJ van Rensburg; oudl. C Bezuidenhout**

**MOSIE GOEDGEKEUR:**

**Onderstaande mosie is van toepassing op pt. 3.2 bl. 19 Bybelgenootskap (Bylae SKK 7)**

**Die Sinode versoek die Bybelgenootskap om nie "Hardloop vir Bybels" – Marathon wat op 'n Sondag is, te propageer en aan te moedig nie.**

**Ds. CJJ van Rensburg; oudl. C Bezuidenhout**

**AANBEVELINGS SOOS GEWYSIG GOEDGEKEUR:**

**24.1 Die vergadering neem met instemming kennis van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap word opnuut verseker van die AP Kerk se voorbidding en ondersteuning.**

**24.2 Dank word uitgespreek teenoor alle gemeentes, gemeentelike instansies, sake-ondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.**

**24.3 Kerkrade word versoek om plaaslike boekwinkels aan te moedig om Bybels van die Bybelgenootskap in voorraad te hou en om toe te sien dat Bybels by gemeentelike kolporteurs beskikbaar is.**

**24.4 Kerkrade word versoek om elke jaar, voor die einde van Desember, die bedrag wat die Bybelgenootskap benodig om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel (R33.00 vir 2010), per lidmaat aan die Bybelgenootskap oor te betaal.**

**24.5 Die <u>Sustersaksie</u>, Verbondsonderrig, sake-ondernemings en individue word aangemoedig om by te dra vir Bybelverspreiding.**

**24.6.1 Gemeentes word aangemoedig om promosiemateriaal wat gratis op aanvraag by die Bybelgenootskap beskikbaar is, as hulpmiddels te gebruik om die Bybelgenootskap bekend te stel en fondse daarvoor in te samel.**

**24.7 Die Sinode besluit <u>dat die GKK lid word</u> van die Bybelgenootskap Art. 21-Maatskappy en om deur die streeksverteenwoordigers op die Bybelgenootskap verteenwoordig te word.**

Na afhandeling van die verslag spreek ds. Papp die Sinode toe. Daarna kry ds. A Boshoff die geleentheid om die verteenwoordigers van die Bybelgenootskap te bedank.

### 159 AANKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele aankondigings.

### 160 DERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR NOTULE (TKN 3)

Die vergadering keur dit goed dat die notule van die derde dag saam met die vierde dag se notule deur die SKK goedgekeur sal word.

### 161 KONSTITUERING VAN PERMANENTE KOMMISSIES

Die voorsitter gee geleentheid vir die permanente kommissies om te konstitueer.

**Sentrale Kerkekommissie (SKK)**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Prof. IA Brink |
| Ondervoorsitter: | Prof. JAE Adendorff |
| Skriba: | Ds. HSW Strauss |
| GKK verteenwoordiger: | Ds. PJ Möller |

**Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS)**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Ds. JL Schütte |
| Ondervoorsitter: | Ds. OG van Rooyen |
| Skriba: | Ds. WJA van Schalkwyk |
| GKK verteenwoordiger: | Ds. JL Schütte |

**Kuratorium (KUR)**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Ds. MJ Hartzenberg |
| Ondervoorsitter: | Ds. IP du Preez |
| Skriba: | Prof. SD Nel |

**Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig (KJV)**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Ds. CR Vermaak |
| Ondervoorsitter: | Ds. HSW Strauss |
| Skriba: | Ds. SA Roets (jr.) |

**Kommissie vir Formuliere en Liturgiek (KFL)**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Ds. H Scherman |
| Ondervoorsitter: | Ds. JC Gericke |
| Skriba: | Ds. LE Prinsloo |

**Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE)**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Dr. TM Snyman |
| Ondervoorsitter: | Dr. JH Breytenbach |
| Skriba: | Ds. PS Krige |

**Kommissie vir Onderwys en Opleiding (KOO)**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Ds. JB Trollip |
| Ondervoorsitter: | Ds. PG Stans |
| Skriba: | Ds. SA Roets (sr.) |

**Publikasiekommissie (Pk.)**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Ds. IP du Preez |
| Ondervoorsitter: | Ds. AP Boshoff |
| Skriba: | Ds. CA Swanepoel |

**Kommissie vir Kerkargief (Kka)**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Ds. LD Greyling |
| Ondervoorsitter: | Ds. WJ van der Westhuizen |
| Skriba: | Ds. AS van Staden sr. |

**Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK)**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Prof. JAE Adendorff |
| Ondervoorsitter: | Oudl. DT Fourie |
| Skriba: | Mnr. LJ Korkie |

## 162 VYFDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV 5)

**VERLOFAANSOEKE GOEDGEKEUR**

| Naam | Gemeente | Datum Sept. | Tyd |
|---|---|---|---|
| Ds. LA Wiid | Hugenote-Vallei | 02 | 12:00 |
| Ds. AE van den Berg | Parys | 02 | 14:00 |
| Oudl. W Pienaar | Parys | 02 | 14:00 |
| Oudl. CF. Holder | Greylingstad | 02 | 11:00 |
| Ds. JA Jacobs | Bainsvlei | 02 | 13:00 |
| Oudl. LA Greeff | Bainsvlei | 02 | 13:00 |
| Oudl. PG Wiid | Bainsvlei | 02 | 13:00 |

## 163 CENSURA MORUM

Geleentheid word gegee.

## 164 MOSIES

Daar word ‘n beroep gedoen om verblyf te verskaf aan emeriti. Dit sluit aan by die mosie ingedien deur ds. GCD Stoltz.

## 165 DANKBETUIGINGS

(Bylae 17 – Handelinge bl. 318)

Die ondervoorsitter, prof. R Marè, behartig die bedankings.

## 166 AFSLUITING

1. Die voorsitter, prof. IA Brink, neem die afsluiting waar.
2. Hy lees Mk. 13:1-13.
3. Hy moedig die Sinode aan om nie moedeloos te raak a.g.v. die omstandighede in ons land nie. Dit moet eerder vir ons ‘n oproep wees om die suiwer Evangelie steeds met volharding en ywer te verkondig. Die einde is naby en daarom durf ons nie nalaat om hierdie boodskap te laat weerklink nie. Die einde kom!
4. Die Sinode sing Psalm 40:1 en 2
5. Die voorsitter sluit af met ‘n gebed.

Hiermee is die Dertiende Sinode van die AP Kerk afgehandel en verdaag die Sinode.

# BYLAE 1 – OPENINGSREDE DS. MJ HARTZENBERG (OUDTSHOORN)

## (Kyk Handelinge bl. 225)

1. Gebed om seën: Ons bid dat genade en vrede vir ons vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! (2 Petr. 1:2)

2. Lofsang: Ps. 18 : 1, 14

3. Skriflesing: Openb 5 : 8-14 ; 4 : 8, 9

4. Woordverkonding/Prediking:

**Mag ons dieselfde eer aan Hom gee as hulle in die hemel.**

Ons bid: laat U wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde, .... Hoe lyk dit daar waar Sy wil wel geskied? Johannes kon iets daarvan sien en deur wat hy geskryf het, kan ons ook iets daarvan sien.

Ons sien die troon en Hom wat daarop sit. Rondom die troon is daar vier-en-twintig trone en vier-en-twintig ouderlinge wat daarop sit. Tussen hulle en die troon is daar vier lewende wesens en die Lam. Sonder ophou bring hierdie wesens eer en lof aan Hom wat op die troon sit.

Elke keer as die vier lewende wesens Hom wat op die troon sit eer en verheerlik en loof, dan val die vier-en-twintig ouderlinge in aanbidding voor Hom neer. Hulle aanbid Hom en gooi hulle goue trone voor Hom en bring aan Hom eer. Hierdie vier-en-twintig ouderlinge is hemelse wesens en simboliseer die hele volk van die Here, van Adam tot vandag. Hulle trone en krone wys op hulle leierskap.

Die leiers aanbid Hom wat op die troon sit, die Vader. Hy het hulle gekies en aangewys. Hulle het hulle gesag van Hom ontvang, maar gedurig sit hulle die simbool van hulle gesag neer voor, Hom die Groot gesagdraer.

Broeders professore, mede broeders predikante en broeders ouderlinge, ons is hier omdat ons deur ons kerkrade, onder die leiding van die Heilige Gees, gekies is - om hierdie vergadering te hou. Ons kom saam besluit wat die wil van die Here vir ons is en hoe ons dit gaan uitvoer. In die hemel buig almal voor Hom en die ouderlinge sê sonder ophou: die gesag wat ons het, is aan U onderworpe, al die eer en heerlikheid en mag is Uwe. Mag dit elkeen van ons se gebed en strewe wees om in afhanklikheid van Hom so te handel tydens hierdie vergadering.

Ons het nie die aangrypende verhaaltjie van Hom op die troon met die goed verseëlde boekrol in sy regterhand gelees nie. ’n Sterk engel roep die versoek uit dat iemand wat waardig is, die seëls kom open, om so die verseëlde plan vir dit wat moet kom te open, maar daar is niemand nie. Johannes begin huil, maar een van die ouderlinge troos hom deur te wys op die Leeu uit die stam van Juda wat wel waardig is. Hy sien voor die troon tussen die lewende wesens en die troon ’n Lam asof geslag en as hy die boekrol vat dan begin die vier-en-twintig ouderlinge ’n nuwe lied sing en die lied sê : U is waardig om die seëls te breek, want U is geslag en het ons vir God met U bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie. Die waardigheid van die Lam, Jesus Christus, is nie geleë in sy krag of rykdom of wysheid of sterkte nie, maar in sy slagting. Dit sluit die nuwe lewe oop, dit raak die lewe van elke sondaar, maar open die weg na die ewige heerlikheid vir die gelowige. Blaise Pascal tref die volgende vergelyking : *Soos Adam was Jesus ook in ’n tuin. Adam het homself en die hele menslike geslag in die paradystuin prysgegee aan die verderf, Jesus het in ’n tuin van pyn die hele menslike geslag gered, en Homself prysgegee.* Die oorwinning word nie op ’n slagveld behaal nie, maar by die slagplek, Golgota (Jan du Rand: *Die A-Z van Openbaring* bl. 258)

’n Bekende feit in die krygskunde is dat dit makliker is om grond te verower as om grond te behou. Jesus Christus het die oorwinning behaal, die grond is verower! Hoe word dit behou? In die hemel bemerk Johannes ’n ontelbare skare engele. So ver as wat sy oë kon sien was daar engele, wat hard en duidelik sê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof. In die hemel onderstreep ’n ontelbare skare dat die dood van die Lam die oorwinning oor die duiwel is. Die oorwinning word gehandhaaf deur die ontelbare skare wat die eer aan Hom op die troon en die Lam gee.

Hierdie lofrede is egter nie beperk tot die hemel nie, want die hele skepping sê: aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe lof, eer, heerlikheid en krag vir altyd. Alles en almal bring lof en eer.

Kom ons doen dit met ons stemme en ons liedere, kom ons doen dit met ons gesindheid en optrede tydens die vergadering.

5. Gebed

6. Lofsang as antwoord: Ges. 25 : 1, 3, 4

# BYLAE 2 – GROETEBOODSKAPPE

## (Kyk Handelinge bl. 225)

**1. VANAF DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE OVS**

Geagte Sinodegangers

Ons groet u met Paulus se woorde aan Timótheüs: *Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here* (1 Tim. 1:2).

U sinodesitting vind in uitdagende tye plaas; tye wat vra dat die lig van die evangelie van Jesus Christus helder sal skyn.

Dit is juis **in tye soos hierdie** waar die kerk geleentheid kry om haar profetiese stem helder te laat hoor. Ons is baie bewus van die intense emosies wat in ons lidmate leef. Dit sluit emosies van seer, onsekerheid, bitterheid en selfs woede in. Ons kan so maklik toelaat dat ons omstandighede ons lewe sodanig beïnvloed dat ons nie meer die hoop wat in die evangelie opgesluit lê, raaksien nie en as ons die hoop nie meer kan raaksien nie, kan ons dit ook nie bring nie. Hoop is miskien die grootste anker wat mense nou nodig het.

Dit is juis **vir tye soos hierdie** dat die Here sy kerk roep om 'n positiewe verskil te maak; dat sy kerk die instrument sal wees wat duidelike leiding gee ten opsigte van waardes, verhoudings, uitdagings, hoop, troos en dies meer. Sy kerk moet ook die instrument wees wat gelowiges sal hoor, verstaan en op 'n sensitiewe wyse sal begelei ooreenkomstig die evangelie.

Dit is juis **in tye soos hierdie** waar die Here Jesus se kinders na medegelowiges in alle denominasies sal uitreik. Die tyd noop ons om die eenheid onder Christengelowiges meer as ooit tevore na te jaag en te bewaar. Mag die groot waarhede wat ons aan mekaar verbind, ons ook nader aan mekaar bring. Ons het mekaar nodig.

Ons bid u 'n geseënde sinodesitting toe. Ons bid dat die Heilige Gees u duidelik sal lei om **in 'n tyd soos hierdie** die kerk te wees wat Hy wil hê u moet wees.

Dr. Pieter van Jaarsveld

Voorsitter van die Moderamen: NG Kerk Vrystaat.

**2. VANAF DIE KONFERENSIE VAN GEREFOR-MEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geagte broers,

Namens die Konferensie van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word u 'n geseënde vergadering toegebid. Dit is ons bede dat die Here u sal seën en toerus om tot sy eer te bespreek, te besluit en te handel. Mag Hy deur sy Gees aan u wysheid, insig, onderskeidingsvermoë, geloofsmoed en alles wat nodig is skenk om in alles sy wil te soek en te doen sodat die Sinode 2010 tot opbou van die AP Kerke en tot uitbreiding van die koninkryk van God in Suid-Afrika kan dien.

Groete in Christus,

Ds. Hendrik Hefer

(Sekretaris).

**3. VANAF DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Wanneer ons as gelowiges en kerkgemeenskappe met mekaar kontak maak, mekaar in die oë kyk en mekaar groet, doen ons dit met die heerlike wete dat ons almal deur Jesus Christus aan God behoort. Ons almal het die evangelie van ons verlossing gehoor, tot geloof gekom, deel geword van die volk van God en deel in die genade wat God ons gee. Daarom kan ons mekaar groet met die woorde van Filippense 1: *Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!*

As Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het ons die afgelope tyd die genade-krag van die Here beleef met die saamkom van al die kerke uit die verskillende kultuurgroepe in ons land in een sinode. Ons kon beleef hoe die Gees in staat was om mure tussen gelowiges af te breek en ons belydenis aangaande die kerk werklikheid te maak. Ja, ons kon opnuut en op besondere wyse beleef dat daar net een liggaam, een Gees, een hoop, een Here, een geloof, een doop en een God en Vader van almal is! Hiervoor dank ons, ons Here!

Maar juis hierdie krag van die Gees spoor ons aan om in ons verhouding met u as kerkgemeenskap ywerig te soek na samewerking en die uitbou van ons saamleef met mekaar. Tydens ons gesprekke met mekaar as kerkgemeenskappe het ons al in 2005 as vertrekpunt gestel dat ons graag veel meer wil hande vat … om waar nodig gesamentlik te getuig en waar moontlik, saam te werk. Hierdie saamleef met mekaar kom natuurlik heel eerste plaaslik na vore waar kerke binne dieselfde omgewing mekaar opsoek, versterk en bystaan. Daarom bid ons dat hierdie plaaslike samewerking mag groei. Ons saamleef met mekaar kom egter ook na vore in ons indringende gesprekke met mekaar as kerkgemeenskappe. Hier is dit noodsaaklik dat ons met groter dringendheid ernstig sal strewe om die eenheid wat die Gees tussen ons gesmee het, te bewaar (Efés. 4:3).

As gelowiges wat in Suid-Afrika in 2010 leef, staan ons voor besondere uitdagings. Enersyds het ons die verantwoordelikheid om vanuit die heerlike waarheid van Jesus Christus vaste hoop te bedien aan 'n gemeenskap waarin onsekerheid en wanhoop al meer na vore kom. Andersyds behoort ons die genesende liefde van Christus daadwerklik uit te leef in 'n getraumatiseerde samelewing wat al meer die gebrokenheid van ons as mense daadwerklik vertoon met konflik, geweld, misdaad, siekte en armoede wat hoogty vier. Juis daarom is dit so 'n voorreg om as kerkgemeenskappe mekaar se hande te kan sterk en mekaar se denke te kan bevrug sodat ons saam vanuit die Skrif op hierdie uitdagings kan antwoord … ter wille van die Koning van die kerk … en die wêreld!

As kerkgemeenskap kom u in hierdie dae in Sinode bymekaar om vanuit die Woord deeglik te besin rondom u roeping. Mag ons Here u die wysheid gee om te kan onderskei waarop dit aankom. Mag u ook beleef dat die Gees u kragtig maak om met u vergadering die evangelie van genade te bedien.

As GKSA bid ons dat die genade van ons Here Jesus Christus by u mag wees!

Ds. Pieter Kurpershoek

(Voorsitter: Deputate Ekumeniese Sake: Binnelands).

## BYLAE 3 – SANGFEESPROGRAM
**(Kyk Handelinge bl. 225)**



## OPENING VAN DIE DERTIENDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTE KERK

Ons gebed is:
"Laat die lied wat ons bied, opstyg na u woning – wonderbare Koning!"

***

U word vriendelik versoek
om u selfone af te skakel.

***

Geen items of sang word aangekondig nie,
maar verloop volgens die program.

***

Daar word staande aan die sang
deelgeneem, tensy anders vermeld.

***

Begeleiding geskied met groot
dankbaarheid soos volg:

***

Orreliste en Pianiste: **Devereaux van der Hoven**
Violis: **Bambie Heiberg**
Trompetter: **Herrie Venter**
Doedelsakspeler: **Liam O'Flaherty**
Saamgestelde koor uit verskeie AP Kerke,
o.l.v. **Annami Bruwer**

Orrel-, viool- en trompetvoorspel

Verwelkoming **_Prof. IA Brink_**

Voorlees van groeteboodskappe **_Ds. A Hough_**

Solo: Viool **_Spreek, Heer_**

Seëngroetbede

Gemeente (sittende) **_Gesang 397_**

Amen, amen, amen.

Voorlesing

Lofsang **_Psalm 18:1, 14_**

Ek het U hartlik lief, o HEER!
U is my sterkte en verweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk,
my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil,
my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil,
by wie ek vas en veilig skuil.

Gods weg is gans volmaak soos Hy,
sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal.
Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou.
Want wie's daar buiten U, o HEER!
U is die Rots, geen ander meer,
op wie ons altyd weer kan bou.

Skriflesing **_Openbaring 5:1 – 14; 4:8,9_**
Prediking en gebed **_Ds. MJ Hartzenberg_**

Gemeente **_Gesang 318:1, 2, 3_**

Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U, Pottebakker, met my, die klei.
Vorm my en maak my volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig stil.
Leer my u wil, Heer, u plan vir my;
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:
As ek dan swak is, maak U my sterk.
U gee u gawes net soos U wil;
almal is diensbaar, elk met verskil.
Vul met u Gees my, breekbare kruik,
dat U my oral nuttig gebruik.

Voorlesing

Gemeente **_Gesang 95_**
Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
dié wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die bose.
Van U is die ryk, en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen.
Vir ewig en ewig, amen.

Voorlesing **_Psalm 119:63 (berymd)_**

Solo: Doedelsak ***Genade, onbeskryflik groot***

Gemeente …… ***Gesang 295***

Genade, onbeskryflik groot
het U aan my bewys:
verlore seun – 'n wegloopkind –
weer in die vaderhuis.
Maar U sien ver, oneindig ver.
U sien my honger, dors.
Nog voordat ek kon skuld bely,
druk U my aan die bors.
Genade, onbeskryflik groot –
daar's fees, ek is weer tuis.
U Seun bring my – verlore mens –
weer in die vaderhuis.

Voorlesing

Koor ***Loof Hom met die tromme***

Loof Hom met die tromme,
loof Hom met die harp,
loof Hom met die klinkende simbale.
Alles wat asem het – loof, loof die Heer!
Prys Hom met jul stemme,
Prys Hom uit die hart.
Prys Hom in die hemel en op aarde.
Alles wat asem het – loof, loof die Heer!

Voorlesing

Koor en gemeente ***Gesang 45***

<u>Koor</u>:
Loof die Heer, Hy is goed, loof sy heilige Naam;
laat alles in die groot heelal die Here loof.
Ek wil die Here loof,
loof met my hele hart.
Hy gee hul wat roep, weer nuwe krag.

<u>Gemeente</u>:
Hy't my sonde vergeef en Hy maak my sy kind –
laat alles in die groot heelal die Here loof.
<u>Broeders</u>: Ek wil die Here loof,
<u>Susters</u>: **Ek wil die Here loof,**
<u>Broeders</u>: loof met my hele hart,
<u>Susters</u>: **loof met my hele hart.**
<u>Almal</u>: Hy gee hul wat roep, weer nuwe krag.

<u>Gemeente</u>:
Loof, o hemel, die Heer, al die engele saam –
laat alles in die groot heelal die Here loof.
<u>Broeders</u>: Ek wil die Here loof,
<u>Susters</u>: **Ek wil die Here loof,**
<u>Broeders</u>: loof met my hele hart,
<u>Susters</u>: **loof met my hele hart.**
<u>Almal</u>: Hy gee hul wat roep, weer nuwe krag.

Voorlesing

Koor ***Loof God!***

Loof God, loof sy Naam alom!
Loof Hom in sy heiligdom!
Loof, die Heer se grote mag
in die hemel van sy krag!
Loof God, loof die Heer se grote mag!
Loof met basuingeklank!
Gee Hom eer, bewys Hom dank!
Loof Hom met die harp en luit,
met die trom en met die fluit!

Lof, eer sing ons voor God,
Bron van alle lewe,
Die Vader, Seun en Heil'ge Gees,
almagtig en verhewe.
Ons loof u troue Heer,
God, so hoog verhewe!
Alles moet U almag loof
wat in die skepping lewe!
Halleluja! Halleluja!
Loof met basuingeklank!

Loof God, loof sy Naam alom!
Loof Hom in sy heiligdom!
Loof, die Heer se grote mag
in die hemel van sy krag!
Loof God, loof die Heer se grote mag!
Ons loof U troue Heer,
God so hoog verhewe!
U grote Naam is hoog verhewe!

Laat ons almal sing tot die Ere-koning!
Hy het by ons op aard' gelewe en gely,
nou is Hy by die Vader
waar Hy vir ons plek berei.
Weer kom Hy met die wolke as regter,
en alom roep Hy uit alle volke
sy volk tot eiendom. Amen!

Voorlesing

Gemeente ***Psalm 33:1, 11***

Sing vrolik, hef die stem na bowe
regverdiges, verhef die HEER!

Dit pas opregtes God te lowe
en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – stem van sterk verlange
om die HEER te dank –
by die smeltend skone harp- en sitertone
liefde, lof verklank!

In God, dié God wat ons beveilig,
voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig,
vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, hoor ons as ons nader
met 'n diep onsag;
slaan ons gunstig gade, skenk ons u genade
as ons op U wag!

Hallelujakoor ***Handel***

Voorlesing

Koor ***Maak ope die poorte en deure wyd!***

Maak ope die poorte en deure wyd!
O Sion, hef 'n lofsang aan!
Dank God vir al sy wonderdade!
Vir al sy goedertierenheid!
Elk wat Hom vrees en hulde bring,
kom juig en roem Gods majesteit.
Geloofd sy God, roem sy gena', Halleluja!

Maak ope die poorte en deure wyd!
O Sion, stad van onse God,
Vir u beskik hy hierdie lot,
Hy stel u tot sy lof op aarde.
Maak dan sy Naam alom bekend.
Kom prys die Heer en sing verblyd.
Geloofd sy God roem sy gena', Halleluja!

Voorlesing

Gemeente ***Gesang 238:1, 2, 3***

Hemelse Vader, ons bring U eer –
U wat u skepping met wysheid regeer.
Groot is u almag, liefde en trou.
Ons eer u goedheid; op U kan ons bou.
Ons eer u goedheid; op U kan ons bou.

Christus, Verlosser, ons bring U eer –
U daal uit liefde as Middelaar neer.
U gee u lewe; U maak ons vry.
Dankbaar kom ons nou onsself aan U wy.
Dankbaar kom ons nou onsself aan U wy.

Heilige Gees, aan U al die eer –
U wat gelowiges lei en wil leer.
Rig ons gedagtes, heers oor ons hart.
Gee ons u vrede, en troos in ons smart.
Gee ons u vrede, en troos in ons smart.

Voorlesing

Koor ***Here God van liefde***

Here God van liefde, waar ons ook mag gaan,
wil ons in u skadu by U staan.
Hoor ons dankgebede, hoor ons loflied styg
as ons aan U ons dank betuig.
Here, u genade het ons hier behou,
in u hand van liefde vasgehou.
Moet nooit van ons wyk nie,
skenk aan ons u seën – Here laat ons nooit alleen.
Heer Jesus laat ons nooit alleen,
ons wil vir ewig op u almag steun;
want elke knie sal buig en elke hart sal juig,
Here Jesus, neem ons bede aan.

Orrel en Doedelsak ***Highland Cathedral***

Gemeente ***Gesang 105:1, 2, 3***

Lei ons Here, groot en magtig,

U alleen ons hulp en krag.
As die nag se kleed ons sluier,
bly ons steeds u heil verwag.
Ons Bevryder, ons Bevryder,
U, die God van ons behoud –
U, die God van ons behoud.

Lei, ons Here, groot en magtig
U alleen ons sorg en stut.
As die toekoms ons bekommer,
sal U, Here, ons beskut.
Ons beskermer, ons Beskermer,
U, die God wat ons behoed –
U, die God wat ons behoed.

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons borg en steun.
As die donker ons laat steier,
vind ons rus by U alleen.
Ons Bewaker, ons Bewaker,
U, die God wat ons bewaar –
U, die God wat ons bewaar.

# BYLAE 4 – EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG 1)

(Kyk Handelinge bl. 226)

1. PERSONEEL

Voorsitter: ds. PG Stans; skriba: ds. PS Steyn; lede: oudle. BJ Welthagen, JF Jacobs, LW Germishuys ds. W van Zyl.

2. OPDRAG

Die nagaan van geloofsbriewe en registrasie van afgevaardigdes. Registrasie vir konstituering het om 9:00 gesluit.

3. BEVINDING

Die volgende afgevaardigdes is teenwoordig vir konstituering volgens hulle geloofsbriewe.

| Titel | Naam | Van | Gemeente | Geregistreer |
|---|---|---|---|---|
| Oudl. | James Michael | Dwye | Albertinia | T |
| Ds. | Dewald Francois Marthinus | Cronjé | Albertinia | T |
| Oudl. | Matthys Johannes | de Koker | Alfa | T |
| Oudl. | Christiaan Joseph | Smith | Alfa | T |
| Ds. | Paul Lodewyk | Storm | Amajuba | T |
| Ds. | Willem Jacobus Albertus | van Schalkwyk | Arnot/Hendrina | T |
| Oudl. | Petrus Gideon | Wiid | Bainsvlei | T |
| Oudl. | Ludolph Andreas | Greeff | Bainsvlei | T |
| Ds. | Johannes Albrecht | Jacobs | Bainsvlei | T |
| Ds. | Johannes Meyer | Rheeder | Balfour | T |
| Ds. | Johan Hendrik | van Vuuren | Beaufort-Wes | T |
| Oudl. | John William | Bennett | Beaufort-Wes | T |
| Oudl. | Stefanus Albertus | Grobler | Belfast | T |
| Oudl. | Heinz Jochen Schulz | Fouché | Belfast | T |
| Oudl. | Stephanus Hermann | Schoeman | Benoni | T |
| Oudl. | Daniël | Jonker | Benoni | T |
| Ds. | Wickus Jordaan | Malan | Benoni | T |
| Oudl. | Jan Hendrik | Venter | Bethal Moedergemeente | T |
| Ds. | Nicolaas Jacobus | Groenewald | Bethlehem | T |
| Oudl. | Tom Philip | du Plessis | Bethlehem | T |
| Oudl. | Johan | Verdoes | Bethlehem | T |
| Oudl. | Willem Johannes | de Clerck | Bloemfontein | T |
| Oudl. | Jann | Schlebusch | Bloemfontein | T |
| Ds. | Bernard Rudolph | Torlage | Bloemfontein-Noord | T |
| Oudl. | Willem Hermanus | Liebenberg | Bloemfontein-Noord | |
| Oudl. | Gert Jacobus | Oberholzer | Bloemfontein-Noord | T |
| Oudl. | Hendrik Arnoldus Marthinus | Engelbrecht | Boshof | T |
| Oudl. | Paul Stephanus | van der Merwe | Bothaville | T |
| Ds. | Adriaan Stefanus | van Staden | Bothaville | T |
| Oudl. | Johannes Mattheus | Herselman | Brakpan | T |

| Titel | Naam | Van | Gemeente | Geregistreer |
|---|---|---|---|---|
| Oudl. | Johan | van Tonder | Brakpan | T |
| Ds. | Ignatius Petrus | du Preez | Brakpan | T |
| Oudl. | Ivor Humphrey | Tait | Brakrivier | T |
| Oudl. | Dirk Cornelis | Human | Brandfort | T |
| Ds. | Johannes Dewald | van der Merwe | Brandfort | T |
| Oudl. | Phillippus Albertus | von Wielligh | Brits | T |
| Ds. | Dawid Engelbert | Pretorius | Brits | T |
| Oudl. | Gerrit Lourens | Maritz | Brits | T |
| Oudl. | Dawid Phillipus | Marais | Buhrmannsdrif | T |
| Oudl. | Carel Christiaan | Visagie | Buhrmannsdrif | T |
| Ds. | Phillip Albertus | Bredenhann | Buhrmannsdrif | T |
| Oudl. | Ulrick | van der Merwe | Carletonville | T |
| Ds. | Gideon Jozua | Hugo | Carolina | T |
| Oudl. | Willem Abraham | Edwards | Carolina | T |
| Oudl. | Adriaan Smuts | van Niekerk | Carolina | T |
| Oudl. | Philippus Rudolf de Wet | Marais | Clanwilliam | T |
| Ds. | Louis | Louw | Clocolan | T |
| Oudl. | Michiel van Breda | du Toit | Clocolan | T |
| Oudl. | Mattheus Johannes | de Villiers | Coligny | T |
| Oudl. | Wouter Peter | Hugo | Coligny | T |
| Ds. | Joseph Jacobus | de Bruyn | Coligny | T |
| Oudl. | Daniel Barend | Pretorius | Cullinan-Rayton | T |
| Oudl. | Adriaan Marthinus | Appelgryn | Cullinan-Rayton | T |
| Ds. | Jurie Johannes | Venter | Cullinan-Rayton | T |
| Ds. | Frandu Schreumar | Marais | De Aar | T |
| Oudl. | Johan Andries | Havemann | Delareyville | T |
| Oudl. | Jacob Jacobus | Swanepoel | Delareyville | T |
| Ds. | Albertus Johannes | Kruger | Delmas | T |
| Oudl. | Hendrik Andries | Dercksen | Delmas | T |
| Ds. | Petrus | Janse van Rensburg | Dendron | T |
| Oudl. | Johannes Hendrik | Harmse | Derby | T |
| Oudl. | Jacob Jacobus | Visagie | Derby | T |
| Prof. Dr. | Roelof | Marè | Derby | T |
| Dr. | Jacobus Philippus | Bezuidenhout | Dewetsdorp | T |
| Oudl. | Carel Frederick | Bezuidenhout | Dundee/Glencoe | T |
